DIE RUITER IN DIE NAG

MIKRO

R20

DIE
RUITER IN DIE NAG

Deur

MIKRO

Twaalfde Druk

NASIONALE BOEKHANDEL BEPERK

Kaapstad Bloemfontein Johannesburg

VOORWOORD

Met hierdie werk wil ons geen aanspraak maak op geskiedkundige juistheid of letterkundige mooi-skrywery nie. As iemand wat baie met kinders te doen kry en wat baie belang in hulle stel, weet ons dat hulle baie van avontuurlike verhale hou, en so wil ons ook graag ons deeltjie bydra. „Die Ruiter in die Nag" is bloot 'n verhaal bedoel vir die jeug en tog nie vir letterkundige fynproewers nie.

Al die name van persone in hierdie verhaal is denkbeeldig en het hoegenaamd geen betrekking op geskiedkundige figure of ander mense nie.

DIE SKRYWER.

Kuilsrivier,
6.6.36.

Hoofstuk I

Oom Lodewyk van Renen en sy vrou, tant Sarie, lê al 'n geruime tyd, hoewel oom Lodewyk nog nie aan slaap dink nie. Tant Sarie se hart is ook maar beklem, daar sy gans en al nie gewoon is aan oorlog nie. In die afgelope twee maande egter is hier by hulle in die Kaapkolonie Boere-kommando's ; ja, 'n maand gelede het die Engelse en die Boere selfs slaags geraak, en dit omtrent maar vyf myl van hul plaas, Geelslang. Van toe af skrik tant Sarie partykeer snags vroeg wakker en kan dan nie weer slaap nie, dis al vir haar of sy die Longtoms hoor skiet. Kommandant Verster het tog gelukkig nou meer in Stilhoek se rigting getrek, meer na Swartfonteinberg se kant toe. As daar Boere by hulle aan huis kom, het sy 'n vreeslike angs dat daar ook Engelse mag kom of miskien andersom.

Dis 'n doodstil nag in November 1900. Die nag-geluide is daar, maar dis geluide waaraan hulle gewoon is en daarom is dit of hulle die stilte net nog groter maak. Jan van Renen, oom Lodewyk se seun, lê in die buite-kamer en kan ook nie slaap nie. Sal hy nie een nag hier opstaan, 'n perd vat en die Boere-kommando's gaan opsoek nie? Sy moeder sal haar hart net breek, anders het hy dit seker al gedoen. Van sy bed af kan hy 'n groot stuk van die werf en ook 'n deel van die tuin sien. Melkwit lê die werf in die maanlig en hier aan die kant, naby die tuindraad, val die skaduwees van die ry peer-bome en Jan dink aan die skaduwees as wagte in die nag. Skielik val daar 'n skaduwee op die stoep reg voor sy kamer, hy hoor 'n sagte voetstap en so geheim-sinnig is dit alles dat sy hart meteens in sy keel klop.

Haastig sit hy regop in sy bed en gee 'n sug van verligting toe Willemien, sy suster, in sy kamerdeur verskyn.

„Willemien, jy het my vreeslik laat skrik. Wat is dit?"

„Sjt! Jan, kom saggies saam met my sodat Ma ons nie hoor nie. Ek wil jou iets wys. Kom!"

Jan trek hom haastig aan en 'n paar minute later is hy by Willemien wat hom om die huis lei.

„Jan, ek wil jou vanaand ook die Ruiter in die Nag wys. Jy het mos gister gesê dis sommer my verbeelding en dat ek sommer gesigte sien. Hoe laat kan dit nou wees?"

Jan kyk op na die hemel. Volgens die ligging van die melkweg skat hy dat dit amper middernag kan wees.

„Dan hoef ons nie meer lank te wag nie. Hou daardie blou koppie net goed in die oog."

Suidoos van hul woning is so 'n alleenstaande, blou gruis-koppie na aan die leegte en hul huis. Willemien het die vorige nag wag gehou, die Ruiter in die Nag daar gewaar, maar die ander wou haar nie glo nie. Die gerug gaan die afgelope paar weke rond dat 'n geheimsinnige ruiter dán hier, dán daar gesien is, maar meeste mense het gedink dis Kleurlingstories en daar nie aan geglo nie. Willemien het egter 'n avontuurlike gees, het altyd gehoop dat die gerug waar mag wees en toe uiteindelik werklik die Ruiter gesien.

Agter die huis staan hulle nou in die maanlig en wag. Wie kan die Ruiter wees? 'n Boere-rapportryer, of miskien 'n Engelse spioen? Sou dit die nag wees of net hul verbeelding, maar ná sy en Jan vyf minute lank daar gestaan het, kom daar 'n onbeskryflik vreemde gevoel by hulle op asof iewers in die nag magte aan werk is wat vir die mense-oog onsigbaar is, en maar net gevoel

kan word. Ver na die noorde hoor Jan 'n jakkals tjank en dit selfs is vir hom op die oomblik vreemd en geheimsinnig. Die maan staan soos 'n wagter in die nag, bleek en kil, en maar aldeur hou die twee die koppie dop.

Terwyl hulle so staan en kyk en wonder of die Ruiter in die Nag ooit sy verskyning gaan maak, is hy reeds daar op die koppie. Jan kan sweer dat hy niemand daar sien uitry het nie, die een oomblik nog die koppie alleen gesien het, en skielik sonder die minste waarskuwing is hy daar asof hy uit die niet verskyn het.

Willemien gryp Jan aan die arm. „Kyk daar, Jan. Sien jy hom ook? Die Ruiter in die Nag! Dis die Ruiter in die Nag en niemand anders nie."

Vir die oomblik is Jan bly dat hy vannag nie hier buite in die nag alleen is nie. Sonder asem te haal, bly hulle na die koppie en staar. Perd en man is soos een, hulle staan dwars, dus kan die twee hulle taamlik duidelik in die maanlig sien. Dán is dit of die ruiter hom oplig, moontlik om in die rondte te kyk, dán weer sak hy en voordat die wagters weet wat gebeur, is hy weer in die nag verdwyn.

„Ek verstaan dit nie, Jan. Iemand menslik kan nie so gou kom en verdwyn nie."

„Ou sus, maar jy gaan tog nie só bygelowig wees om te dink dis 'n onnatuurlike verskynsel nie. Kom ons gaan slaap."

Die Ruiter, want dit is maar iemand van vlees en bloed, verdwyn in die rigting van die Swartfonteinberg. Ingedagte ry hy vanaand. Hy wonder hoe lank kommandant Verster nog wil hê dat hy met die komediespel moet aanhou voordat hy hom mannewerk gaan gee. Byna elke nag word hy aangesê om dán hier, dán daar naby 'n plaas te verskyn, doodstil op sy perd te sit en

net so skielik te verdwyn. Dit het al by hom 'n kuns geword, want as hy eers laag buk oor die saal en nes hy op 'n rantjie is skielik regop sit, lyk dit of hy uit die niet te voorskyn gekom het. Kommandant Verster verseker hom egter dat daar baie werk vir hom voorlê en dat hierdie slegs maar 'n voorbereidende oefening is om hom in die nagtelike verkenningswerk in te lyf. Hy het die belofte gekry dat hy hom vannag sal aansê watter werk vir hom wag.

Maar hy dink vanaand ook aan Willemien van Renen. Hulle twee, en baie van die ander jongmense hier, was vroeër op Stilhoek in ou meester Van Dam se skool en daar reeds was hy verlief op Willemien; maar hy is nog altyd so skaam van geaardheid dat hy haar nie durf vra nie. Albert Pretorius . . . Ja, Albert sal haar nog eendag vra, en ook kry, want hy is nie een wat lank sukkel nie.

Vonk, sy troue ryperd, galop maklik weg onder die man. Hy en sy perd ken elke duim van die grond hierlangs. Hy het niks persoonliks teen die Engelse nie, maar wens dat kommandant Verster hom mag geskik vind vir verkenningswerk. So mymer hy terwyl hy aanry na die Boerekamp aan die voet van die Swartfonteinberg. Later is hy die eerste en die tweede wag deur en meld hom dan by kommandant Verster se tent aan.

„Kommandant Verster verwag my," sê hy aan die wag by die tent.

„Ja," sê kommandant Verster, „jy kan maar inkom, Sarel. Wag, ek maak net lig. A! Naand, Sarel, of moet ek liewer sê, môre."

„Môre, Kommandant."

„Jy wil ligdag seker weer by jou huis wees, nè?"

„Ja, Kommandant."

„Dis vereers 'n gevaarlike speletjie en ons moet versigtig wees. Sit, Sarel. Ek gaan jou gebruik. Die speletjie is verby en jy gaan nou ernstige werk aanpak. Jy is al in die hele omgewing bekend as die Ruiter in die Nag. Net wat ek wou gehad het. Die Engelse sal dink jy is een van die burgers en nooit droom dat jy 'n Kolonialer is nie. Ons sal jou môre laat insweer. Van môrenag af begin jy met jou werk. Het jy 'n goeie wegsteekplek vir jou perd?"

„Ja, Kommandant, die Engelse sal hom nooit kry nie."

„Goed. Die eerste ding wat ek wil hê dat jy moet uitvind, is wie almal verkenners van kaptein Ricky hier op Stilhoek is. Vind vir ons uit wie die rapporte inbring en wanneer dit plaasvind."

„Ja, Kommandant."

„Jy is bekend met die omgewing hier en sal baiekeer handige inligting in die hande kry. Ek wil graag sulke nuus hê. Hou jou oë en jou ore oop. Jy het jou bevele nou, sorg dat jy dagbreek weer op die plaas is. Net so gou as dit te gevaarlik word, kan jy by die kommando kom aansluit, maar intussen wil ek hê jy moet onder jou mense rond wees. 'n Mens tel daar makliker nuus op . . ."

Dis met 'n lekker hart dat Sarel vroeg daardie môre afskeid neem van kommandant Verster en terugry na hul plaas.

Omtrent vier myl van die kommando af hou Sarel eers weer 'n slaggie stil om Vonk te laat rus. Ingedagte sit hy, maar nie vir lank nie, want iewers hoor hy 'n ruiter nader kom. Hy vermoed dat dit op die pad na Stilhoek is. Versigtig ry hy nader na die pad toe, wat nie meer as 'n duisend tree van hom af is nie. Aan 'n doringbos haak hy Vonk vas en steek hom teenaan

die pad agter 'n digte doringbos weg en wag die ruiter in. Al nader en nader kom hy. Sarel hou sy Martini Henri reg, want hy weet nie of dit vriend of vyand is nie. Sarel hoop en vertrou maar net dat die perd hom nie sal gewaar nie, want dan mag dit hom sy lewe kos.

Toe die ruiter naby hom is, ontval 'n woord van verbasing hom. Juis op dié oomblik snork die perd en vlieg so vinnig uit die pad uit dat die ruiter met moeite in die saal bly.

„Wie is daar?" klink dit benoud van die perd af.

„'n Vriend," en Sarel staan op agter die bos en kom nader, wetende dat dit baie veiliger sal wees.

„Sarel! Wat maak jy hier?"

„Ek kan jou dieselfde vraag stel, Albert."

„Ek? O, ek gaan sommer Stilhoek toe . . . om 'n bietjie medisyne te gaan haal."

„In die nag?"

„Jy ry ook in die nag rond en miskien nie eens met so 'n goeie verskoning as ek nie. Sê nou die Engelse wagte vang jou. Waar kom jy nou vandaan?"

„Van Berghoek," is al wat Sarel sê. Soos dit is, moes hy oor Berghoek om terug na hul plaas, Draaikolk, te gaan, maar hy dink aan kommandant Verster se woorde en meen dat dit raadsaam sal wees om niks verder te sê nie. Hy en Albert is al kennisse van hul kinderdae, hoewel hy Albert nog nie as vriend aangeneem het nie, miskien omdat hy te veel by Willemien kuier.

„Ek is maar haastig, Sarel. Goeienag."

„Wag eers, Albert. Wie is dan siek?"

„Siek? O ja . . . Nee, Ma voel nie alte lekker nie. Goeienag."

„Nag, Albert."

Maar dit hinder Sarel. Wat gaan Albert Pretorius in die nag op Stilhoek soek? Dan dink hy aan oom Klaas Pretorius, die warme Boerevriend, en Albert se pa en hy verwyt homself dat hy sulke gedagtes by hom laat opkom. Wat dink Albert miskien nie weer van hom nie? Gou het hy Albert egter vergeet en ry op die plek af waar hy Vonk gedurende die dag wegsteek. Hy is nie van plan dat kaptein Ricky sy troue ou Vonk sal kommandeer nie. Hier aan die voet van 'n hoë kop en by 'n ou veepos sal hy Vonk ook nie lank kan hou nie, want die Engelse het 'n manier om sulke dinge baie gou uit te snuffel. Hier los hy Vonk, en stap verder aan huis toe. Toe die dag breek, lê hy al rustig en slaap in sy buitekamer op Draaikolk.

Miskien sou Sarel nie so gerus geslaap het nie as hy kon weet dat daar juis op dié oomblik 'n verkenner van kaptein Ricky vertrek na Spuitfontein, waar 'n afdeling van die Engelse mag is, met die rapport dàt 'n geheimsinnige ruiter al verskeie kere in Stilhoek se omtrek gesien is, en dat hulle vermoed dat hy 'n Kolonialer is. Die Engelse is van gedagte dat die geheimsinnige ruiter inligting aan die Boere verskaf en daarom moet hy gevang word al kos dit hulle 'n hele afdeling.

Hoofstuk II

Dis Kersfees 1900. Al die jongmense van die buurt is op oom Lodewyk van Renen se plaas, Geelslang, bymekaar. Die klomp wat vanmiddag hier bymekaar is, het almal saam opgegroei, saam skoolgegaan by ou meester Van Dam en verlede jaar weer by hom gekatkiseer. Willemien van Renen is die uitsoeknooi onder

die meisies van die buurt, 'n terggees, besonder aantreklik van geaardheid, 'n goeie ruiter en skut en ook die oogappel van oom Lodewyk. Albert Pretorius is ook vanmiddag hier. Die mense van die buurt neem aan dat hy by Willemien draai, hoewel Willemien nog nie haar hart aan enige jongkêrel gegee het nie.

Dis 'n lus om die klomp te hoor lag en gesels daar in die tuin onder die bome. Dis oorlog, ja, maar vanmiddag het hulle dit vir 'n oomblik vergeet, miskien omdat die distrik Stilhoek so afgeleë in die Karoo is en hulle dus net tyding van die oorlog kry as 'n veldslag al lankal verby is. Hulle het darem ook rede tot vreugde, want hulle kommando's het tot dusver glad nie sleg gevaar nie. Baie van die generaals se name is op almal se lippe vandag.

Albert vind Willemien baie verleidelik wanneer sy so vol lewe daar onder hulle beweeg. Sy is die grapmaker van die klomp, maar kan by tye darem doodernstig word, haar mond op 'n plooi trek en dan sal 'n jongkêrel dit nie waag om haar verder te pla nie.

Albert Pretorius droom net van die dag dat Willemien hom die jawoord gaan gee. Hy sal haar dan na Nouputs as sy bruid neem en daar sal sy alleenheerseres wees. Maar die oorlog het sy planne 'n bietjie vertraag, daar haar kop nou net vol is van die roemryke veldslae en die gevierde generaals.

Sarel Gereke van Draaihoek is vanmiddag ook hier. Meester Van Dam, wat nou op sy pa se plaas inwoon, het saam met hom oorgekom na Geelslang toe. Sarel was altyd maar 'n stil, ingetoë seun en baie skugter vir meisies. Dit het die mikpunt geword van Willemien se skerts. Miskien verstaan sy nie hierdie skugter jong man nie wat haar tog aanbid. Jan van Renen, Willemien se broer, en hy is groot vriende en dis Jan se stille hoop,

dat Sarel Gereke nog eendag sy swaer sal word. Maar 'n mens sal 'n skoot kruit onder Sarel aan brand moet steek om hom te laat wakker skrik.

Miskien het Sarel al wakker geskrik, want hy hou vanmiddag vir Willemien fyn dop in die hoop om haar alleen te kry. Dalk kry hy nie weer so 'n kans nie, besluit hy, en dit maak hom buitengewoon stil. Hy sou liewer in die bek van 'n kanon instap as om Willemien te vra.

Willemien is vir 'n heen-en-weertjie alleen huis toe. Dis nou sy kans, reken hy. Onopgemerk verdwyn hy onder die klomp en stap haastig al met die vyelaning langs om Willemien alleen te kry wanneer sy terugkom. By die laaste vyeboom, naby die tuinhekkie, gaan hy sit en wag. Hy sit sy woorde mooi agtermekaar.

„Willemien," sal hy dan sê, „ek het jou lief. Ons weet nie wanneer ons mekaar weer sien nie en daarom sê ek jou dit maar vandag. Jy hoef nie nou al vir my ja te sê nie, ek wil net hê jy moet dit weet en eendag sal ek my antwoord dan kom haal. Willemien . . . "

A, hier kom sy nou aangestap. Hoe moet hy nou weer begin? Wat wou hy nou weer sê? Hy is iemand met 'n sterk verbeeldingskrag en so wesenlik hoor hy hom die dinge sê, dat hy bloedrooi word.

„Sarel, en wat maak jy dan so alleen hier?"

„Willemien, wag, moenie nou teruggaan nie. Ek wil jou iets sê. Willemien, kyk . . . jy verstaan mos Willemien . . . Ek bedoel as jy geweet het . . . "

„Wat op aarde praat jy, Sarel?"

Juis toe kom Albert Pretorius aangestap. Hy het Sarel sien wegstap, wis dat Willemien huis toe is en prakseer toe dat hulle twee bymekaar is.

„En watter geheime het julle twee, Willemien? Kom ons gaan wewenaar speel. Willemien, jy kan my vrou,

wees. Die ander jongkêrels is almal al geholpe. Sarel, jy kan die wewenaar wees."

Skaars is die jong klomp aan speel of die gesprek begin oor die Ruiter in die Nag. Dis al wat hulle nou in die afgelope tyd oor gesels wanneer die jongmense bymekaar is. Wie en hoe die gesprek begin het, kon niemand juis sê nie.

„Ek wonder wie daardie Ruiter in die Nag is?" sê Willemien en sy kyk dromerig voor haar uit.

„Miskien 'n Engelse spioen," meen Schalk Stofberg.

„Nooit, net 'n Boer kan so op 'n perd sit," antwoord sy verdedigend.

„Wat, het jy hom dan al gesien, Willemien?" vra Lottie de Villiers nuuskierig.

Haastig dink Willemien nou. Sal sy hulle vertel? Wag, daar wil Jan, haar broer, nou praat. Toe hy na haar kant toe kyk, beduie sy hom om stil te bly. Wie weet, as die Ruiter 'n Boer is, kan sy sy lewe in gevaar bring deur nou onversigtig te praat. Nee, sy sal maar niks sê nie, maar 'n ander plan kom by haar op. Wag, sy moet Willem, Lottie se broer, tog alleen probeer kry . . . Ongeërg antwoord sy dan: „Nee, maar ou Booi vertel my dat hy hom al gesien het. Ou Booi sê dis net 'n Duusman wat so kan perdry . . . "

„Miskien is dit nog iemand wat ons ken," sê Sannie Stofberg.

Pieter Ulrig gee slaperig van dié kant af antwoord: „Ja, sê nou dis Sarel Gereke."

Toe lag die hele klomp. Reken 'n bietjie Sarel! Dis tog onmoontlik.

„Onthou julle nog die dag toe Sarel by die skool gehuil het oor 'n kat van sy ma wat doodgegaan het?" vra Albert Pretorius.

„Ja, meester Van Dam het hom nog dié dag 'n ander kat belowe."

Weer lag die hele klomp. Sarel is rooi van verleentheid, loer na Willemien om te sien of sy ook lag. Diep binne-in kry hy seer as hy sien dat sy dit ook snaaks vind. Maar Willemien het nog haar planne van netnou, maak gou 'n verskoning en vra Willem de Villiers om saam met haar huis toe te stap. Toe hulle alleen is, sê sy:

„Willem, ek wil jou 'n geheim vertel. Niemand mag daar ooit van weet nie. Ek vertel dit net vir jou omdat ek jou vertrou en wil hê jy moet my help."

„Is jy miskien verlief, Willemien? Ai, is ek tog nie die gelukkige kêrel nie! Glo my, ou sus, . . ."

„Willem, jy is al weer verspot. Ek is doodernstig. Het jy al die Ruiter in die Nag gesien?"

„Nee!" sê hy verbaas.

„Ek het hom al gesien, Willem."

„Wat! Wie is hy, Willemien?"

„Ek weet nie en seker ook niemand nie. Pappie dink hy is 'n Vrystater of Transvaler wat saam met die kommando's die Kolonie binnegetrek het en wat nou verkenningswerk doen."

„Hoe het jy hom te sien gekry?"

„Ek sal jou vertel, maar dan moet jy my help."

Toe vertel sy hom van die nag, nou 'n maand gelede, wat sy en Jan hom gesien het. „Willem, en verlede nag het ek hom weer gesien."

„Waar, Willemien?"

„Ek het in my kamer voor die venster gebly. Dit was weer maanlig nes daardie aand. Net omtrent middernag sien ek skielik die Ruiter op daardie koppie links anderkant ons huis. Bo teen die uitlug het hy lank op sy perd roerloos bly sit. Lank het hy oor die vlakte heen

sit en kyk, volgens ek kon uitmaak en net so skielik het hy weer verdwyn. Daardie ruiter is die Ruiter in die Nag."

„En ek het al die tyd gedink dis maar bruinmens-stories. Willemien, wie sou hy wees?"

„Ek dink hy is 'n Kolonialer. In elk geval, ek gaan uitvind wie hy is."

Willemien word meteens ernstig. Haar hart klop warm vir die Boere. Hier is Willem, Jan, haar broer, Pieter Ulrig, Sarel Gereke en Albert Pretorius, om net die paar in haar omtrek te neem, en hulle sit by hul pa's op die plaas terwyl die Boere van die Republieke swaar ly. Dit maak haar baie kwaad.

„Willem, daardie Ruiter noem ek 'n Boer. Dis 'n man daardie! Waarom sluit jy nie by die kommando aan nie?"

„Sjt! Willemien! Jy mag nie so praat nie, dis verraad. Sê nou iemand hoor jou!"

„Hoe kan dit verraad wees, as jy 'n Afrikaner is nes hulle. As jy jou broer help, hoe kan dit dan verraad wees?"

„Willemien, stil. Iemand mag jou hoor. Ons weet vandag nie meer wie vriend of vyand is nie."

„Ek is die vriend van my volk en almal kan dit maar weet. Ek is net so 'n vriend van my volk soos die Ruiter in die Nag. Ek weet. Ek het hom gisteraand mos weer gesien en net 'n Boer kan só op sy perd sit. O, om te dink dit kan dalk een van Stilhoek se Boerkêrels wees! Ek sê hy is 'n held. Willem, 'n held!"

Trots kyk sy Willem aan asof sy hom uitdaag om haar te weerspreek.

„Willem, ek gaan uitvind wie hy is."

„Jy, Willemien!"

„Ja, ek! En jy gaan my help, Willem. Luister hier

wat my plan is. Kom ons stap rivier se kant toe, daar sal niemand ons hoor nie . . .”

Dié agtermiddag toe Willem vir Willemien groet, sê sy nog weer saggies: „Onthou, Willem, vannag!”

* * * * *

Meester Van Dam en Sarel Gereke ry op hul gemak Draaikolk toe. Dit was ’n genoeglike agtermiddag vir hulle altwee. Sarel dink maar gedurig aan Willemien en meester Van Dam aan die jongmense hier in die buurt, wat almal by hom in die skool was voordat hy die skool opgegee het. Hy onthou hulle nog almal as kinders, hoewel party nou al manne van twintig en ouer is. Daardie dae het hy ’n aantekeningboek gehou waar al hul name in was en voorspellings wat hy dink hoe hulle eendag sou uitdraai. Nou dink hy aan Albert Pretorius en hy wonder of sy voorspelling raak is . . . Sarel, sy ou vriend se seun . . . Niemand weet van die boek nie, maar vir hom het dit baie waarde . . .

Soos hy hier ry, dink hy ook aan die Ruiter in dieNag. Hulle is nou in ’n sandleegtetjie en sal aanstons die berg vat, maar nou laat hulle eers hul perde blaas en gaan dan weer op ’n stappie aan. Daar is vanmiddag baie kwelgedagtes wat Sarel opdruk. Hy beskou Meester as sy pleegvader en wonder of hy nie nou sy hart sal uitpraat nie. Dan wonder hy weer of Vonk vandag goed versorg was.

„Meester?”

„Ja, Sarel?”

„Waarom is ons verplig om ons perde aan die Engelse te gee as hulle dit kommandeer?”

„Krygswet, ou seun.”

„Baie mense steek hul beste ryperde weg.”

„Hulle kan in die tronk kom as hulle betrap word.”

„As 'n mens byvoorbeeld 'n perd wegsteek, Meester . . . "

„'n Baie gevaarlike speletjie, Sarel. Solank as hulle jou nie vang nie, is dit goed."

Meester kyk na die jong man wat hy seker al tien jaar lank ken en darem nog nie ken nie. Hy dink aan sy aantekeningboek en wat daar naas Sarel se naam staan, jare gelede al voorspel. Baie dae dink hy dat hy miskien verkeerd was en ander dae weer dat hy bes moontlik 'n profeet kon gewees het. Sarel se gesig verraai egter niks nie, hy kyk dan ook maar net voor hom uit. Dis Meester wat weer die gesprek begin.

„Die Ruiter in die Nag, Sarel . . . "

„Ja, Meester?"

„Ek wonder wie hy kan wees?"

„Ja, ek wonder, Meester."

„'n Kolonialer seker."

„Miskien, Meester."

„'n Baie gewaagde speletjie."

„Waarom dan, Meester?"

„Hulle mag hom vang en as hy 'n Kolonialer is, sal hulle hom 'n koeël deur die kop jaag. Hy moet liewer by die kommando aansluit, dan sal hulle nog genadiger met hom werk en ook nie so maklik vang nie."

„Miskien vang hulle hom nie."

„Daar is vandag baie verraaiers onder ons Boere. 'n Paar van jou maats, wat saam met jou in my skool was, kan dalk nog eendag verraaiers word. 'n Mens weet nooit nie."

„Waarom sê Meester dit nou juis vir my?"

„Party mense dink dis een van Stilhoek se jongmense. As dit so is, ken jy hom dalk. Ek wens ek kon weet wie hy is, sodat ek hom vroegtydig kan waarsku. Hy is reeds té bekend. Een van die dae is die Engelse op sy

spoor en dan is dit klaar met hom. Dit sal baie jammer wees, want hy kan baie goeie dienste aan ons volk bewys as hy liewer by die kommando aansluit . . . ”

Sarel antwoord nie. As hy vanmiddag met Willemien kon gepraat het, sou hy die lewe en gevare kon trotseer. Nou is hy alleen met sy verlange . . .

Sarel gaan die aand in sy buitekamer lê, maar dink nie aan slaap nie. Daar wag nog werk vir hom vannag. Hy sal moet . . . Wat is dit? Het hy nie ’n voetstap gehoor nie? Doodstil lê hy en luister. Iets val hard op sy vloer en dan hoor hy iemand weghardloop. Dadelik is hy op en gaan by die deur luister. Ja, daar hoor hy perdepote klap en in die nag verdwyn. Toe alles weer stil is, trek hy ’n vuurhoutjie en kry ’n klip toegedraai in ’n stukkie papier. Hy steek sy vetkers op en lees:

„Party mense dink hulle weet wie die Ruiter in die Nag is.”

Sou dit ’n waarskuwing wees of ’n dreigement? Sarel lag onverskillig, gryp sy Martini Henri, blaas die lig uit en verdwyn in die nag.

Maar dis ’n vreemde waarskuwing van een of ander geheimsinnige persoon, want hoewel Sarel lank dié nag op die uitkyk gebly het, het hy niemand weer gewaar nie. Aan wie het hy die waarskuwing te danke . . . ? Hy is dankbaar, maar dit hinder hom tog.

Hoofstuk III

Willemien gaan onmiddellik ná die aandete na haar kamer toe. Sy sal maar lees om die tyd tot twaalfuur vannag om te kry. Sy soek vroeg haar kamer op sodat oom Lodewyk en tant Sarie nie gestoor word nie,

aangesien sy baie seker wil wees dat hulle vas slaap wanneer sy vannag met Kolbooi wegry. Kolbooi is haas nog die enigste perd wat hulle op die plaas het behalwe een ander, en hy is nie te geskik nie. Kolbooi is haar eie ryperd en hoewel al 'n bietjie oud, kan jy nie 'n trouer of geskikter ryperd kry as hy nie. Rusteloos gaan sy lê na sy haar eers uitgetrek het. Sal sy nie dalk aan slaap raak nie? Sy mag nie, nie vanaand nie! Binne hoor sy die horlosie tienuur slaan, dan halfelf en na eindelose wag tog elfuur. Sy begin lomerig voel, staan toe baie saggies op en trek haar weer aan. Toe, om die tyd te verdryf, begin sy aan die romantiese figuur wat hulle in die omtrek die Ruiter in die Nag noem, te dink. Sy wens dis een van haar vriende. As dit tog maar Albert . . . Warm gloei haar wange as sy aan hom dink. Ja, as hy die geheimsinnige ruiter is, sal sy hom liefhê; nie dat hy al ooit met haar oor liefde gesels het nie, maar sy het hom al lief van haar skooldae af daar by ou meester Van Dam in sy ou skooltjie op Stilhoek. Snaaks, sy kan Albert nie aldae peil nie. Wie dit ook al mag wees, sy het hom nou al lief. Sy is darem nie die enigste een wat die onbekende ruiter liefhet nie, want Sannie de Villiers het haar verseker dat sy hom ook liefhet en wat van die ander meisies in die buurt? Sy staan voor haar venster waar die koel aandwind teen haar gloeiende wange aanwaai. Gou druk sy haar hande teen haar bors by die gedagte dat sy vanaand die Ruiter in die Nag mag raakloop. Hy moet weet van haar aanbidding. Binne slaan die ou huisklok halftwaalf. Saggies skuif sy haar raam op, klim deur die venster en praat saggies met Wagter, hul huishond, want dié spring glad te lawaaierig teen haar op. Stil beduie sy hom om te gaan lê en sluip dan om na die stal toe waar Kolbooi al vroeg-aand opgesaal

staan. Toe sy sy naam sê, runnik hy en begin met sy kop teen haar aan te skuur.

„Kolbooi," sê sy sag toe sy haar arm om sy nek sit, „vanaand gaan ons twee die Ruiter in die Nag voorlê. Kolbooi, my ou perd, jy moenie vanaand sleg wees nie, want daar lê groot werk vir jou voor. Daardie Ruiter sal hom nie laat bespied nie. Kolbooi, vanaand sal jy moet hardloop soos nog nooit tevore nie. Jy en ek wil daardie geheim ken." Sy druk haar wang teen sy nek en so goed verstaan hy haar dat hy verwagtend snuif en met die voorpoot stamp. Sy lei hom uit die stal, maar nie voordat sy eers goed rondgekyk het nie. Daar kan darem maar iemand in die rondte wees en as sy gevang word, sal hulle wil weet waarheen sy gaan, veral noudat hier so baie kommando's van die Boere in die omtrek is. Sy mag nie gevang word nie. Eers lei sy Kolbooi 'n goeie duisend tree al in die hangetjies langs waar sy spore nie so kenbaar sal wees nie en klim toe op. Wanneer sy in die saal sit, sal enige kenner haar dadelik 'n goeie ruiter noem, so gemaklik sit sy, en toe Kolbooi op 'n galop trek, kon jy sien dat sy tuis voel in die saal.

Sy swaai dadelik links en gaan met die kloof langs die rug oor, want sy wil nie hê die plaasvolk moet haar sien nie. Hulle sal dan môre weer die storie versprei dat die Ruiter glad 'n vrou is, of bes moontlik dat hy hier op die werf was. Anderkant die kop hou sy 'n oomblikkie stil om te luister. Dis vir haar of sy in die noordelike rigting 'n ruiter hoor nader kom, maar nou is dit stil. Langs haar is die digte gannaleegte en die is so geheimsinnig en stil in die nag dat sy eintlik gril. Ander tye sal sy nie bang wees nie, maar daar mag mense in daardie leegte wees, miskien nog 'n hele troepemag, of sy mag daar in die leegte waardeur sy moet ry, op verkenners afkom. Weer luister sy. Kolbooi ruk ook nou

sy kop op en spits sy ore nes of hy 'n geluid gehoor het. Nee, dis maar seker haar oorspanne senuwees. Sy leun vooroor en praat sag met Kolbooi. Dit help baie, want dis of sy nou 'n maat by haar het, iemand wat die gevaar met haar deel. Sy gee Kolbooi weer die teuel en nader die gannaleegte versigtig. Toe sy die eerste gannabosse vat, trek sy weer op 'n galop, wetende dat daar gerusstelling is in so 'n vinnige beweging. Sonder iets agterdogtigs te gewaar is sy uiteindelik die leegte deur en peil sy na die koppie toe wat hier vlak voor haar lê. Sy is nou ver uit die rigting van waar die Ruiter gewoonlik kom, maar dis soos sy haar planne vandag agtermekaar gesit het. Een plek maak die rivier 'n draai om die blou koppie en net op dié plek is so baie sand en klippe weggespoel dat daar effens 'n krans gevorm is. Dis ook aan die rand van die leegte en hierheen stuur sy Kolbooi. Toe sy omtrent 'n vyfhonderd tree van die plek af is, hou sy stil en fluit saggies, maar tog hard genoeg om daar by die krans gehoor te word. Sy luister. Ja, daar is die antwoord en onmiddellik daarna verskyn 'n ruiter van onder die krans. Nou is sy glad nie meer onrustig nie. Vinnig trek sy Kolbooi op 'n galop en ry die ruiter tegemoet.

„A! Willem, ek was so bang jy sou my miskien in die steek laat. Het iemand jou sien gaan?"

„Niemand, Willemien."

„Is alles stil en veilig hier, Willem?"

„Ek gewaar nog niks nie."

„Luister nou. Ek wil hê jy moet al met die leegte ry tot jy bokant ons huis is en anderkant die loskoppie, waar ek die Ruiter gesien het, dan steek jy jou daar weg. Ek weer sal sorg dat ek aan die duskant van die koppie kom. As jy hom gewaar, volg hom. Miskien ry hy in my rigting en dan sal ek hom voorkeer. Daarna kom

ons weer hier bymekaar. Dis seker al halfeen. Ons moet nou elkeen sy eie koers gaan. Tot siens, Willem."

„Willemien, voor jy wil ry, wil ek jou eers my besluit sê. Môrenag gaan ek by een van ons kommando's aansluit. Ek gaan 'n man wees en nie meer 'n papbroek nie."

„Jy was nog nooit 'n papbroek nie, Willem. Tot siens, Willem."

„Tot siens, Willemientjie."

Dan verdwyn die twee ruiters in hul onderskeidelike rigtings. Willemien is eerste daar, trek Kolbooi onder 'n tamaai doringboom in en begin haar wag met kloppende hart. Sal sy vannag gelukkig genoeg wees om die geheimsinnige ruiter van naby te sien? As Willem tog maar maak soos sy gesê het. Maar Willem is die man waarvoor sy hom altyd aangesien het. Daar steek seker baie durf in hom. Sy hoop net nie hy het die besluit geneem met die bedoeling om haar verhouding teenoor hom te verander nie, want Willem is maar soos 'n broer vir haar en niks meer nie. Die Ruiter in die Nag! Wie kan dit wees? Iemand van haar eie kennisse? Sy hoop byna so, hoewel die romantiek van die saak dan miskien baie minder sal wees.

Sy sit nog so ingedagte toe Kolbooi skielik sy kop optel en sy ore vorentoe draai. Skaars vyftig tree voor haar verskyn 'n ruiter behoedsaam. Hy kyk aanhoudend terug net of hy bang is dat iemand hom kan agtervolg. Wie kan dit wees? Vriend of vyand? Moontlik die Ruiter in die Nag weer op spioenasie uit. Roerloos sit Willemien in die saal, elke spier gespanne en dis of Kolbooi hom reg hou om vinnig weg te spring as daar enige nodigheid voor is. Nader en nader kom die ruiter, maar nog net so behoedsaam, en op twintig tree afstand gewaar hy skielik vir Willemien. Vinnig ruk hy

sy perd om, maar dis reeds te laat, want daar roep Willemien hom al op sy naam.

„Albert, wag!”

„Willemien, wat maak jy so laat in die nag hier?”

„En jy?”

„Ek . . . ek . . . ”

Willemien is reeds by hom. Verruk en trots kyk sy hom aan. Hoe manlik lyk hy nie in die saal nie! Snaaks dat sy ook aan hom gedink het as die Ruiter in die Nag. Hy was vanmiddag die een wat nie ’n woord gerep het oor die geheimsinnige ruiter nie. Sy behoort toe te geweet het. Trots is sy daarop dat een van haar kennisse so ’n naam verwerf het, maar nie minder dat sy die eerste een is wat daarvan weet nie. Albert wat nooit vir geen ding of mens bang was nie, nou die skrik van die omgewing, want niemand weet of sy bedoeling vyandig of goed is nie.

„Jy hoef my nie te vertel nie, Albert! Ek het reeds geraai. Ek is trots op jou, Albert! Jy is mos die Ruiter in die Nag.”

„Maar, Willemien . . . ”

„Ek het besluit om nie te rus voordat ek weet wie die ruiter is nie.” Dan kom daar skielik ’n beklemmende gedagte by haar op. Kan sy nagtelike togte nie miskien iets gans anders beteken nie? Wie kan in hierdie troebele tyd sê wat so iets beteken? „Albert, jy . . . help jy die Boere, of . . . ?”

„Sjt, Willemien!”

Dis ’n baie onverwagte wending van sake hierdie. Hy moet haastig besluit, ’n besluit wat hom nie in die moeilikheid gaan beland nie. Kan hy Willemien vertrou? As sy dit aan ander gaan vertel, hoe gaan dit dan sy bewegings in die toekoms affekteer? Maar Willemien kan agterdogtig word as hy nie gou maak nie.

„Willemien, noudat jy weet, werp ek my op jou genade. Niemand mag hiervan weet nie, hoor."

Al wat Willemien kon sê met oë wat straal van trots is: „Die Ruiter in die Nag!"

„Sjt, Willemien!"

„Miskien kan ek jou nog eendag help. O, ek wens ek kan jou eendag help."

„Miskien kan jy nog eendag. Willemien, luister! Hoor jy nie perdepote klap nie? Luister!"

„Ja, maar dis seker Willem."

„Willem?"

„Ja, hy het ook gekom. Ons twee wou weet wie die Ruiter is."

„Dan moet ek nou gaan. Hy mag nie weet nie, hoor. Net jy en ek. As daar meer is, kan dit vir my baie onveilig wees . . . Willemien . . . "

Haastig beur hy sy perd tot teen Kolbooi aan, druk 'n soen teen Willemien se wang en voor sy 'n woord kon sê, verdwyn hy weer in die nag. Doodstil sit sy op Kolbooi, voel net verbysterd na haar wang wat nou warm gloei. Vér hoor sy die doef van perdepote en hier voor haar die harder geklap van Willem se perd se galop. Sy kan haar gevoelens nie ontleed nie. Een van Stilhoek se mans is die Ruiter in die Nag wat nou op elkeen se lippe is, maar meer, sy weet die geheim en voel so gelukkig omdat dit nou juis Albert is. Hoe vuriglik het sy nie al gewens dat dit Albert moet wees nie, met dié wens het sy vannag die donker in gewaag, en haar begeerte is vervul. Maar niemand mag dit weet nie. Dit sal te gevaarlik wees vir Albert. Sy sal nou snags aan haar held hier op die donker velde dink, saam met hom elke tree van die onsekere pad in haar verbeelding gaan, en haar liefde gaan hom beskerm. Niks mag hom oorval nie, of haar lewe sal so leeg wees.

Sy wens sy was 'n man, dan sou sy saam met hom die gevare trotseer . . . 'n Sagte gefluit links van haar laat haar opskrik uit haar drome. Sy beantwoord dit, want sy weet dit is Willem. Miskien het hy moeg geword van die wag, en buitendien is dit ook al tyd dat hy terug huis toe gaan.

„Willemien, ons moet gaan. As ons nog voor dagbreek by die huis wil wees, het ons nie meer tyd nie. Het jy iets gewaar?"

„Ja."

„Het jy weer die Ruiter gesien?"

„Ja."

„Waarom is jy dan so ingedagte, Willemien?"

„O, Willem, ek het hom gesien en met hom gepraat."

„Jy speel, Willemien!"

„Nee, regtig!"

„Wie is dit, Willemien?"

„Ek het hom belowe om niemand te sê nie. Hy het jou hoor kom en toe is hy weer weg."

„Willemien, as jy belowe het, sal jy seker nie vir my sê nie. Kom ons gaan dan maar huis toe. As dit so maklik is om uit te vind . . . "

„Wag, Willem. Belowe my dat jy nie in die nag hierheen sal kom om my geheim agter te kom nie."

„O, dis nou al jou geheim! Jy maak my regtig nuuskierig, Willemien."

„Belowe my, Willem."

„Ek belowe, Willemien. Kom, ons moet nou gaan. Dis nie meer as 'n uur voor dagbreek nie."

Stil ry hulle 'n entjie aan huis toe, maar voordat Willem afdraai na sy huis sê Willemien: „Ek wil hê jy moet my nog iets belowe, Willem. Ek het 'n voorgevoel dat jy my miskien kan help. Jy sê jy gaan môre-nag na ons kommando's?"

„Ja, Willemien."

„Miskien is hy eendag in gevaar en dan kan jy hom dalk help. Jy sal seker later weet wie hy is. Jy moet hom bystaan, Willem, . . . vir my ontwil."

„Dis nie nodig om dit te vra nie, Willemien. Hy is 'n Afrikaner en sal my hulp ongevraag kry."

„Dankie, Willem. Ek . . . ek is spyt, Willem."

„Waaroor, Willemien?"

„Dat ek jou nie mag sê wie hy is nie, maar dis nie my geheim alleen nie."

„Ek weet nou waarom, Willemien. Jy het die Ruiter in die Nag lief."

„Ja, maar hy weet dit nie."

„Hy is 'n gelukkige vent. Stilhoek se nôiens sal nog almal agter hom aan hardloop . . . Nag, Willemien. Jy is nou nie meer ver van jul huis af nie."

Op 'n harde galop ry Willem weg van haar. Nou gee hy nie meer om nie. As hy sy lewe in die oorlog moet verloor, sal dit ook nie meer so aaklig wees soos hy vanmôre gedink het nie. Hy sal Willemien se liefde tog nooit wen nie . . .

Lank nadat Sarel Albert sien wegja het, bly hy doodstil op Vonk, sy uithaler-ryperd, sit. Net so doodstil bly hy daar onder 'n ander doringboom toe Willem weer by Willemien kom. Hy sien hulle lank en ernstig gesels, maar weet nie waaroor hulle praat nie. Vannag het hy egter genoeg gesien om vas te besluit om hierdie nagtelike ritte van hom en Vonk te laat vaar en liewer by die kommando aan te sluit. Ja, hy sal kommandant Verster se raad maar volg en by hom aansluit, want daar sal hy nog net soveel vir hulle kan beteken as nou, en die kans om bespied of gevang te raak, sal net baie kleiner wees. Dis darem snaaks dat Willem en Willemien so in die nag rondry. Wat hy nie kan verstaan nie, is dat

hulle so maats is met Albert. Nagte hou hy al vir Albert dop en weet nou dat hy ook spioenasiewerk doen, maar nie vir die Boere nie, anders sal kommandant Verster hom ken of al van hom gepraat het. Kan dit wees dat Albert Pretorius 'n verraaier is? Waarom is die bewegings van die Engelse troepemagte hier rond sodanig asof hulle ook kennis dra van baie van die Boere se bewegings? Hy het kommandant Verster belowe om uit te vind, as hy kan, en hy voel nou taamlik seker dat die Engelse 'n Boere-verkenner het, iemand wat die mense hier in die omtrek baie goed ken en ook hul vertroue het. Verlede nag het hy Albert ook gesien en gister was 'n afdeling van die Engelse onder kaptein Little op Berghoek, oom Okkert de Villiers se plaas, en het al die koring wat oom Okkert weggesteek het, gebuit. Hy verwag dat oom Okkert de Villiers hieroor nog gedagvaar sal word. Dit lyk of die Boere hierlangs baie moeilikheid gaan hê.

'n Ander suspisie begin hom vannag ook hinder. Albert wil uitvind wie die Ruiter in die Nag is. Sou dit net blote nuuskierigheid wees, of het die Engelse hom aangesê om dit te wete te kom? Dis net 'n skone geluk dat hy vannag hier in die doringboomlaagte 'n ietsie voor Albert was. Toe kon hy spioeneer wat Albert maak, en die het vir twee, drie uur daar in die bos op die uitkyk gebly net asof hy iemand verwag. Sou hy geweet het van Willemien? Nee, seker nie, want sy verbasing was te groot toe hy op Willemien afkom. Nee, besluit Sarel, dis vir hom wat hy hier voorgelê het en nie vir Willemien nie. Hy wonder watter ekskuus hy gehad het toe hy op haar afkom? Nee, net môrenag gaan hy by Verster se kommando aansluit as die gevaar van ontdekking môre by die huis nie reeds te groot is nie. Wag, hy sal tog met meester daaroor gesels maar,

hom nie sê waarom hy by die kommando wil gaan aansluit nie.

„Vonk, nog net vir een dag sal ek jou wegsteek, en dan vat ons koers reguit na oubaas Verster toe. Vonk, ons twee sal glo maar vir Draaikolk mis. Miskien sien ons twee nie weer die ou plaas nie . . . Maar, Vonk, as kleinnôi Willemien maar net eendag kan weet dat ons twee ook iets vir ons volk wou doen! Kom, Vonk, daar breek die dag al."

Sarel Gereke gee Vonk, sy swart ryperd, die teuels na Draaikolk se kant toe. Gemaklik en regop sit Sarel in die saal. Met die troue Vonk as maat was hy onbewus die skrik van vriend en vyand vir die afgelope paar weke. Hy ry met 'n lekker hart aan, want môrenag kan hy kommandant Verster weer handige inligting bring. Niemand ken die omgewing hier so goed as hy nie en niemand het nog so 'n lekker ryperd oor soos sy troue ou Vonk nie.

Voor hy die môre insluimer, dink hy nog vir laas aan Willemien soos sy die dag met hom gespot het daar onder die vyelaning. Skielik sit hy weer regop in sy bed. Daardie waarskuwing van nou die aand . . . ! Sou dit Albert Pretorius wees? Is Albert 'n vriend of 'n vyand? Dan egter raak hy onbekommerd aan slaap.

Hoofstuk IV

In die afgelope paar dae het Sarel handige inligting in die hande gekry. Dis waar wat kommandant Verster gesê het. As 'n mens jou ore hier oophou en 'n bietjie rondkyk, kom jy op baie verdagte dinge af. Kyk net

wat nou die nag gebeur het . . . 'n mens sal Albert Pretorius moet dophou . . .

In die Engelse kamp weer is dit die Ruiter in die Nag wat hulle hoofbrekens gee. Generaal Maurice op Spuitfontein is daarvan oortuig dat hierdie Ruiter meer weet as die gewone burger of die boer op sy plaas. Hulle moet hom vang. Kaptein Ricky op Stilhoek sal nou sy laaste kans kry. Party van die gerugte oor die Ruiter is seker maar oordrewe, maar nietemin hulle sal hom moet vang. Hy is bedrywig in kaptein Ricky se afdeling en daarom word hy aangesê om alles in sy vermoë te doen om die Ruiter te vang.

Kaptein Ricky dink dis waar Albert Pretorius handig mag wees. Hy ken almal hier rond en sal hom seker die verdagte persoon kan aanwys. As hy nie die Ruiter binnekort kan vang nie, sal hulle hom terugroep. Dit het selfs kaptein Ricky laat wakker skrik, daarom is van sy manskappe taamlik bedrywig by nag, maar darem met die bevele om nie die Boeregesinne te molesteer nie, behalwe as hulle 'n sterk suspisie het. Albert Pretorius sal hulle help, en as hy enige handige inligting kan kry, sal kaptein Ricky baie bly wees.

Vannag juis is dit Albert Pretorius wat by hom is en hy is al taamlik vererg omdat kaptein Ricky alles vir 'n grap opneem wat hy sê.

„Maar ek sê jou, Kaptein, dis absoluut seker dat hier 'n Boer besig is om berigte deur te smokkel na kommandant Verster. Ek het hom al 'n paar nagte gesien en ook gevolg."

„Wie is die Ruiter dan?"

„Ek durf nie te naby aan hom kom nie anders gewaar hy my en dit mag iemand anders wees wat my ken. Jy weet self hoe sterk die openbare mening hier teen iemand is wat inligting aan julle verstrek."

Nou lag kaptein Ricky nie, maar hy kyk Albert vas in die oë, so vas dat Albert sy blik na die venster laat gaan. Kaptein Ricky het gedurende die maande van sy verblyf hier eerbied gekry vir die nasie wat hulle platweg Boere noem, en omdat hy iemand is wat sy oë nie wil sluit vir wat edel en opreg in 'n ander is nie, kan hy dit nie kleinkry hoe 'n Boer sy eie landgenote kan verraai nie. Dis goed dat Albert sy oë weggedraai het, want kaptein Ricky kyk na hom met veragting. Graag sal hy eendag die Ruiter in die Nag wil raakloop net om hom te sê dat sy nasie, die Boere, trots op hom kan wees, want selfs hy wat 'n Engelsman is, voel dat die Ruiter 'n waardige vyand is.

„Het jy selfs nie eens 'n gedagte wie die Ruiter kan wees nie?"

„'n Suspisie, ja, maar niks meer nie. Weet jy egter, Kaptein, dat daar mense is wat dink ek is die Ruiter."

Die keer is dit kaptein Ricky wat wegkyk. Watter eerbied sou hy nie vir die man hier voor hom gehad het as hy die Ruiter was nie. Skielik kom dit hom so snaaks voor dat hy weer proes van die lag.

„Kaptein Ricky, ek versoek jou om nie te lag nie! Ek gee jou alleen die inligting omdat ek lojaal teenoor my owerheid wil wees. Was ek 'n Vrystater, sou ek weer teenoor hulle lojaal gewees het."

„O, ek verstaan heeltemal. Natuurlik ons twyfel nie daaraan nie. Maar sê my, het jy al reg hieroor nagedink? Die Ruiter kan jou aansienlike skade aandoen. Vandag dink hulle miskien dis jy, maar wat as hulle uitvind dis nie jy nie? Daardie Ruiter moet gevang word. Dis my hoofde se bevele. Jy egter het ook daarin belang. Luister. Ons moet hom vang. Ek sal dan die beste weet wat om met hom te doen; jy moet hom net in my hande lewer. Wie dink jy is die Ruiter?"

Dis nou 'n ander kaptein Ricky wat hier by Albert op en af in die kamer stap. Fier, regop en wakker is hy; so 'n egte militêre man wat sake haastig en sekuur wil afhandel.

„Ja."

Albert kyk angstig rond voordat hy antwoord. Die maande van oorlog het hom geleer om versigtig te wees, want soms het mure ook ore. Dis egter nag en hy voel veiliger hoewel hy die naam van die verdagte persoon net fluister.

„Wat?" roep kaptein Ricky verbaas uit. Hy moet gaan sit soos hy lag. „Wil jy voorgee dat daardie stommeling en dromer die Ruiter is! Onmoontlik! Die ander dag was hy hier om 'n loopbrief te kry en kon van verleentheid skaars praat."

„Ek voel seker dis hy."

„Waarom?"

„Ek het hom nou al drie nagte gewaar en elke keer gaan hy in die rigting van kommandant Verster se kommando."

„So. Ek sal drie van my manskappe môrenag uitstuur. Vertel my haarfyn waar jy hom altyd sien."

„Ek twyfel of hulle hom sal vang."

„Ek sal luitenant Drew self stuur."

„Ek het nietemin 'n voorgevoel dat hy hom ook nie sal vang nie."

Skielik spring kaptein Ricky op.

„Jy dink Sarel Gereke is die Ruiter in die Nag?"

„Ja, Kaptein."

„As dit so moet wees . . . !" Sonder om verskoning te maak, spring kaptein Ricky uit sy kantoor en hardloop in die rigting van die kaserne. Hy beveel luitenant Drew en tien man om onmiddellik op te saal. Toe

hardloop hy na Albert terug, gespe sy pistool aan onderwyl hy sê:

„Albert, jy moet saam gaan."

„Waarheen, Kaptein?"

„Na Draaikolk toe."

„Waarom dan, Kaptein?"

„Gister was dieselfde Sarel Gereke hier en min wetende wie hy is, vra ek hom die beste pad wat die konvooi-waens met ammunisie en proviand na Stilhoek toe kan vat. Hulle sal vannag op Draaikolk oorbly en soos 'n gek het ek dit alles aan hom gesê. Wys ons die naaste pad na Draaikolk toe. Ek hoop net ons is nie te laat nie."

Met hierdie woorde hardloop kaptein Ricky uit sy kantoor juis toe luitenant Drew en tien tommies voor die deur stilhou. Albert het nie veel sinnigheid om saam te gaan nie, maar kaptein Ricky belowe hom dat hy net die pad vir hulle moet wys.

Ongeveer dieselfde tyd hou Sarel en twaalf man op die bultjie duskant Draaikolk stil en stuur toe een van sy manne eers vooruit om die omgewing te verken. Die ander klim intussen af om hul perde te laat rus. Sarel hoop maar daar sal nie veel van 'n skermutseling wees nie, want sy ouers, oom Gert en tant Hannie, is al oud en het net meester Van Dam vir geselskap. Hy hoop die wag by die waens is nie te sterk nie en dat hulle nie die huis sal invlug nie. Hy kan egter nie anders nie; hier is die beste plek om hulle voor te lê. Hy wou kommandant Verster nie veel sê nie, daar hy nie te seker van die gegewens was nie en het net gevra of hy 'n paar man kon kry om saam met hom na Draaikolk te gaan. Kommandant Verster het by die tyd egter al vertroue in Sarel en weet sommer dat Sarel iets van belang weet maar nie voorspooksels wil maak nie.

Na twintig minute lank te wag, kom die verkenner terug en sê dat daar omtrent net vier wagte by die konvooi van ses waens is en 'n klompie Kleurlinge, wat moontlik die drywers is. As daar 'n kolonne Engelse by die waens is, is hulle moontlik in die huis.

„Kêrels," sê Sarel, „ons moet stil en versigtig nader gaan. As dit moontlik is, wil ek hê ons moet nie eens 'n skoot los nie. Net vier van ons moet die wagte hensop, hulle dan beveel om die waens in te span en in alle haas na die kommando met die waens aanry. As daar moontlik meer wagte in die huis is en hulle storm na buite, sal ons hulle bestook. Nadat ons van Draaikolk af weg is, sal ons as 'n agterhoede julle beskerm teen 'n moontlike aanval. Al wat julle moet doen, is om die drywers te sê hulle moet vinnig ry, so vinnig as wat hulle kan. Gert Lötter, jy en drie man sal aankruip na die wagte en hulle hensop. Kom."

Op 'n stappie gaan hulle nader totdat die vuurtjies van die drywers hier kort voor hulle flikker, maar toe bly Sarel en die ag man agter en Lötter en drie ander bekruip die wagte. In die woonhuis is lig, maar die huis is doodstil behalwe nou en dan die gelag en stemme. Sarel bly op Vonk sit, luister angstig in die nag in terwyl hy die huis ook dophou. As hulle vannag die konvooi veilig by kommandant Verster kan kry, sal hy baie bly wees, want sy hande jeuk al lankal vir mannewerk.

„Hensop!" hoor hy Gert Lötter se bevel. „Moenie roer nie of na jul gewere gryp nie, anders skiet ons."

Hy sien Gert nader loop, die gewere bymekaar maak en op die voorste wa sit. Die wagte en die volk staan bymekaar agter die voorste wa. Sover gaan dit nog goed, dink Sarel. Toe begin hulle haastig en halsoorkop inspan. Sarel se oë bly maar op die huis. Hy kan die

spanning hier voel, 'n spanning wat sy manne onrustig laat rondstaan. As daar 'n sterker wag is, sal hulle onraad merk sodra die waens in beweging kom. Toe neem Gert pos op die voorste wa en beveel die ander om die ander waens te begelei. Stadig kom die waens in beweging, eers stil met net die gerol van die wiele in die nag. Toe begin die perde en muile egter te draf . . .

Daar gaan die voordeur oop en twee, drie Engelse storm uit, los skote blindweg in die rigting van die waens, maar word begroet met 'n sarsie van die wagtende burgers. So sekuur is die skote dat die Engelse weer in die huis terugstorm.

„Kêrels, as julle dit kan help, moet julle nie raakskiet nie, maar moenie iemand uit die huis laat ontsnap nie. Ons sal hulle 'n uur of twee hier in die huis hou en dan die waens volg. Coenraad, ry jy so hard as jy kan na kommandant Verster en sê hom van die konvooi-waens wat aan kom is. Hy moet liewers nog 'n paar man stuur om Gert en die ander te help. Ons sal later kom."

Coenraad se perd se pote dreun oor die werf soos hy in die rigting van die Swartfonteinberge ja. Die Engelse in die huis meen dat dit moontlik die enigste wag was en borrel nou weer by die voordeur uit. Weer los Sarel-hulle 'n sarsie op hulle en die tommies hardloop die huis in. Nou begin die twee uur eindelose wag wat perd en man vermoei. Sarel wil egter nie ry voordat die waens Berghoek verby is nie. Dit sou ook die welslae van sy onderneming beteken, want kaptein Ricky is reeds 'n uur op pad na Draaikolk toe en hy ry so hard as hy kan.

'n Uur later ruk Sarel sy kop op, luister aandagtig en sê dan: „Hier is ruiters aan kom en hulle jaag hard. Ons moet ons perde lei tot ons 'n ent van die huis af is en dan aanry na die waens toe. Dit kan dalk Engelse

wees. Hulle kom met Stilhoek se pad. Kry julle koers. Ek wil eers gaan verken en sal julle later inhaal."

Die ander lei hul perde weg en Sarel ry haastig aan met Stilhoek se pad. Dis beter as 'n mens weet of dit vriend of vyand is. Naby die huis gaan 'n mens 'n nekkie oor as mens van Stilhoek af kom en hierheen pyl Sarel nou. Hy ry tot op die puntjie bokant die pad en sien die stof in die flou maanlig hang. Die perde-ruiters kan hy nie bra onderskei nie, maar hy skat hulle op 'n twintig of meer. Doodstil sit hy op Vonk. Daar is eintlik 'n begeerte by hom dat hulle hom mag sien; dan sal hy hulle verkeerd lei en met 'n ompad weer die waens bereik. Skielik sien hy hulle hou stil 'n entjie onderkant hom. Dis Albert wat hom gewaar het en Albert, wat nou al sy gewoontes ken, sê hees aan kaptein Ricky: „Kyk daar! Die Ruiter in die Nag." Met 'n verwensing jaag kaptein Ricky en die ander reguit op Sarel af, een of twee los nog 'n paar skote waarvan een gevaarlik naby Sarel verbyfluit. Laag buk hy oor sy saal en jaag die bult af, die Engelse op 'n streep agter hom aan. Maar hul perde kom vannag van ver en Vonk is uitgerus. Amper met elke tree gly hy onder hulle uit. Die Engelse in die huis hoor die skote, en weet dat versterking opgedaag het en storm uit die huis uit.

Albert draai af en ry aan na hul plaas, terwyl 'n mismoedige kaptein Ricky die onversigtigheid van die ander verwens en hulle aanraai om nie vannag die waens te agtervolg nie. Hy weet ook dat generaal Maurice hom nou terug sal roep van Stilhoek af en verwens die Ruiter in die Nag.

Die volgende môre kom die konvooi-waens onder Sarel Gereke by kommandant Verster se kommando aan. Hy is baie in sy skik met die nag se werk, en laat

Sarel dadelik roep. Kommandant Krige is juis by hom, maar hy sê hom nie wie Sarel is nie met die bedoeling om sy mening oor Sarel te vra.

„Môre, Kommandant."

„Môre, Sarel. Dis kommandant Krige. Jy het seker al van hom gehoor? Nou ja, Sarel, ek wil weet of jy al iets uitgevind het van die verraaier wat die inligtings aan die Engelse verstrek."

„Ja, Kommandant."

„Wie is hy?"

„Een van Stilhoek se boere, Kommandant."

„Wat!" sê Verster verbaas. Dit is vir hom baie onverwags, want hy het gereken dis maar seker 'n Kleurling.

„Wie is hy, Sarel?"

„Twee nagte nou al het iemand uit hierdie kamp vir Albert Pretorius net anderkant Nouputs ontmoet."

„Albert Pretorius? Tog nie oom Klaas Pretorius se seun nie!"

„Ja, Kommandant."

„Oom Klaas moet hiervan nie weet nie, Sarel, want dit sal sy hart breek. Maar waarom juis Albert? Gebruik hy dan die inligting?"

„Ek sien hom dan altyd in die rigting van Stilhoek ry."

„Dis krasse aantygings wat jy maak, Sarel."

„Ek kan hulle ook bewys, Kommandant."

„Goed, gaan nou maar eers. Ek sal jou weer laat roep. Jy moet gaan slaap en môrenag huis toe gaan."

„Nee, Kommandant, ek gaan by jou kommando aansluit. Dis nou onveilig vir my by die huis. Ek het hulle al my besluit meegedeel."

„Goed; ek sal jou weer laat roep, Sarel."

Al die tyd het kommandant Krige Sarel baie aandag-

tig sit en beskou. Sarel het nie veel van 'n indruk op hom gemaak nie, want hy het nie veel vernuf van die man hier voor hom verwag nie. Sarel is skraal van bou, korterig en daarby een wat baie senuweeagtig is en nie juis vertroue inboesem nie. Kommandant Krige het hom opgesom as 'n man wat in gevaar moontlik op loop sal sit, en kan nie bra verstaan waarom Verster juis wou hê hy moes by die onderhoud teenwoordig wees nie.

„Wel, Krige, wat dink jy van Sarel Gereke?"

„Seker nie 'n vegsman nie."

„Miskien nie. Ek weet self nie wat hy in 'n geveg sal aanvang nie, maar dapper is hy ongetwyfeld."

„Nogal iets wat jy baiekeer by senuweeagtiges teenkom. Is hy een van ons verkenners?"

„Nee, hy is die man wat ek jou aangewys het as seker die beste een om berigte deur te neem na ons Generaal. Dis die Ruiter in die Nag!"

„Wat, hierdie penkop! Onmoontlik! Dit moet iemand van staal wees wat in staat is om deur te voer wat die Ruiter vannag aangevang het, en dit onder die neus van die Engelse."

„Wel, hy is die Ruiter in die Nag en die man wat môrenag sy eerste groot verantwoordelike onderneming gaan kry. Hy gaan die berigte vir ons deursmokkel. Wag!" roep kommandant Verster na buite.

„Ja, Kommandant?" gee die wag antwoord.

„Roep Sarel Gereke weer vir ons."

„Ja, Kommandant."

Toe die wag met Sarel Gereke binnekom, begin kommandant Verster kort en saaklik sy bevele gee.

„Sarel, van nou af is jy aan my kommando verbonde. Jy sal nie die werk van 'n gewone vegsman doen nie, maar sal uitsluitlik verkenningswerk doen, berigte

heen en weer dra en spioenwerk doen. Weet jy wat die Engelse met 'n Kolonialer maak as hulle hom op verdagte dinge vang?"

„Meester Van Dam het my al gesê."

„En wat is dit?"

„Doodstraf."

„Ja, moontlik verhoor die krygsraad jou en bes moontlik ook nie eens nie. Jy weet dus watter genade om te verwag. Jy kan nog terugtrek as jy wil. Hoe lank wil jy hê om te besluit?"

„Ek het reeds besluit, Kommandant."

„En wat is jou besluit?"

„Ek is gereed om nog vandag te begin."

„As hulle jou miskien vang, mag jy nie eens sê aan watter kommando jy verbonde is en nie die naam van een Kolonialer verraai nie. Jy moet swygend jou dood tegemoetgaan. Het meester Van Dam jou dit ook gesê?"

„Ja, Kommandant!"

„En?"

„Hulle sal my nie vang nie, Kommandant."

„As ek jou nie geken het nie, sou ek dink jy praat groot."

Toe praat kommandant Krige vir die eerste keer en hou sy hand uit. Noudat hy Sarel vir die tweede keer haarfyn deurkyk en hy ook weet wie hy hier voor hom het, is daar ander dinge wat kommandant Krige opval: daar is die ferm mond van die jongman hier voor hom, die ligtende oë wat van so baie durf en mannemoed getuig. Dan ook het Sarel, soos hy hier staan, 'n egte militêre houding soos die van 'n ou ervare krygsman.

„Seun ek sien jou vandag vir die eerste keer, maar reeds nou al weet ek dat jy nie 'n bang haar op jou hoof

het nie. Ons Republikeine het meer sulke manne nodig. Ek is bly dat ek kennis met jou gemaak het."

„Dankie, Kommandant."

„Dis al laat, Sarel," sê Verster, „jy moet maar gaan slaap. Môrenag om twaalfuur presies sal jy en nog iemand vertrek na generaal Schalk Muller. Ek kan nie presies sê waar hy op die oomblik beweeg nie, maar dit sal êrens langs Rietrivier wees en op die grens van die Vrystaat. Ek wonder wie jy saam met jou kan neem? Wag . . . laat ek nou dink. Ja. Vroeg vannag het 'n ander Kolonialer by ons aangesluit, een . . . Willem de Villiers . . ."

„Willem de Villiers, Kommandant?"

„Ja, ken jy hom?"

„Ja, Kommandant. Hy is 'n ou vriend van my."

„Gaan soek hom dan op en sê vir hom dat hy hom môrenag gereed moet hou. Sê hom niks verder nie. Jy alleen sal die bevele van my môrenag kry en as jy iets mag oorkom—dis oorlog, my seun—kan jy hom sê wat om te doen. Dis al. Tot siens, Sarel."

„Tot siens, Kommandant."

Toe Sarel wegstap, is dit met 'n gevoel van groot verantwoordelikheid. Die kommandat kan hom en hom alleen gebruik.

Hoofstuk V

Albert Pretorius het die volgende dag baie oor die woorde van kaptein Ricky nagedink. Hy kon ook nie tot 'n ander slotsom kom as dat die Ruiter gevang moet word nie. As die Ruiter gevang is, kan hy by Willemien maklik deurgaan vir die Ruiter, dit sal sy bewegings

vergemaklik en ook nie verdenking by haar wek nie. Al hoor sy ook die ergste, kan hy haar nog verseker dat hy 'n veilige spel moet speel en selfs vriende moet maak met die Engelse. Dit is tog 'n verkenner se werk. Al sê die Boeregesindes dan ook wat van hom, sal sy dit nie glo nie, want dink sy dan nie hy is die Ruiter in die Nag nie? Die knoop kom as sy eendag mag uitvind dat daar nog 'n Ruiter is. Sy mag agterdogtig word en as sy dit eers is, is sy kanse om onbetrap rond te gaan baie klein, aangesien Willemien 'n wonderlike vernuf het om dinge logies uit te redeneer. Sy sal hom verag as sy weet dat hy 'n verraaier is. Nee, die Ruiter moet gevang word, wie hy dan ook al mag wees. Hy dink hy weet wie dit is, hoewel 'n mens nie sulke durf van so 'n Jandooi verwag nie. Maar nou het kaptein Ricky mos darem ook wakker geskrik. As daar een is wat die Ruiter gaan vang, dan is dit luitenant Drew, want dit word vertel dat hy 'n uitstekende verkenner is. Nou ja, hulle sal vannag sien wie die grootste vernuf het, hierdie geheimsinnige Ruiter of luitenant Drew. Hy, Albert Pretorius, sal moet toesien dat hierdie Ruiter gevang word, so nie . . . Hy het tog vir Willemien van Renen lief en kan nie sien dat sy hom verag nie. Nee, hy moet voortaan met nog groter versigtigheid te werk gaan.

Dis al aand. Albert saal sy bruin perd op en sê aan sy pa dat hy vanaand 'n bietjie na die Van Renens toe oorry. Hul plaas, Nouputs, is 'n goeie tien myl van Geelslang, die plaas van oom Lodewyk van Renen. Sy plan is egter nie om nou al by die Van Renens aan te kom nie, daar wag nog ander en dringender werk vir hom. Luitenant Drew en twee ander verwag hom vroeg vanaand op die plek van hul byeenkoms, naamlik die gannaruigte waar Willem en Willemien ook gewag het. Eienaardig is dit dat hul afspraak ook is om by die

kranskoppie bymekaar te kom. Dit is egter nie so eienaardig nie as ons in aanmerking neem dat dit die veiligste wegkruipplek is vir iemand wat in die nabyheid van die plek wil wees waar hulle die Ruiter al so dikwels gesien het.

Ingedagte ry Albert in die rigting, besig met gedagtes wat nie juis met die oorlog te doen het nie. Eers toe hy Droërivier naby Geelslang deurgaan, val dit hom by dat hy oor 'n paar minute by luitenant Drew sal wees. Swaar ploeg die perd deur die los sand in die rivier en al geluid wat 'n mens in die nag hoor, is die gekraak van die saal as die perd so moedig vorentoe beur. Albert kry 'n aardige voorgevoel toe hy anderkant die los koppie 'n jakkals hoor skree. Aanstons gewaar hy egter drie ander ruiters wat hom 'n gevoel van gerusstelling gee. Hulle groet eers toe hulle bymekaar is en toe word daar nog net gefluister.

„Mnr. Pretorius, ons het opdrag om vroegtydig vanaand op ons pos te wees en jy moet ons daarheen lei. Onmiddellik daarna kan jy jou eie koers gaan, wat seker na Geelslang toe sal wees." Luitenant Drew lag effens om dadelik weer stil te word en Albert fluisterend te versoek om hulle die pad te wys na die uitkyk-koppie. Binne 'n paar minute is hulle by die einste koppie en Albert beduie hulle alles haarfyn.

„Nou ja, Luitenant," sê Albert in Engels, „ek hoop maar jy vang die rebel vannag."

„O, daar is geen twyfel aan nie. Tot siens."

En twintig minute later klop Albert aan die voordeur van Geelslang se woonhuis.

„Naand, Willemien."

„Albert!"

„Sjt, Willemien!"

„Waarom is jy so geheimsinnig?"

„Ek wil jou iets vertel. Slaap oom Lodewyk en die Tante al?" en toe sy knik, vervolg hy verder:

„Kom ons sit daar. Jy weet dit is oorlog, ons moet versigtig wees. Enige tyd kan die Engelse hier aankom en my vang. Jy moet my vanaand belowe dat jy nooit 'n woord sal rep van wat jy gisteraand uitgevind het nie."

„Ek sal mos nooit nie, Albert. Hoe sal ek my eie mense gaan verraai!"

„'n Onversigtige woord kan baie kwaad doen, Willemien."

„Albert, jy kan my vertrou."

„Luister dan. Ons vermoed dat hier in hierdie omgewing iemand is wat die Engelse help, een van ons eie mense. As hier dus iemand ewe skielik verdwyn, 'n ou bekende miskien, moet jy maar weet die Boere het hom gevang, want hulle soek hom . . . Miskien het ek reeds te veel gesê . . . "

„Dit interesseer my glad nie, Albert. Vertel my liewer hoe jy hier gekom het. Het die Engelse jou nie gewaar nie? O, hulle moet jou tog nie eendag vang nie . . . "

„Sal dit vir jou dan swaar wees, Willemien?"

„Nee, ons gaan nie oor so iets praat nie. Vertel my liewer van jou spioenwerk."

Terwyl Albert en Willemien hier vertroulik sit en gesels, kry Sarel en Willem hul laaste bevele in die Boerekamp. Hulle is in kommandant Verster se tent en so geheimsinnig is die bevele dat die kommandant selfs die wag voor die tent weggestuur het. „Julle moet dus generaal Muller se leër bereik met die grootste moontlike haas. Soos ek jou gisteraand gesê het, is hy iewers in Griekwaland, maar min of meer op die Vrystaatse grens. Die enigste aanduiding wat ek julle kan gee, is hierdie kaart. Kom julle altwee nader aan die

lig. Dis die roete wat julle min of meer moet volg. Elke kruisie op die kaart stel slegs dié plase voor waar julle mag aangaan om perde, as julle kan, en ook proviand te kry. Die ander plase mag nie veilig wees nie. As jy iets oorkom, en dan alleen, kan jy die opdrag verder aan Willem gee. Sodra julle generaal Schalk Muller gekry het, moet julle my dadelik die antwoord bring. Ek sal nog in die omgewing 'n rukkie beweeg. Is ek glad nie meer in die omgewing nie, dan moet julle die berig deurbring na kommandant Krige. Het julle nou alles goed verstaan?"

„Ja, Kommandant."

„Dis 'n groot opdrag hierdie, Sarel, en een wat jou lewe mag kos."

„Ek sal my beste doen, Kommandant."

„Dan verwag ek julle weer oor 'n drie of vier weke, Sarel. Mag dit julle geluk!"

Sarel en Willem maak hul perde los van die ander en saal dadelik op om hul eerste nagskof af te lê. Sarel het dadelik opgemerk dat hul roete oor Geelslang gaan en besluit op sy eentjie om nog vir laas daar op die koppie naby Geelslang se huis vir 'n tydjie te sit op sy perd, Vonk, soos hy al menige nag gedoen het. Dit sal sy laaste kans wees in die maand wat volg. Sal hy daarna weer vir Willemien te sien kry? Die kommandant meen dat dit 'n gevaarlike reis is.

Die twee is al op pad, maar praat nie. Net toe hulle naby Draaikolk afswaai na Geelslang se kant, sê Willem: „Sarel, Willemien het my gisteraand iets van die Ruiter vertel."

„So?" Sarel is dadelik nuuskierig.

„Ja, Sarel, en ek weet nie wie hy is nie, maar hy is 'n baie gelukkige kêrel."

Dis of Sarel se hele houding nou gespanne is. Nog

net so fier sit hy op sy perd en tog is al sy aandag by wat Willem praat.

„En wat het sy gesê, Willem?"

„Nee, dit kan tog nie vir jou van belang wees nie, of is jy miskien die Ruiter? Sy het die kêrel lief, dit sweer ek, wie hy ook al is. Ek wens maar net ek was die Ruiter. Weet jy wie hy is?"

Sarel vermy die vraag, en antwoord: „Vertel hom van die nôientjie as jy hom eendag ontmoet, Willem."

„Ek gaan dit doen, Sarel."

Weer is hulle stil. Plek-plek waar die voetpaadjie dof word, ry hulle op 'n stap agter mekaar, Sarel voor. Willem het vanself aangeneem dat Sarel die leier is en hy wonder by homself waar die nuwe Sarel so skielik vandaan kom, want dis tog nie die Sarel wat hy so goed ken nie. Sarel ry ingedagte en dink aan Willem se woorde . . .

Net toe hulle Droërivier se drif wil deurgaan, hou Sarel sy perd skielik in. Willem is so ingedagte dat hy die onverwagte beweging nie dadelik begryp nie.

„Wat is dit, Sarel?"

Maar Sarel sit roerloos in sy saal, elke spier gespanne. Vonk, sy troue ou perd, roer ook nie 'n lit nie, want hy ken sy baas in elke houding. Lank sit Sarel so en luister en fluister toe sag:

„Ek voel iets gaan gebeur, Willem. Het jy opgemerk dat die jakkalse nou stil is? Iets of iemand het hulle verdryf."

„Die jakkalse?"

„Het jy hulle dan nie hoor skree nie?"

„Nee."

„Hulle moes al met die gannaleegte afgekom en toe iets gewaar het. Dis nie alles pluis hier nie. Kom, ons wag 'n rukkie."

Doodstil sit die twee op hul perde. Kort-kort verbeel Willem hom hy gewaar of hoor iets, maar dit moet maar oorspanne senuwees wees. Dis 'n drukkende stilte. Bo het hulle die skone hemel waar die sterre knipoog en om hulle 'n bietjie nagwind. Opeens skree die jakkals vér regs en heeltemal uit sy koers uit. Wat Willem verwag het, weet hy nie, maar die skree laat hom skrik. Sarel is nou darem geruster.

„Iets het daardie jakkals verskrik, Willem, en ek wil weet wat dit is. Kom ons ry na daardie loskoppie se kant toe. Baie versigtig nou!"

Sarel trek weer voor op 'n stap en Willem volg 'n tree of tien agter hom. Hulle is die drif veilig deur en 'n paar duisend tree met die gannaleegte langs sonder om iets te gewaar. Willem is al gerus, wou net weer met Sarel praat, toe dié onder 'n tamaai doringboom inry en weer stilhou.

„Willem," fluister hy, „trek jou perd ook hier onder die boom in. Kan jy die perderuiter daar gunter sien? Nee, daar. Meer links. Hy het ons nog nie gewaar nie, maar ek kan nie verstaan waarom nie, want hy bly aanhoudend in dié rigting kyk. Sou hy ons, of miskien iemand anders verwag? Willem, 'n bekende gevaar is minder sleg as 'n onbekende een. Ons weet nie wat die perderuiter wil hê nie. Miskien is dit van ons mense of miskien 'n Engelse spioen. Ons moet uitvind."

„Maar Sarel, ons is tog effens uit ons koers. Kan ons nie wegswaai en al met die gannaleegte hou nie? Hy sal ons nie gewaar nie en dan is ons veilig, vriend of vyand."

„Nee, dan sal dit my gedurig hinder . . . Wag, Willem, nou weet ek. Daardie ruiter is 'n lokvink. Hy is nie die werklike gevaar nie. Hulle maak my nou nuuskierig. Ons sal hulle vernuf probeer uitoorlê."

„Ja, maar hoe? Sê nou daar is 'n hele kommando hier in die rondte?"

„'n Kommando kan hom nie wegsteek nie. Nee, dis hoogstens 'n paar man. Ek het 'n voorgevoel dat hulle die Ruiter in die Nag voorlê. Kyk, ek het 'n plan. Jy moet aanry op jou dooie gemak en reg op daardie koppie af. Sodra daardie ruiter jou gewaar, sal hy aanry asof hy jou nie gesien het nie, dis te sê as my gedagte reg is. Volg hom dan . . ."

„En dan?"

„Maak dan net soos dit vir jou lyk wat hulle van jou verwag, maar moenie skiet nie."

„En jy, Sarel?"

„Ek sal met 'n ompad kom en julle in die oog probeer hou. Nou toe, ry nou aan, Willem."

Skaars is Willem uit onder die doringboom of die ruiter, een van luitenant Drew se manskappe, gewaar hom, hoewel hy dit probeer wegsteek. Op sy dooie gemak trek ook dié ruiter sy perd om en ry in die rigting van die koppie. Sarel voel die bloed vinnig deur sy are galop. Hier is avontuur so reg na sy hart. Hier probeer iemand sy vernuf toets teenoor die vernuf van die Ruiter in die Nag, want Sarel twyfel daar nie meer aan dat hulle daar op uit is om hom vannag te vang nie. Hulle weet dat hy 'n paar maal sy verskyning hier gemaak het en nou span hulle die strik hier. Sarel lag op sy eentjie toe hy Vonk wegtrek, maar meer links as Willem. Daar Willem 'n doodgewone dapper jongman is, is Sarel weer iemand met 'n sterk verbeeldingskrag en al sy nagtelike avonture probeer hy kleur met romantiek en die onwaarskynlike; vandaar dan ook dat hy bekend is as die Ruiter in die Nag. In sulke oomblikke weet hy nie wat dit is om bang te wees nie.

Sarel se vermoede was reg. Hoe vinniger Willem die

vreemde ruiter voor hom volg, des te haastiger raak hy om weg te kom, sodat Willem later soms van mening was dat Sarel tog verkeerd is. Die perderuiter hier voor hom is ywerig om weg te kom en om nie gesien te word nie. Net toe hy 'n lap hoë doringbome bereik, klink die bevel skel weerskante van hom: „Hands up!" Die ruiter voor het ook in die galop omgedraai en kom nou dreigend reg op hom af. Daar is niks aan te doen nie; sy geweer kletter op die gruisbankie hier voor hom toe hy dit neersmyt. Aan wegja is daar nie te dink nie, want een van die tommies het reeds sy teuels in hande en hou die rewolwer op hom gerig.

„A," sê luitenant Drew, „die Ruiter in die Nag. So slim en tog maklik gevang. Jy is te dom om 'n verkenner te wees."

Dit is op Willem se tong om te sê dat hulle 'n fout begaan, en dat die Ruiter enige tyd mag opdaag, maar toe dink hy aan Sarel se waarskuwing. Nee, hy sal maak of hy die Ruiter is, of anders as iemand wat sonder bybedoelings hierlangs gery het. Dan weer dink hy dat dit miskien die beste is om te maak of hy nie Engels kan verstaan nie.

Luitenant Drew gee hom darem nie kans om te praat nie en is so trots soos 'n kapokhaan. „Het jy al van luitenant Drew gehoor? Daar is nie 'n Boer wat hy nie kan vang nie. Hulle het my gesê ek sal die Ruiter nie vang nie en die eerste nag het ek hom reeds. Ha! . . . Ha!"

So kil soos 'n koue nagwind, hoog bokant die spotlag van luitenant Drew, verneem die drie 'n stem wat hulle lam slaan.

„Hands up!"

Aan hierdie bevel moet hulle gehoorsaam. Daar is iets gebiedends en finaal in die bevel. Reeds kletter

een van hul gewere op die grond. Dis of luitenant Drew so 'n oomblikkie aarsel, maar daar klink die bevel weer.

Sarel sê toe aan Willem: „Tel hul gewere op, vat ook hul rewolwers en ry tot by die drif. Ek sal jou daar kry."

Een-twee-drie het Willem alles bymekaar, knyp die gewere onder sy linkerarm en ry terug na die drif.

Willem ja so hard as hy kan terug na die drif. Aan Sarel se stem het hy gemerk dat hy nie moet aarsel nie, en terwyl hy so in die nag ja, verwonder hy hom daaroor dat hy Sarel soveel jare al ken en darem so min van hom af weet. Nee, Sarel Gereke is die geheimsinnigheid self.

Sarel word nou ook haastig, daar kommandant Verster seker nie wil hê dat hy sy tyd langs die pad moet verspeel nie. Vir laas skreeu hy 'n uitdaging aan luitenant Drew.

„Vertel jou kaptein watter flater jy vannag aangevang het. Die Ruiter in die Nag laat hom nie so maklik vang nie. Hy is maar 'n gewone Boertjie, maar is heeltemal opgewasse vir jou, Luitenant."

Vér klink Sarel se lag toe hy sy troue ou Vonk die teuels gee en wegja na die drif.

Met 'n verwensing ry luitenant Drew en sy manskappe aan na Stilhoek. Sonder gewere wil hy die twee Boere darem nie agtervolg nie. Maar in sy hart wens hy dat hy die Ruiter in die Nag weer mag raakloop . . .

Hoofstuk VI

Vandag is dit hier op Geelslang 'n bedrywigheid van die ander wêreld. Die perde wat op die werf gekniehalter rondwei, gee darem 'n verkeerde indruk van die feestelikhede hier, want Stilhoek se perde is nou maar

van die kroeserige soort, aangesien die beste perde gekommandeer is. Die jongmense sal egter vandag met enige ryding hier aankom, want Willemien is uiters gewild en oom Lodewyk hou van 'n grappie. Die jongmense het Pieter Ulrig vreeslik geterg toe hy opdaag op 'n vaal donkie met slap ore en 'n kaal geskuurde stert. Pieter Ulrig geniet die lewe nog maar soos altyd en môre vir môre moet sy pa hom 'n paar keer kom roep voordat hy aanstalte maak om op te staan.

Dis 'n gelukkige Januarie-dag vir Willemien. Hulle hoor daagliks van oorwinnings deur die Boere, hoewel dit nie juis die vernaamste rede vir haar blydskap is nie. Dat die Boere nou so onkeerbaar is, skryf sy gedeeltelik toe aan Albert Pretorius, die Ruiter in die Nag. Sy ken hom al jare lank en kleintyd was hy reeds 'n seun van baie durf, sodat sy nie verbaas was toe hy te kenne gee dat hy die Ruiter is nie. Sy het self al agterdog gehad en noudat sy dit seker weet, hoor hulle elke dag nog meer van die durf en onverskrokkenheid van hierdie waaghals. Albert Pretorius . . . ! Sy naam sal deur die eeue in haar land se geskiedenis bewaar bly. Wanneer groot kolonnes Engelse hier in die Kolonie by nag omsingel word, proviand-waens deur 'n paar verkenners oorval word, of intieme kennis van die Engelse bewegings by die Boere aankom, dan hoor jy maar die mense fluister: „Dis die werk van die Ruiter in die Nag." En is hierdie Ruiter nie haar Albert nie! En niemand weet dit nie.

Ja, toe hy haar drie dae gelede om haar hand vra, kon sy dit nie weier nie. Albert wil hê hulle moet sommer stil verloof raak en ná die oorlog trou, of miskien nou al, maar daarvoor sien sy nie kans nie. Stil! Hoef sy dan skaam te wees vir haar Albert? Eendag sal dit tog bekend word dat Albert die Ruiter

is, daarom gaan sy hul verlowing vier soos een wat nie skaam is nie. Daarom is ook al die gaste op haar uitnodiging vandag hier.

Oom Lodewyk sê nie veel nie. Albert Pretorius is 'n gawe man en hy het baie respek vir oom Klaas Pretorius, die ou Boerevriend. Hy het darem nooit gedink Albert sal haar keuse wees nie. Nou ja, sy moet eendag met haar man saamleef en nie hy nie.

Daar is sang en speletjies onder die bome in Geelslang se tuin. Al die bekende jongmense is daar, behalwe Sarel Gereke en Willem de Villiers. Willem weet hulle almal het openlik by die Boere aangesluit, maar die rede van Sarel se afwesigheid is nie bekend nie. 'n Kwaadwillige het begin fluister dat Sarel nooit sal kom nie, want hy is self verlief op Willemien. Toe sy dit hoor, was sy baie vererg, want Sarel is een van haar trouste vriende en as hy nie opdaag nie, sal daar wel 'n goeie rede voor wees. Iemand anders het begin rondfluister dat Sarel nou deur die Engelse as 'n verkenner gebruik word en dat hierdie omgewing hom nie weer sal sien nie. By nader ondersoek kon niemand sê by wie die gerug ontstaan het nie. Die middag het Sarel net twee troue ondersteuners gehad. Willemien en Pieter Ulrig. As Albert enige sinnigheid daartoe gehad het, kon hy hulle taamlik sekuur vertel by wie die gerug ontstaan het.

Die gelukwensinge is verby; koek en koffie is al geniet en Albert het, toe die jongspan roep na hom, regtig 'n gawe toespraak gemaak. Oom Lodewyk het ook 'n paar woorde gesê, maar meestal grappe gemaak, want hy weet nie wat dit is nie, maar diep in sy hart hinder iets hom geweldig. Die speletjies is weer in volle gang toe meester Van Dam oom Lodewyk opsy roep.

„Ja, Meester."

„Kom ons gaan daar agter die damwal gesels, Lodewyk."

„Waarom dan so ver, Meester?"

„Ek glo nie daaraan om ander mense in die versoeking te stel om jou af te luister nie. Wat ek wil sê, is net vir jou ore bedoel. Kom ons loop."

Meester Van Dam het nog daardie haastige stappie van vroeër en bly twee tree voor oom Lodewyk, wat al krom trek van die vyf-en-sestig jaar wat hy agter die rug het. Meester is ruim net so oud soos oom Lodewyk, maar die jare wys nie so erg by hom nie.

„Lodewyk, ons is lankal vriende. Wil jy nie vir my sê wat jou hinder nie?"

Maar oom Lodewyk antwoord nie, hy is nie een wat 'n aantyging maak as hy nie doodseker is nie.

„Lodewyk, moet ek jou dan maar sê? Jy is nie ingenome met jou aanstaande skoonseun nie."

„Meester, hoe sal ek sê . . . Hy is 'n goeie seun, maar die verlowing is so onverwags. Dis al jare dat hy hier kom kuier, maar ek het altyd maar gedink . . . "

„'n Meisiemens is soms baie eienaardig."

„Wat bedoel jy, Meester?"

„Kom ons sit hier, Lodewyk, dan kan ons gesels. Die oorlog het ons almal van stryk gebring. Hierdie jongmense het darem almal voor my grootgeword, en ek ken hulle vandag beter as wat hul eie mense hulle ken."

„Maar ek is besorg oor Willemien en nie oor die ander nie."

„Willemien! O ja, ek ken haar ook. Ek probeer altyd om al my leerlinge deeglik te ken. Ek hou van Willemien."

„Meester, daar is iets anders wat jy graag wil sê."

„Goed, Lodewyk. Is dit nie vir jou ook snaaks nie dat Willemien nou skielik ontdek dat sy Albert liefhet?"

„Ek kan nog nie die verband sien nie, Meester?"

„Willemien is verlief op die Ruiter in die Nag . . ."

„Meester, wil jy my vertel dat Albert die Ruiter in die Nag is?"

„Miskien is hy. Hy maak of hy 'n Boerevriend is, maar ek het hom al 'n paar keer uit kaptein Ricky se kantoor op Stilhoek sien kom."

„Meester! Maar . . . dan is hy nie die Ruiter nie . . . Of hy moet deksels geslepe wees."

„A, Lodewyk, maar Albert is geslepe. As kind by my op skool was hy reeds so geslepe. Eendag het hy by my in die klas 'n pen gesteel en wou toe die skuld op Sarel pak."

„Meester, jy vertel my vandag baie snaakse dinge."

„Ek gebruik my oë en kyk so 'n bietjie rond. Ek het nou die dag vir oom Klaas, sy pa, gevra waar Albert is, en toe sê hy Albert is hier by julle. Maar dieselfde dag was hy op Stilhoek. Ek wonder maar net."

„Ja, maar jy sê dan Willemien is verlief op die Ruiter in die Nag en darem verloof aan Albert, en Albert is weer . . . Ek verstaan nou nie."

„Lodewyk, ek dink Albert gee voor hy is die Ruiter in die Nag. Kan jy nie sien nie? Willemien sal hom dan maklik kan liefhê . . . Of is hy miskien werklik die Ruiter in die Nag?"

„Wat, daardie bog?"

„Ek sê ook hy is te veel van 'n papbroek om so waaghalsig te wees. Miskien is hy darem gemeen genoeg om dit voor te gee . . ."

„Meester!"

„Jy moenie kwaad word nie, Lodewyk. Ons moet Willemien help."

„Ek gaan nou na haar toe . . . ”

„Wat kan jy haar sê? Niks! Vir al wat ons weet, mag hy die Ruiter in die Nag wees. Nee, jy moet net nie jou toestemming gee as hulle wil trou nie. Intussen sal ek ook ’n bietjie speurwerk doen. Dis al wat ek jou eintlik wou gesê het . . . ”

„So ’n lae skurk!” is al wat oom Lodewyk kan sê en daarna sit hy voor hom in die sand en kyk. Willemien wat hom so na aan die hart lê! Sy, sy enigste dogter, kan haar lewe nie so verongeluk nie. As haar enige droefheid aangedoen word, sal hy haar wreek so oud soos hy vandag is. Vir Albert sien hy nog heeltemal kans. Maar hier word lis gebruik en hy sal net so listig te werk moet gaan. Hy is al jare lank gewoon om op homself te steun in moeilike tye, daarom ook dat hy nou gou tot ’n besluit kom. Hiervan rep hy egter nie ’n woord aan Meester nie, maar sê ewe kalm:

„Kom ons gaan terug na die jongspan toe, Meester.”

„Dan het jy ’n besluit geneem?”

„My besluit is geneem en van nou af sal Albert met my te doen hê.”

„Lodewyk, my ou vriend, jy gaan nie iets onversigtigs doen nie?”

„Meester, as jy met ’n slang te doen het, moet jy die lis van ’n slang gebruik. Kom ons loop.”

Verder wou oom Lodewyk nie praat nie. Meester wou nog oor die koringoes gesels en oor die droogte wat so dreig, maar oom Lodewyk bly doodstil. Eers meng hy met die jongspan, vertel hulle van sy jagtogte, spot hulle met die kroeserige perde waarmee hulle nou ry, terwyl die Engelse met die blomme spog en hy sê toe:

„Ek het darem nog ’n paar perde wat die Engelse laat staan het. As daar ’n waaghals onder julle is, kan hy die beste perd vir hom gaan uitsoek. Hy moet net

iets vir my doen. Ek moet ook my grappie op my oudag hê. Wie wil dit waag?"

„Wat is dit?" klink dit uit al die monde. Selfs die nôiens is nuuskierig en wil weet of hulle nie ook kan probeer nie.

„Dis 'n baie eenvoudige ding. Julle het almal al van die Ruiter in die Nag gehoor?"

„Ja, Oom."

„Nou, ek gaan 'n weddenskap met julle aan."

„Wat is dit, Oom?"

„Ek wed my beste ryperd dat nie een van julle jongkêrels sal kan uitvind wie hy is nie. Bring my sy naam en ook bewyse wie hy is en die ryperd is julle s'n."

„Kry ons 'n saal en toom ook by, Oom?" wil Schalk Stofberg weet.

„Nee, vir die saal en toom sal julle iets anders moet doen. 'n Saal en toom is goedkoper en daarom gee ek julle iets makliker om te doen." 'n Oomblik rus sy oë op Albert se gesig en Meester wonder wat nou in Albert omgaan, want hy het gesien dat hy vinnig na Willemien kyk. Oom Lodewyk se volgende woorde is langsaam en afgemeet asof hy daar gewig aan wil heg. „Die man wat my die naam van die Boereverraaier bring, kry die saal en toom."

„Vader!"

„Oom Lodewyk, dis krygswet. Oom kan in die tronk kom," sê Schalk Stofberg.

„Ons is almal Boere hier, Schalk. As die Engelse iets agterkom, dan is hier mos 'n verraaier. Die Boere in die rondte weet almal dat hier 'n verraaier moet wees. Ek wil sy naam graag weet, want ek wil hom brandmerk vir die nageslag."

„Pappie is volkome reg," meen Willemien ook. „Ek

sal ook graag wil weet wie hy is. Ek sal hom seker nie weer groet nie. Maar Pappie, sê nou die Ruiter wil sy naam geheim hou?"

„As ek dit weet, sal dit hom geen skade kan doen nie. Almal kan maar weet, dat ek, Lodewyk van Renen van Geelslang, 'n Boerevriend is en as sodanig sal sterwe. Hulle sal van my nooit iets anders kan maak nie. Miskien is die Ruiter een van ons vandag, dan sal dit hom goed doen om te weet waar 'n egte Boerevriend is. Miskien is die verraaier een van ons. Dit sal hom dan ook goed doen om dit te weet."

„Pappie kom bederwe net ons feestelikhede. Kom ons gesels oor ander dinge. Meester kry vir jou 'n nôi, dan speel ons derdemannetjie."

Die speletjie wil egter nie heeltemal vlot nie. Elkeen beskou sy vriend met agterdog. Wat kan oom Lodewyk se woorde beteken, want hy weet waarskynlik meer as wat hy gesê het. Toe hy praat van die verraaier het hy hulle deurgekyk, amper asof hy meen dat die verraaier een van hulle is. Wie kan dit wees?

Skielik skreeu Pieter Ulrig en wys in die rigting van Du Toitswerwe: „Kyk, hier kom 'n perderuiter aangejaag."

„Dit lyk amper na Gert Celliers," sê oom Lodewyk en stap dadelik na die werf. Hy haal sy hoed af en wink die perderuiter, en toe dié uitswaai na oom Lodewyk toe, kom die geselskap ook nader.

„Ja, Gert?"

„Oom, ek was op reis hierheen, toe ek omtrent drie myl anderkant Droërivier op 'n gewonde man afkom wat lê en kerm om water. Hy was al heeltemal deurmekaar en toe ek afklim en by hom kom, sal ek sien . . ."

„Ja, Gert, wie is dit?" vra oom Lodewyk ongeduldig,

want hy weet Gert sal die storie weer onmoontlik lank rek.

„Oom sal nooit raai nie."

„Wie is dit, man?"

„Sarel Gereke."

„Sarel Gereke!"

„Ja, Oom, ek was net so verwonderd."

„Waar is hy nou?" vra Meester skielik.

„Nog daar, Meester. Ek het hom onder 'n doringboom ingehelp en toe in die drif gaan water haal. Hy het 'n wond in sy skouer . . ."

„Ons moet hom gaan haal," en Meester draai daar en dan om, om die daad by die woord te voeg.

„Wag, Meester," sê oom Lodewyk. Oom Lodewyk klim op die stoep, hou sy hand op en as almal stil is, sê hy: „Vriende, netnou het ons miskien grappies gemaak, maar nou is ek ernstig. Ons weet almal wie hier vandag is. Draaikolk is te ver, ons kan hom nie soheentoe neem nie en arme tant Hannie en oom Gert sal hulle dood skrik as ons met Sarel daar aankom. Ek sal hom hiernatoe bring. Hoe het hy gewond geraak? Boere sal hom nie skiet nie. Daar is net een antwoord en ons almal weet wat dit kan beteken. Ek gaan hom vandag hiernatoe bring, maar as die kakies hier aankom om hom te soek, dan weet ek dis een van julle wat hom verraai het. Dan sal ek nie rus nie, dag of nag, voor ek weet wie dit is en 'n koeël sal te goed wees vir hom. Niemand mag ooit hiervan weet nie, nie eens tant Hannie en oom Gert nie. Ek wil nou twee man hê om met Gert en my saam te gaan."

En met dié woorde stap oom Lodewyk na die stal se kant toe.

HOOFSTUK VII

Die gebeure in die vorige hoofstuk het ongeveer 'n maand na Sarel en Willem se vertrek van Swartfontein plaasgevind. Na hul avontuur met luitenant Drew was hul deurtog deur die Kolonie vry gemaklik, en hoewel hulle meer as een dag honger, dors en ander ontberinge moes deurstaan, het hulle sestien dae later generaal Schalk Muller se kommando laat in die nag bereik. Hulle was baie uitgeput, maar kommandant Verster het soveel waarde aan hul rapport geheg dat Sarel dit raadsaam geag het om generaal Muller dadelik te gaan spreek. Hy was verbaas toe hy sien die generaal is 'n betreklike jong man, seker nie ouer as vyf-en-dertig nie, vriendelik, openhartig en grappig. Hy het 'n ou en stoere vegsman verwag en kon in die begin amper nie praat van verbasing nie.

„Generaal Muller? Kan ek hom persoonlik sien? Ek het 'n dringende boodskap vir hom van kommandant Verster."

„Jy kan maar praat, ou seun, ek is generaal Muller."

„Generaal Schalk Muller?"

„Ja."

„O!"

„Wat is jou naam?"

„Sarel Gereke, Generaal."

„Ek het jou al 'n paar dae gelede verwag, Sarel."

„Maar hoe het Generaal dan van ons koms geweet?"

„Dis oorlog, Sarel. Lank voor 'n mens nog 'n berig het, weet die vyand al daarvan, en so kom dit met 'n ompad na jou toe. Volgens hul bewegings van die laaste paar dae het ek nie alleen geweet dat kommandant Verster uiteindelik die verlangde gegewens het nie, maar dat die Engelse ook daarvan weet, en toe het ek my eie

gevolgtrekkinge gemaak. Moet ek jou vertel wat kommandant Verster se berig is? Generaal Piet Holm gaan deur die suidelike deel van Namakwaland opereer en dan deurtrek na die kus. Kommandant Verster sal dan meer noordoos beweeg en kommandant Pieterse se kommando probeer bereik en dan sal hulle twee ook hier in Griekwaland opereer. Dit sal verligting bring hier op die Vrystaatse grens."

„Dit is die berig wat ek moes deurbring, maar hoe het Generaal dan daarvan geweet?"

„Sarel, ek sê weer: dis oorlog! Ek gebruik maar net my verstand en oë. Die Engelse weet van die Boere se besluit, en eienaardig genoeg, hulle het dit na my toe laat deurlek. Daarom het ek jou al eerder verwag. Jou berig was voor jou hier. Wat ek egter nie kan verstaan nie is: Waarom het die Engelse so baie moeite gedoen om die inligting na my toe te laat deurlek?"

„Dan is hier onder die Vrystaatse Boere ook verraaiers, Generaal," sê Sarel met so baie vuur dat generaal Muller moes lag kry.

„Troppe, Sarel, troppe." 'n Oomblik is dit of hierdie vegsman vir Sarel vergeet het. Hy stap heen en weer, haastig en met veerkrag in elke beweging. Nou en dan mompel hy iets, maar Sarel kan nie 'n woord duidelik hoor nie. Wie generaal Muller dié aand kon sien, soos Sarel hom nou daar sien, sou toegee dat die Boere wel deeglik militêre leiers het en nie alleen vegsmanne nie. Sarel, hoewel hy nie veel kennis van oorlogstaktiek het nie, besef tog dadelik dat hy hier voor hom 'n man het met 'n buitengewone vernuf.

„Sarel, ons gaan die oorlog verloor so seker as jy en ek vanaand hier staan."

„Waarom dink Generaal so? Oral word die Engelse troepe verslaan."

„Ek sal jou ook 'n vraag stel, Sarel. Waarom dink jy is daar vandag so baie afvalliges onder ons volk? Waarom kry ons kommando's so min rebelle in die Kolonie om by hulle aan te sluit? Hoe dink jy, Sarel?"

„Ek weet nie, Generaal. Is dit nie miskien omdat ons volk nog nie geleer het om bymekaar te staan nie?"

„Nee! Maar luister hier. Dink jy die Engelse is sulke slegte vegsmanne en sulke lafaards? Nee! Hulle val terug as hul kanse sleg is. Hulle soek 'n strategiese oorwinning. Hulle veg met vernuf en oorleg. Daar is 'n bepaalde doel agter hul bewegings, en as ons oor 'n oorwinning roem, dan het hulle daar iets by voor. Sarel, ek neem die verraaiers van ons volk hul standpunt nie kwalik nie, want hulle weet wie uiteindelik die oorwinning sal behaal. Ons is dapper, ja, Sarel, eintlik te dapper. Waarom waag ons 'n stryd op 'n punt as ons ons oorwinning nie kan opvolg nie? Kom sê my dit? Sê my dit! Ons is deur Kafferoorloë bederwe. Dis nie nou 'n klomp naturelle wat ons net tien goeie skutte voor nodig het om hulle uit ons landpale te verdrywe nie. Ons vegmetodes is verouderd en uitgedien."

„Maar weet die ander leiers . . . dit dan nie ook nie, Generaal?"

„Sarel, ek is soos 'n stem roepende in die woestyn. Daar is ander wat nes ek dink, maar ons is die enkelinge. Die fout lê by die organisasie, by die beleid . . . Maar, Sarel, daar is ander werk vir ons op hande. Ek wil hê jy moet 'n berig vir my deurbring na kommandant Verster. Hy is een wat ook soos ek oor die saak voel. Luister! Ons moet vernuf met vernuf beveg. Dis ons laaste kans. Daar by sy kommando is 'n verkenner wie se roem al oral bekend is. Dis die Ruiter in die Nag. Ek wens ek het net tien sulke kêrels gehad. Daardie Ruiter moet elke krygsplan van die Engelse in die hande kry.

Ons lot is nou in sy en ander verkenners se hande. Ons regte berigte en bewegings *moet* geheim gehou word, al kos dit ook wat. Ander en vals berigte moet aan die Engelse verstrek word. Hoe dit gedoen moet word, kan in die hande van knap verkenners gelaat word. As die Ruiter in die Nag net halfpad so vernuftig is as wat ons hoor, dan kan hy dit doen."

„Dan meen u hy doen goeie werk, Generaal?" en Sarel se stem bewe van aandoening.

„Beslis, ja. Ons het baie meer sulkes met sterk verbeeldingskrag nodig. As die Engelse hom die dag vang, sal hulle blyer wees as oor die oorwinning van 'n hele kommando. Maar sê aan kommandant Verster daar is 'n lekplek iewers en dié moet eers gekeer word. Geen berig van waarde mag in die hande van die Engelse val nie. Sy eerste plig is dan om die verraaier of verraaiers daar aan die lig te bring en dan moet hy hom uitsluitlik met verkenningswerk besig hou. Kyk, Sarel, hier is Swartfonteinberge waar kommandant Verster opereer. Daar is Stilhoek. Net oor die berg is Kraankraal van waar die Engelse weer opereer. Ek weet seker dat die Engelse dit die brandpunt gemaak het van al hul operasies in die Noordweste en ook 'n groot gedeelte van die binneland. Dit is sy werk om uit te vind wat daar aangaan, verkenners op te spoor, voor te lê en te vang. Hy moet lis gebruik, lis, lis, lis!"

Sarel bewe nou van opgewondenheid. As hulle so 'n leier kon hê! Dis die soort werk wat hy van hou. Daar kan hulle hom stuur. Generaal Schalk Muller het sy verbeelding aan die gang gesit en hy sien hom, die Ruiter in die Nag, daardie verkenningswerk doen. Willem, daardie troue vriend van hom, sal hom bystaan. As hy nog maar 'n paar van sy vriende kon kry om hom te help. Maar daar praat generaal Muller weer.

„Wanneer kan jy vertrek?"

„Vannag nog as Generaal wil."

Haastig kyk generaal Muller op. Iets in Sarel se stem het hom laat opskrik. Toe bekyk hy Sarel aandagtig en vir die eerste keer merk hy hoe fier en regop die jongman hier voor hom staan, hoe vas en ferm die dun lippe saamgepers is, en hoe vurig die oë laai op laai vonkel.

„Verdeksels, Sarel! Is jy nie die Ruiter in die Nag nie?"

„Tot u diens, Generaal."

„Sluit by my kommando aan, kêrel. Jy en ek saam, dis wat ek graag sal wil sien."

„Eers as my werk by Swartfontein klaar is, Generaal."

„Nou praat jy soos 'n man. Ek sal jou met ope arms ontvang . . . Kyk, rus nou vannag en môre en dan kan jy môrenag weer vertrek. Mag jy nooit in die hande van die vyand val nie! Jou volk het jou nodig. Nag, Sarel."

„Nag, Generaal."

Toe Sarel by die tent buk om uit te gaan om Willem te gaan spreek, roep generaal Muller hom weer terug.

„Is jy getroud, Sarel?"

„Nee, Generaal."

„Seker darem 'n nôi?"

„Nie eintlik nie, Generaal, maar ek het darem iemand lief."

„En sy?"

„Nee, Generaal, sy het die Ruiter in die Nag lief."

Generaal Muller lag so hartlik hieroor dat Sarel ook saam lag.

„Dan weet sy nie dat jy daardie Ruiter is nie?"

„Nee, Generaal."

„Met haar liefde sal jy nog baie meer uitrig as nou."

„Generaal, die eerste kans wat ek weer kry . . ."

„Dis reg, Sarel, dis reg. Nou ja, nag, Sarel."

Wel, dink Sarel toe hy buite in die nag kom, die eerste groot, verantwoordelike tog was nie eintlik 'n sukses nie, maar hy het generaal Schalk Muller, daardie gevreesde vegsman, ontmoet, 'n man wat hy darem so eg menslik gevind het, en dis die menslikheid wat hom laat besluit om nog dapperder as ooit tevore vir hierdie byna hopelose saak te veg. Hy het in generaal Muller 'n verwante gees ontdek en het nou meer gloed en ywer. Rustig slaap die manskappe in groepies rondom hom. Hier gloei 'n man se pyp, moontlik is dit 'n ou vegsman wat dink aan sy vrou en kinders wat hy tuis laat staan het, en wie weet, miskien is huis en hawe al verniel. Dié kant, by 'n reuse-kameeldoringboom, is die wagte by die perde, van waar Sarel nou en dan 'n stem hoor, maar nooit 'n lag nie. Hier onder die hemele is dit so rustig en stil dat Sarel vir die oomblik vergeet dat dit oorlog is. Dan dink hy aan die agthonderd man wat nou hier slaap, en daar hy 'n baie gevoelige temperament het, wonder hy hoeveel sal in die volgende slag agterbly. Elkeen het 'n familiekring, waar vurig gebid word dat hy tog gespaar mag bly. Skielik staan Willem hier tussen 'n groep mans voor hom op, en so ingedagte is hy dat hy vir die oomblik nie besef wat Willem dan hier maak nie.

„Was jy by generaal Muller?" vra Willem slaperig.

„Ja."

„Wat sê hy?"

„Ons kan môre gesels, Willem. Kom ons soek 'n lêplek . . ."

So is hulle die volgende aand om tienuur weer weg. Lank het generaal Muller na die geklap van perdepote geluister en gewonder of hy Sarel Gereke weer sal sien.

Hulle het skof na skof sonder ongeval afgelê. Ná

ses nagte se trek het hulle byna in 'n Engelse kolonne vasgery, maar is gelukkig betyds deur 'n Boeregesin gewaarsku. Hulle moes toe 'n groot swaai by Britstown maak sodat hulle twee dae langer oor die terugreis geneem het. Miskien is dit omdat hulle gerus geword het toe hulle in 'n bekende streek kom, want by Soetwater, ongeveer sestig myl van Swartfontein, hul bestemming, ry hulle in 'n afdeling van generaal Maurice se leër vas. Weer het hulle hul uiteindelike ontkoming aan Sarel se voorgevoel te danke gehad.

Die twee ry op 'n stap duskant Soetwater in die doringleegte, min wetende dat die afdeling Engelse hulle al gewaar het en hulle nou skuil hou. Sarel voel baie tevrede, daar hy Vonk, sy ou maat, weer op Soetwater gekry het waar een van die seuns van oom Hendrik du Plessis hom baie goed versorg het. Op die lang tog het hy baie dae gewonder of Vonk nie dalk in die hande van die Engelse sal val nie, iets wat hy baie sou betreur, want hy voel net honderd maal veiliger op Vonk se rug as op enige ander perd.

Hulle is nou omtrent 'n duisend tree van die Engelse wat dadelik geraai het dat die ruiters seker 'n lang reis agter die rug het, want albei lyk uitgeput as jy na hul houding moes oordeel. Dis juis hier waar hulle hul misgis het, want hoewel Sarel en Willem baie uitgeput is, makeer hul perde niks nie. Soetwater is maar omtrent drie myl van die doringlaagte.

Nog 'n seshonderd tree en hulle sal tussen die Engelse wees, toe daar iets gebeur wat die Engelse nie volgens hul berekening verwag het nie. Die perd van kaptein Little, self ook 'n edel dier, runnik net so effens. In ander omstandighede sou Sarel dit seker nooit gehoor het nie, maar hy sien Vonk roer sy ore en kyk vorentoe, sy kop in die lug. Weer begaan kaptein Little 'n fout.

In sy oorywer om spioene te vang, soos die uitdruklike bevel van generaal Maurice lui, beveel hy sy manskappe om die ruiters voor te ja, daar die twee tog onraad gemerk het.

Nou is Sarel weer die kalmste van die twee en sê nog eers voor hulle wegja: „Willem, daar kom die Engelse. Ry soos jy nog nooit gery het nie," en toe saai hulle oor die aarde. Nog hou hulle bymekaar, want dit is in omstandighede veiliger. Hulle mag 'n skuilplek kry en kan hulle dan verdedig, want die Engelse kolonne is uiters twintig man sterk.

„Moenie skiet nie, Willem, ons staan 'n goeie kans om onder hulle uit te ja. As een te naby kom, sal ek skiet en jy kan dan weer die volgende een vat."

Die Engelse skiet nou, maar die koeëls trek bont. Iemand onder die vyand moet taamlik sekuur skiet, want kort-kort fluit daar 'n koeël baie venynig by Willem of Sarel verby. Sarel kyk om en sien dat een van hulle minstens 'n honderd tree voor die ander is en die pragtige perd wen nog steeds op hulle.

Haastig neem Sarel 'n besluit. Dit sal die eerste mens wees wat hy gaan skiet, maar dit kan nie anders nie. Die perd wil hy nie graag raak nie daar hy dit nooit oor sy hart kon kry om so 'n goeie dier dood te skiet nie. Nou weifel hy weer. Al die tyd ja hulle nog en het nog self geen skoot gelos nie. Sal hulle nie miskien kan uitvlug nie? Waarom moet hy 'n mens doodskiet! So bly die kwelgedagte by hom en toe hy klaar besluit het om maar aan te hou met jaag, hoor hy Willem langs hom gil en sien hom na sy been gryp.

„Ja, Willem, hou aan met ja!"

Agter 'n hoë doringbos neem hy posisie en wag die ruiter kalm in. Hy hoor dié 'n uitroep maak, maar luister nie eens nie. Bedaard lê hy aan, vat sekuur korrel

en brand dan los. Perd en ruiter val toe onder die stof. Weer hoor hy die tommies skree, dan klim hy op Vonk, bly so 'n ruk fier en regop sit, leun vooroor en praat met Vonk om hom te kalmeer. Sarel se plan gaan geluk. Willem is in die been gewond en moet eers ontvlug voor hy aan vlug kan dink. Hier gaan hy wag tot Willem eers goed onder die koeëls uit is. Die kolonne hou halt by hul gevalle offisier, vind toe uit dat hy nie getref is nie, maar sy perd is onder hom doodgeskiet, en hy self het lelik geval. So besig is hulle dat hulle Sarel nie merk nie, menende dat hy nog op vlug is en hulle hom later wel sal vang. Met 'n uitroep van verbasing wys een van die Engelse na hom, en iets in sy houding en onverskrokkenheid wek 'n vraag en 'n antwoord by hulle. Hierdie Boer is voorwaar nie 'n gewone burger nie. Hees van opgewondenheid sê een van die manskappe: „Die Ruiter in die Nag", en toe is hulle almal weer in die saal.

Maar die twee minute van stilstand het Sarel 'n kans gegee om sy planne ook agtermekaar te sit. Willem is nou uit die gevaar en sal later 'n boerewoning kan bereik waar hy verbind kan word. As sy plan nou nie slaag nie, sal hulle hom vandag vang, en nou eers kry hy regtig spyt dat hulle ooit hierdie laaste skof nog dieselfde dag gewaag het.

Terwyl hy jaag, neem sy planne vorm aan. Daar by daardie lap bosse is die riviertjie taamlik diep. Nes jy die loop deur is, is daar so 'n raps van kaiingbultjie, laag, maar darem hoog genoeg om 'n ruiter weg te steek. Nes hy die rivier of loop sal afgaan, sal hy die teuels los, sy hande in die lug gooi en oënskynlik uit die saal uit val. Die volgende oomblik sal hy in die loop wees, tussen die doringbosse, aan die oorkantse wal, uitja, en agter die kaiingbultjie sy koers verander en parallel met die Engelse jaag. As hy effens teen die bultjie ry,

sal sy spoor nie so wys dat 'n ongeoefende oog hulle sal kan volg nie en as hy eers die bulte verby is, sal die rivierstruike goeie skuiling gee vir mense-oë. Dan sal hy met 'n ompad Du Toitswerwe probeer bereik en so aan na Berghoek en Swartfontein toe. Beter kon sy beraming nie geluk het nie, behalwe dat wat skyn moes wees, werklikheid geword het. Net toe hy in die sloot wou afgaan en hom klaarhou om sy hande in die lug op te gooi, kry hy 'n skoot in die regterskouer. Die slag ruk hom byna van Vonk af, sy geweer val en terwyl hy dwars skuif in die saal, moet hy lelik vashou aan Vonk se maanhare om in die saal te bly. 'n Juigkreet gaan van die agtervolgers op. Nou ry hulle meer op hul gemak, want die voorstes kan sweer dat hulle Sarel sien val het, Van die agterstes jaag egter verby aangesien hulle meen dat hulle uiteindelik die Ruiter in die Nag gevang het en hulle baie krygsroem sal verwerf as hulle by generaal Maurice kom met hierdie selfde Ruiter wat hulle al so baie hoofbrekens besorg het.

Die agterstes is egter nie heeltemal seker waar Sarel in die sloot afgeval het nie, is ook maar versigtig, want die Ruiter het so 'n reputasie dat hulle nie weet waar hy nou skuil mag hou en dalk op hulle gaan skiet nie. Iewers in hierdie bosse moet hy wees, want in die ope verwag hulle hom nie. Almal maak net gissinge hoe of die Ruiter wel lyk. Daar is dié wat meen dat hy nie heeltemal blank is nie, ander weer dat hy 'n soort van onmens is met lang hare en baard, 'n woeste uitdrukking op sy gesig. Enigeen wat hy in die hande kry, sal hy verskeur, meen hulle, en daarom gaan hulle uiters versigtig te werk.

Op en af langs die sloot soek hulle, dán hierdie kant en dán aan die oorkant. Dan val dit een by dat hierdie nasie wat hulle Boere noem, baie lief is om in erdvark-

gate weg te kruip, en nou begin 'n gesoek na erdvarkgate. Twee, drie erdvarkgate word nagegrawe, maar al beloning is 'n verskrikte muishond wat self in een skuil gesoek het. Skielik kry een darem 'n blink gedagte. Miskien is die Ruiter maar lig gewond en het hy aan die oorkant al tussen die digte bosse vorentoe gebeur, en daar gaan dit op 'n ja-galop al aan die oorkant met die rivierwal langs, maar in die teenoorgestelde rigting as dié wat Sarel gekies het.

Die son skroei. Al feller en heftiger brand dit. Sarel het 'n hoë koors en elke tree wat Vonk vorentoe gaan, is 'n steek in die skouer. Somtyds klou hy aan die saalboom of die maanhare vas as die duiseligheid te erg word. Sy lippe is horingdroog en sy kop klop aanhoudend van die koors. Hy het duskant Soetwater dwars regsweg geswaai en op 'n ja-galop Du Toitswerwe se rigting gekies. Hy wou daar aangaan om 'n bietjie te rus, maar sien betyds dat daar manskappe in die rondte is en tien teen een is dit mense van die vyand.

Nou kan hy dit haas nie meer hou nie. Van sy agtervolgers sien hy al ure lank niks meer nie, en hy het nou net een doel, en dis om die Boere-kommando te bereik voordat hy sy bewussyn verloor. Twee myl duskant Du Toitswerwe saal hy af om Vonk te laat uitrus, maar toe hy sien dat hy die saal skaars kan afhaal, laat hy dit net so op Vonk bly. Nou kan hy nie meer helder dink nie; al wat hy weet, is dat hy op die vlug is, maar kan nie verstaan waarom Willem dan nie by hom is nie. Die water wat hy by hom gehad het, is al lankal gedaan. Daar in die skaduwee van 'n doringboom rus hy, maar daar is iets wat hom sê hy moet weer ry, vorentoe, want nou weet hy glad nie meer waarom hy hier is nie en waarheen hy wou gaan nie.

Sy koors brand gedurig hoër, sy dors is ondraaglik

en met sy dik tong kan hy nie meer sy lippe nat kry nie. Dis of die skouer bedaar het en die kwaad nou in sy kop is. Slinger-slinger staan hy op, waggel nader na Vonk toe, maar dan word dit weer swart voor hom. Met geweldige kragsinspanning gooi hy die duiseligheid van hom af, hang 'n oomblik aan die saal voor hy hom beswaarlik inlig en probeer met Vonk te praat, maar kan nie meer 'n woord uitkry nie. Dit vorder nou maar stadig maar hy probeer aanhou. So sukkel hy nog twee myl aan en gly toe van skone uitputting uit die saal. Dit moet! Hy moet vorentoe! Aanhou . . .

So het Gert Celliers hom dan die agtermiddag op pad na Geelslang, 'n halfuur later gekry. Nog so deurmekaar het oom Lodewyk, Meester, Gert en Schalk Stofberg hom gekry met Vonk net 'n paar tree van hom af.

Hoofstuk VIII

Drie dae lank het hulle gevrees vir Sarel se lewe. Al die tyd was hy deurmekaar, maar nie só van sy wysie af dat hulle veel van sy ylery kon agterkom nie. Een keer het Willemien gemeen sy hoor die naam generaal Muller maar dit was maar alles gissinge. So ook was daar talryke gissinge deur die bewoners van die plaas en buurte wat Sarel eintlik kon aangevang het dat hy so swaar gewond is. Sou hy by 'n kommando aangesluit het en op die wyse gewond geraak het, of sou hy miskien ook spioenwerk doen? Hoewel Willemien niks gesê en hom maar net trou verpleeg het, was sy tog van mening dat hy 'n verkenner is. Maar . . . maar dan sou Albert tog weet! Albert! Byna het sy

hom in dié dae vergeet. Ja, vanaand sal sy Albert vra of Sarel nie 'n verkenner is nie. Daar Albert 'n verkenner is, sal hy tog seker weet wie die ander verkenners is en veral so 'n bekende een soos Sarel.

Soos gebruiklik, vra Albert 'n agt dae later hoe dit met Sarel gaan en of hy al buite gevaar is, maar lyk nie heeltemal op sy gemak nie toe Willemien hom verseker dat Sarel nou al weer sterk is.

„Albert, waarom lyk jy dan teleurgesteld?"

„Ek? Jy laat my lag, Willemien. Waarom sal ek teleurgesteld wees as 'n ou klasmaat van my amper uit die dood terugkom? Kom ons gesels maar oor iets anders. Ek het eintlik gekom om jou slegte nuus te bring."

„Slegte nuus, Albert?"

„Sleg vir my eintlik, ja. Ek verwag dat ek een van die dae na 'n ander verkennerskorps verplaas gaan word. Dan sien ek jou nie gou weer nie. Hulle mag my wegstuur."

Albert moes nog net byvoeg dat sy kanse van betrapping geringer sou wees, en dat hy eintlik aan kaptein Ricky gevra het of hy nie liewers op Kraankraal kan gaan verken nie. Maar hy is te versigtig om nou al te seker te wees van die verandering, want dalk word Sarel nog gevang en dan is die kanse van betrapping baie geringer. Willemien egter sien dit in heeltemal 'n ander en meer avontuurlike lig.

„Dink net wat kan jy nie nog vir jou land beteken nie, Albert; miskien kan jy jou volk op 'n ander plek beter dien."

Hierdie soort van bewondering en verering maak Albert elke keer seer, want hy is nog nie so diep geval om nie te besef dat sy handelwyse laag en gemeen is nie, te meer daar hy voorgee om te wees wat hy nie is nie.

„Ek is nie so dapper as wat jy dink nie, Willemien.'

„Dapper! Jy nie dapper nie, Albert! Nee, jy is net te groot om jou self te prys."

„Willemien . . . as ek nou . . . sê nou maar ek is 'n . . . verraaier gewees . . . en jy het my liefgehad . . . "

„Nee, maar dan sal ek jou nie liefhê nie, Albert. Jy praat nou van goed wat onmoontlik is. Maar wag, daar roep Sarel."

„Ek moet nou gaan, Willemien. Bly nog so 'n bietjie, Willemien."

„Ek kan nie, Albert, Sarel mag iets nodig hê."

„Ek wil jou iets vertel, Willemien."

„Nie nou nie, Albert. Is dit baie belangrik?"

„Nee, nie eintlik nie, Willemien."

Albert was op die randjie van 'n openhartige bekentenis, maar soos dit met so baie groot oomblikke in die lewe gaan, laat hy die geleentheid verbygaan, en môreoormôre sou hy weer so verhard wees dat hy dit nie sou doen nie. En so is hy die aand daar weg. Lank het hy in die veld rondgedwaal, onseker tussen sy plig en sy liefde vir Willemien wat die enigste opregte gevoel was wat hy in sy lewe gehad het.

Binne, by Sarel in die kamer, waar 'n vetkers flou sy liggie oor Sarel en die voorwerpe in die kamer gooi, is glad 'n ander atmosfeer, daar Sarel onbewus is van die afgrond wat om Willemien dreig, en alleen weet van sy liefde vir haar. Sarel, met sy arm in 'n verband, sit op een van die stoele.

„Willemien, ek voel baie beter vanaand."

„Ek is bly, Sarel. Jy was baie siek gewees."

„My ouers . . . ?"

„Hulle weet nog nie daarvan nie."

„Ek is bly. Wie het nou hier binne by jou gesels?"

„Albert."

„Albert!"

„Ja, Sarel."

„Maar . . ." Toe val dit Sarel by dat Albert Pretorius en sy pa gesiene boere is en dat hy die enigste een is wat weet dat Albert inligting aan die Engelse verstrek.

„Sarel, ek gaan jou vandag my geheim vertel."

„Ja, Willemien?"

„Die agtermiddag wat Gert Celliers jou gekry het, was hier 'n fees op ons plaas, Sarel."

„'n Fees! Wie het dan verjaar?"

Willemien lag lekker, iets wat sy in die afgelope agt dae van Sarel se siekte nooit gedoen het nie. Almal het maar gevrees vir sy lewe.

„Niemand nie, Sarel. Ek is verloof en dis dié. Jy is een van my getroue vriende en daarom wil ek dit aan jou self sê."

Die woorde het Sarel glad dronkgeslaan. Vanaand wou hy aan Willemien vertel wat hy al maande lank self weet, wat hom krag gegee het om die vergiftiging te beveg soos hy nog nooit teen 'n siekte geveg het nie. Nou moes hy nog net weet aan wie sy verloof was, en dan kon hy maar weer op sy togte in die nag gaan, onopgemerk en alleen.

„Wie is hy, Willemien?"

„Albert Pretorius, Sarel."

So haastig lig hy hom op dat die pyn in sy regterskouer weer vervat. Vermoeid en met Willemien se hulp gaan hy weer sit.

„Jy moet jou nie so vermoei nie, Sarel."

„Nee, ek gaan goed aan, Willemien."

„O, ek is so bly, Sarel."

„Oor 'n dag of wat moet ek weer weg."

„Waarheen, Sarel?"

„Ek weet self nie, Willemien. In tyd van oorlog is jy nooit seker nie."

„Terug na die Boere-kommando's?"

„Ja, Willemien."

„Dan is dit 'n Engelse koeël wat jou gewond het? O, ons het nie geweet hoe jy gewond geraak het nie, maar nou is ek so bly dat jy nog 'n ander van my vriende is wat vir die Boere veg."

Een vraag kwel Sarel nou. Willem het hom gesê dat Willemien aan hom te kenne gegee het dat sy op die Ruiter in die Nag verlief is, en hier kry hy haar verloof aan Albert Pretorius. Sou sy nie weet . . .

Bliksemsnel skiet 'n ander vraag hom te binne, maar Willemien se volgende woorde beantwoord die vraag so haarfyn, nes of sy dit kon geweet het.

„Sarel, jy is my trouste vriend; sal jy 'n geheim kan bewaar, so 'n geheim wat ek nie eens aan Pappie of Mammie kan vertrou nie? Niemand mag daarvan weet nie. Belowe my dat jy dit aan niemand sal sê nie. Belowe dit, Sarel."

„Ek belowe, Willemien."

„Ek is verlief op die Ruiter in die Nag."

„Dan . . . dan . . . En Albert?"

„Albert is die Ruiter in die Nag."

„O-o-o!"

„Weet jy wat daardie man vir ons Boere beteken! Die Engelse voel ongemaklik en onveilig as hulle sy naam noem of as hulle weet hy is in die nabyheid. Weet jy, Sarel, ek dink hy sal 'n hele kolonne Engelse die skrik op die lyf kan ja."

Haar gesig gloei van aandoening. In haar oë is daar niks te wonderlik vir Albert om te verrig nie, en as sy van 'n avontuur van die Ruiter hoor, dan glo sy elke

woord, hoe vergroot of verdraaid dit ook al mag wees, en wat nie vertel word nie, fantaseer sy nog by.

„En om te dink dis Albert, Sarel."

„Ja. En dan het jy hom lief, Willemien?"

„Ja, Sarel."

Sarel kyk daar teen die oorkantse muur vas met 'n stil gebed in sy hart dat Willemien tog nooit eendag mag weet wie Albert regtig is, en hoe sy naam 'n skandnaam onder die Boere sal wees, hoewel nog niks definitiefs teen hom bekend is nie. So gaan sy hart nou uit na die enigste vriend wat hy oor het, sy troue perd, Vonk.

„Wat het hulle met Vonk gemaak, Willemien?"

„Pappie het hom gaan wegsteek. Hy sê die Engelse moet hom nie te sien kry nie."

„Ek is bly, Willemien. Oom Lodewyk was altyd lief vir mooi perde."

„Sarel, jy weet jy het my nog nie eens gelukgewens nie."

„Ek wag vir 'n ander geleentheid en as ek eers sterk is . . . Willemien, vra oom Lodewyk om Vonk môrenag hier te hê. Ek moet weer weg."

„Jy sal nog nie kan roer nie, Sarel."

„Ek moet. Dit kan nie verhelp word nie. Ek het ook pligte wat op my wag."

„Hulle kan 'n paar dae langer sonder jou klaarkom."

„Jy sal nie verstaan nie, maar môreaand sal ek al nege dae gemors het. Elke dag tel nou. Ek moet, ek moet weg!"

„Nou ja, dan sal Vonk môrenag hier wees en ons sal sien of jy kan ry."

Die volgende dag staan Sarel vroeg op, sy regterarm nog in 'n verband en sukkel swaar-swaar van die een

vertrek na die ander. Oom Lodewyk hou hom aandagtig dop en bemerk nou eers, na hy Sarel al jare ken, 'n wilskrag en durf wat hy nooit by die ingetoë seun gesoek het nie. Hy het meester Van Dam stilletjies laat weet om weer oor te kom sodat die goeie oom Gert en tant Hannie tog nie onraad moet merk nie. Skaars is Meester daar, of hy roep Sarel alleen in die kamer.

„Sarel, wat hoor ek? Verbrands, jy kan nie vannag al weer weg nie! Kyk, jy kan nog skaars loop."

„Ek het al genoeg tyd gemors, Meester."

„Hulle sal jou tog nie by die kommando kan gebruik nie."

„Ek het ander werk ook, Meester."

„Jy kan nie gaan nie."

„Goed, dan loop ek vannag. Kommandant Verster se kommando kan nie te ver wees nie."

„Goed, gaan dan maar as jy jou dood soek." Skielik kry Meester gedagte van Albert en Willemien en raai toe dat dit die rede is.

„Het Willemien jou gesê van haar verlowing? Luister, Sarel, ek wil met jou ernstig praat. Weet jy dat Albert 'n Engelse spioen is?"

„Wie sê so?"

„Ek."

„Hy kan nie 'n Engelse spioen wees en ook 'n Boereverkenner nie!"

„Hy is nie 'n Boereverkenner nie, Sarel."

„Sal ek dan nie die verkenners ken as ek by die kommando is nie?"

„Dan is hy 'n verkenner?"

„Ja."

„Wat 'n verligting. Oom Lodewyk en ek het albei gemeen . . ."

„Oom Lodewyk en Meester was altwee verkeerd."
„Dan wil jy nog vannag gaan?"
„Ja, Meester."
Stadig draai meester Van Dam om om die kamer te verlaat. Hy is nog nie heeltemal tevrede nie, maar Sarel is tog nou so vasbeslote om vannag te gaan dat niks ook meer sal help nie.
„Meester!" roep Sarel hom terug.
„Ja, Sarel?"
„Baie dankie dat jy so besorg oor my is. Ek waardeer dit baie, maar dit kan nie anders nie. Moenie dat Ma hoor dat ek gewond was nie. Sy sal haar tog net onnodig kwel."
„Daar is niks anders wat ek vir jou kan doen nie, Sarel?"
„Nee dankie, Meester."
„Sarel, ja, voor ek vergeet. Ons het lank laas van die Ruiter in die Nag gehoor."
„Miskien is hy dood of gevang, Meester."
„Miskien, Sarel."
Sarel kan sweer dat hy meester Van Dam hoor lag het toe hy die kamer uitstap na oom Lodewyk.
Die aand voor Sarel se vertrek, het hy darem goeie nuus ontvang. Schalk Stofberg, wat daar verbygegaan het, vertel dat hy Willem vandag op pad na Swartfontein gekry het, Willem is dus waarskynlik heeltemal herstel.
Lank het Willemien die aand na die geklap van Vonk se pote gestaan en luister en 'n vreemde verlange, wat sy nie kon verklaar nie, het by haar kom posvat.
Albert kan sy in die laaste tyd nie meer verstaan nie . . .

Hoofstuk IX

Een aand, ongeveer twee weke later, vind daar twee gesprekke plaas wat in baie nou verband staan met die avonture van Sarel Gereke. Die eerste een vind plaas op Stilhoek in die kantoor van kaptein Ricky, in wie se afwesigheid sake waargeneem word deur luitenant Drew. Generaal Maurice het dit goed gedink om kaptein Ricky eers terug te roep na die hoofkwartiere op Kraankraal, aangesien hy tog nie veel uitvoer nie en die bedrywighede van die verkenners oor die algemeen baie toeneem, terwyl die Ruiter in die Nag veral baie bedrywig is. Hy was 'n geruime tyd doodstil en hulle het gemeen dat kaptein Little en sy afdeling hom gedood het daardie dag naby Soetwater. Nou egter is hy baie bedrywiger as ooit tevore. Kaptein Little was juis net aangewys vir promosie toe die Ruiter weer bedrywig word.

Dat luitenant Drew nou vanaand gebelg is, kan elkeen verstaan, want hulle het Sarel feitlik in die hande gehad.

„Mnr. Pretorius, wil jy vir my sê jy het al die tyd geweet waar die Ruiter is en jy het ons nie kom sê nie?"

„Ja, Luitenant."

„Waarom?"

„Dis julle plig om hom te vang of uit te snuffel waar hy hom skuilhou."

„As dit nie was dat jy al baie vir ons beteken het nie, het ek jou laat arresteer as 'n medepligtige. Ek wonder nog of dit nie die regte ding is nie."

„Jy verstaan tog, Luitenant, ek kan nie iemand van my eie nasie vang nie. Dit was ons ooreenkoms. Ek sal julle net inligting gee as dit my mense nie regstreeks skade kan berokken nie. Moes ek jou kom sê het dat

die Ruiter daar of dáár gewond lê en verpleeg word? Julle sou die huismense ook as medepligtiges beskou het. Nee, Luitenant, dis nie ingesluit in ons ooreenkoms nie."

„Goed. Mag ek jou waarsku, Albert Pretorius, om in die vervolg versigtiger te wees en mnr. Lodewyk van Renen en sy gesin ook te waarsku."

By hierdie woorde skrik Albert nou terdeë, want hy het nooit gedroom dat luitenant Drew dit sou raai nie.

„Oom Lodewyk van Renen!" roep hy verbaas uit. „Wat het hy daarmee te doen?"

„Ons weet dat jy amper elke dag soheentoe gaan. Ons het darem nooit geraai dat hulle die Ruiter verpleeg het nie."

„So, dan spioeneer julle op my ook?"

„Dis oorlog, meneer Pretorius."

„Maar julle spioeneer tog nie op jul eie mense nie!"

„Jy is nie een van ons nie. Miskien is *jy* nog die Ruiter in die Nag. 'n Ruk gelede het ons jou ook verdink."

„Luitenant!"

„Dis oorlog, meneer Pretorius! Ons moet versigtig wees."

Vir die eerste keer van die aand toe kaptein Ricky hom om sy dienste gevra en hy dit gegee het, sien Albert sy dade in die regte lig, en hy walg meer daarvan as wat kaptein Ricky dit kon gedoen het. Was dit nie dat hy reeds te vér gegaan het en dat die vyand hom nou soos klei in hul hande het nie, dan het hy teruggedraai en by die Boerekommando aangesluit. Hulle vertrou hom dus nie! Hoe moet dit nie wees as jou eie mense jou die dag nie meer vertrou nie, dink Albert, en by die gedagte word hy rooi van aandoening en skaamte. Toe praat luitenant Drew weer:

„Jy hoef ons nie te help as jy nie wil nie. Ek het jou laat roep om jou hierdie voorstel te maak: Gee die Ruiter in ons hande en dan is al jou verpligtinge teenoor ons op 'n end. Ons sal jou nie weer om iets vra nie. Jou hawe en jou mense s'n sal nie aan geraak word nie. Meneer Van Renen s'n ook nie. Ons sal alle papiere waar jou naam in voorkom vernietig en geen haan sal weer daarna kraai nie."

Albert dink weer terug aan die eerste aand. Daar was 'n skermutseling die dag naby hul woning. Toe het hy vir die eerste keer besef wat 'n werklike geveg sou beteken. Sy hare was klam teen sy voorkop aan, so senuweeagtig was hy vir die gefluit van die koeëls en die bars van die bomme. Die Engelse het 'n Engelse offisier in hul huis gedra, sy bo-skedel heeltemal weggeskiet, en tog het hy nog 'n rukkie gelewe. In sy benoudheid het hy in 'n kamer gehardloop om weg te kom van mense-oë. Hy onthou nog goed dat sy pa so kalm bly sit het asof daar niks gebeur nie. Ja, kaptein Ricky moes sy benoudheid gesien en toe daarvan gebruik gemaak het, want dieselfde aand het hy hom beweeg om die Engelse te help. Hy moes hulle net nou en dan help, dan sou al die verskriklikheid gouer op 'n end wees. Waarom moet hy dit weier as hy sy nasie 'n groot diens kan bewys? Hulle sal tog uiteindelik verloor en hoe taaier hulle hou, hoe meer lewens beteken dit. Hy moet hulle net die beste paaie beduie, sodat hulle strategiese posisies kan inneem en dan sal die Boere moet oorgee. As hy van bewegings van die Boere hoor, moet hy dit net sê, niks meer nie. Hulle wil nie bloed vergiet nie, maar die Boere uitoorlê sodat hulle uiteindelik verplig sal wees om oor te gee. Toe het hy belowe, en kyk hoe diep het hy nie al geval nie. Nou is hy 'n verraaier, gebrandmerk vir die nageslag . . .

„As ek dit vir julle doen, sal julle my nie weer kom lastig val nie?"

„Nee. Dit belowe ek jou."

„En niemand sal ooit weet dat ek my mense verraai het nie?"

„Hoe sal hulle dit ooit weet as jy dit nie self sê nie?"

„Ek wil drie dae hê om daaroor te dink, Luitenant. Vanaand oor drie dae sal ek jou my antwoord bring."

„Goed. Onthou, ons reken op jou."

Die ander gesprek vind weer plaas in kommandant Verster se tent. Kommandant Verster het Sarel laat roep en solank hy wag, stap hy op en neer, vryf sy hande in mekaar en lag sag asof hy baie in sy skik is. Toe hy weer sien, staan Sarel in die tent en dit val Verster dadelik op hoeveel skraler Sarel geword het. Die kêrel moes regtig swaar gehad het.

„Ek wil jou net gelukwens, kaptein Gereke."

„Kaptein!"

„Ja, Sarel. Ek het nou net berig gekry dat jy op aanbeveling van generaal Schalk Muller tot kaptein bevorder is en aangesê word om 'n verkennerskorps te vorm. Jy moet jou eie manskappe kies. Kolonialers as dit moontlik is. Dit lyk dus of hulle baie van julle kêrels dink. Jy moet vereers die korps nie sterker maak as twintig man nie, en kies die dapperstes. As almal so onverskrokke is as jy, Kaptein, weet ek nie waar jy twintig vandaan gaan kry nie. Geluk, Sarel. Jy het dit verdien. Jou kaskenades is oral bekend en die vyand het respek vir jou. Ek verstaan hulle het 'n prys op jou hoof gesit en nou sal jy versigtig moet wees. Daar is genoeg verraaiers hier rond om jou lewe onveilig te maak. Maar ek is regtig bly dat hulle jou tot kaptein bevorder het en 'n beter keuse kon hulle nie maak nie."

„Kommandant!" is al wat Sarel kan sê. Hy dink aan

Willemien en hoe trots sy sou gewees het as dit Albert was.

„Sarel, en nou jou werk. Jy moet so hinderlik vir die vyand wees as moontlik kan. Vang hul spioene en verkenners. Win inligting vir die Boere in. Neem hul proviandwaens af, soos jy reeds 'n aanvang gemaak het. Probeer hul bewegings hier agterkom. Maar een van jou eerste take is om die Boere te vang wat hier uit ons kamp aan die Engelse inligting verstrek. Ek het jou al voorheen gesê dat inligting aan uitlek is en jy self weet dat iemand uit my kommando gereeld vir Albert Pretorius ontmoet. Ons wil weet wie hy is. Vang ook die Engelse verkenner wat agter die Swartfonteinberge bedrywig is en breek sy korps op. Besonderhede kan ek jou nie gee nie en jy moet maar self probeer uitvind. Ons meen darem dat kaptein Little die verdagte verkenner is."

„Ja, Kommandant. En as ek daarmee klaar is?"

„Dan moet jy na generaal Schalk Muller vertrek. Hy wil jou hê, maar ek wil eers hê jy moet die Engelse verkenner vang, want hy is baie lastig. Jy sal self weet hoe om te werk te gaan. Ek weet net van die ruiter wat agter Swartfonteinberge bedrywig is en wat seker 'n Engelse verkenner is. Miskien kan jy daar agter die berge 'n bietjie verkenningswerk doen. Ek weet nie . . . Nou ja, Kaptein, gaan soek jou manne self uit. Al is dit nie twintig nie, maar maak seker dat jy op elkeen kan staat maak."

Sarel se heel eerste keuse is Willem de Villiers, sy ou vriend, en toe Jan van Renen, Willemien se broer, wat nou ook al by die kommando aangesluit het. Sarel het al opgemerk dat Jan een van die onverskrokkendste burgers is en hoe groter die gevaar des te plesieriger is Jan. Hierdie drie is dan nou ook al onafskeidelik en

Jan en Willem sou hom baie kon help. Op aanbeveling van die twee het hy nog nege ander burgers uitgesoek, sodat sy korps 'n twaalf man sterk is. Jan van Renen het hy aangestel as tweede in bevel van die korps, aangesien hy seker meer as een dag afwesig sal wees. Dit was op die punt van sy tong om Jan alles te vertel en ook van sy vermoede dat Albert 'n Engelse spioen is, maar toe besluit hy om maar te wag, miskien is daar 'n ander oplossing.

Die nag gaan Sarel met groot planne slaap, want hy wil generaal Muller, en die ander wat vertroue in hom het, nie teleurstel nie.

Sarel weet nie hoe lank hy geslaap het nie, al wat hy weet, is dat iemand aan hom roer en sy naam sag fluister. Met 'n ruk sit hy regop en sê half hard: „Wat is dit?"

„Sjt! Sarel. Hendrik Boom het nou-nou hier weggesluip, sy perd, wat eenkant gespan was, opgesaal, en toe in die rigting van Kraankraal gery. Ek het gedag ek sal jou maar sê."

„Wanneer was dit, Jan?"

„Nou-nou, Sarel. Hy het sy perd 'n ent weggelei en kan nog nie te ver wees nie. Ek dink hy het ook met iemand anders gepraat."

„Jan, sê môre aan kommandant Verster dat ek weg is. Vertel hom ook hiervan. Hendrik sal vannag weer terugkom, maar ek sal seker 'n dag of wat weg wees. Ek wil die hele ding uitpluis, al moet ek ook tot in die Engelse kamp gaan. Kry jou bevele maar van kommandant Verster . . ."

Vyf minute later lei Sarel weer vir Vonk 'n ent van die laer en verdwyn ook in die rigting van Kraankraal. Nog 'n hele rukkie kan Jan dof die geklap van perdepote hoor. Voordat hy aan slaap raak, dink hy dat hy tog môre vir Willem gaan vra wie die Ruiter in die Nag is.

Die kans het hy egter nooit die volgende dag gekry nie. Min het hy geweet dat hy Sarel vir 'n hele paar dae nie weer sou sien nie.

Hoofstuk X

Hendrik Boom was die seun van 'n arm bywoner op Du Toitswerwe, die plaas van oom Adriaan Stofberg. Jan en Willem het hom nogal dieselfde aand aanbeveel as 'n verkenner omdat hy stil van geaardheid is, en hier verdwyn hy in die nag. So gaan Sarel Gereke se gedagtes. Hy is nou nugter wakker. Elke sintuig is geskerp en elke senu is gespanne. Dit sal vanaand op geluk moet afgaan, want dis nuwe maan, en daarby nog 'n bleek dynserigheid wat jou nie veel kans gee om vér te sien nie. Sarel sit en dink hoe sy pa meer as een dag gesê het oom Niklaas Boom maak 'n fout om vir hom uit te trek vir die seun van hom. Hy het hom nogal laat leer—hy moes onderwyser word—toe het die oorlog uitgebreek. Die mense het dit baie mooi gevind toe Hendrik een van die eerste Kolonialers was om aan te sluit. Ja, afkoms tel, het sy pa, oom Gert Gereke, meer as een dag gesê, en dan het hy met sy pa geredeneer. Sê nou sy pa was reg, dat Hendrik nooit uit sy omgewing geneem moes word nie? Sou hy 'n verraaier wees en sou hy anders gewees het as oom Niklaas hom op die plaas gehou het?

Maar nou verban Sarel hierdie gedagtes uit sy kop. Tussen Kraankraal en kommandant Verster se kommando is daar net een plek waar 'n mens die berg kan oorgaan en dis 'n driekwartier te perd hiervandaan. Sarel druk nou om eerste daar te wees, maar dit beteken

dat hy 'n ompad moet gaan, daar hy tog nie teen Hendrik wil vasry nie. As Hendrik in Kraankraal se rigting gaan, dan moet hy daar oor die berg. Dit gaan op 'n ja-galop. Kort-kort fluister Sarel 'n aanmoediging in Vonk se ore en dan waai hy sy kop en rek hom soos hy galop. Dis of Vonk weet wat van hom vannag verwag word.

Skielik sien Sarel 'n liggie 'n ent voor hom, nog voor hy die berg se hang vat, en dadelik hou hy Vonk in. Die liggie flikker effens, gaan uit en tien tellings later verskyn dit weer. Weer gaan dit uit om 'n rukkie later nog 'n slag te brand. Sarel weet nou dis die teken vir Hendrik Boom. Hy gaan nou versigtig nader. Hendrik mag in die nabyheid wees. Sarel kyk op en sien aan die stand van die sterre dat dit nie lank ná middernag kan wees nie. Daardie liggie brand nie verder as 'n myl en 'n half van hom af nie. Hy ry versigtig 'n entjie nader, maak Vonk toe aan 'n boom vas, en stap verder. Later hoor hy mense sag brom, sodat hy nog meer op sy hoede word, wetende dat hy nie meer ver kan wees nie. Toe hy naby genoeg en regs van hulle is, hurk hy neer agter 'n swart ysterklip. Hier gaan hy wag totdat Hendrik opdaag. Ná hy 'n rukkie gesit het, kon hy so nou en dan 'n woord van die gesprek opvang. Dis waarskynlik almal Engelse. Hulle kan ook nie meer as drie wees nie en dis vir hom eienaardig dat drie hierheen kom om een verkenner te ontmoet, of voel hulle nog nie veilig met die Boereverraaiers nie! Eers vang hy die woord „Verster" op en later weer „Pretorius". Sou hulle van Albert gesels, of sou hulle hom ook vannag hier verwag? 'n Entjie nader aan die drie man lê nog 'n groot ysterklip. Daarheen wil Sarel nou, kom wat wil. Daar sal hy kan hoor wat hulle gesels, al is dit ook nie alles nie, en miskien die stemme

herken, as daar bekendes by is. Met baie moeite sukkel hy nader op hande en knieë, want hy is bang dat as hy regop stap hulle hom dalk teen die lug sal gewaar. Een keer was hy seker dat hulle hom moes gehoor het, maar blykbaar het hulle tog nie, want hulle gaan aan met hul gesprek. Nog tien tree dan is hy by die klip. Maar voor hy weer kon roer, val hy plat op sy maag en lê so, roerloos, eintlik te bevrees om asem te haal. Die Engelse het die werda gegee. Sou hulle hom gewaar, of is dit Hendrik wat nou eers kom. Nee, dis Hendrik; hy herken hom aan sy stem. Maar wat is dit daardie? Hoewel Sarel al gehard geraak het en in baie noue ontkomings betrokke was, gaan sy hart botstil staan. Waarom het hy nie vir Jan of Willem saamgebring nie? Hier is hy net 'n paar tree van die vyand af en daar wys Hendrik na sy kant toe. Sou hy iets gewaar het of hom miskien netnou teen die ligter horison gesien het? Nee, hulle beweeg nie na sy kant toe nie en hy moes hom maar vergis het. Nou vang hy Hendrik se woorde op en die stel hom dadelik weer gerus.

„Het julle daar oor die berg gekom?" vra Hendrik en hy wys in die suidoostelike rigting.

„Ja . . . Het niemand jou sien gaan nie?"

„Nee, kaptein Little."

„Enige nuus, Boom?" vra kaptein Little en hulle gesels maar taamlik onverskillig en hard.

Sarel het gebruik gemaak van hulle gerustheid en die donkerte, en het so versigtig moontlik nader gekruip tot hy die groot ysterklip bereik het, nie vyftien tree van hulle af nie. Hulle het 'n vuurtjie aangepak, en by die lig daarvan kan hy hul gesigte duidelik sien. Dis vir Sarel of hy een van hierdie manne al tevore gesien het, maar hy kan glad nie onthou waar nie. Hy luister aandagtig, want wellig kan hy vanaand agterkom wie

die vernaamste verkenners is en waar hulle beweeg.

„Ja," sê Hendrik Boom, „ek het baie en interessante nuus vir jou, Kaptein. Sarel Gereke is tot kaptein bevorder en het sy eie verkennerskorps onder hom. Ek is een van hulle," en Hendrik lag heerlik.

„Wie is die Sarel Gereke?" vra een van die ander Engelse. Dis kaptein Little wat antwoord gee.

„Sarel Gereke is die verkenner wat ons drie weke gelede naby Soetwater gewond het. Weet jy nou?"

„Ja," sê die ander en daar is 'n kilheid in sy stem asof hy bygelowig raak hier in die nag, „ek weet nou. Die Ruiter in die Nag."

So, dink Sarel, dan is dit kaptein Little se perd wat hy daardie dag doodgeskiet het. Dis jammer van so 'n edel dier.

„Boom, ek wil elke beweging van hom weet. As daar iets belangriks gebeur en jy dink dat ek dit moet weet, kom dadelik na Spuitfontein toe. Dis drie myl duskant Kraankraal. As ek nie daar is nie, kan jy die berig aan kaptein Hall of luitenant Brenn afgee. Ons verkennerskorps is nou op Spuitfontein gestasioneer. As jou tyd beperk is en die saak is dringend, moet jy probeer om nege-uur in die aand by Die Rug te wees, want omtrent hierdie tyd gaan daar elke aand 'n rapportryer oor na generaal Maurice . . ."

Hier is handige gegewens en juis net wat Sarel verlang. Hulle het al gehoor van die rapportryer, of liewers vermoed dat daar so 'n ryer is, maar hulle het nie geweet waar hy hom ophou of beweeg nie. Dadelik besluit Sarel om van hierdie kans gebruik te maak en daardie ruiter te gaan voorlê. Wie weet, hy het dalk nog 'n handige rapport wat kommandant Verster weer kan gebruik. Toe praat kaptein Little weer.

„Maar daardie Ruiter in die Nag se bewegings wil

ek eers weet. Hou hy nog aan met sy nagtelike eskapades?"

„Ja, verlede nag was hy weer weg."

„Volg hom een nag. Hy het 'n nuwe terrein wat hy verken en ek wil weet waar dit is."

„Ja, maar ek is nou een van sy verkenners. Dit sal te gevaarlik wees."

„Jy sal dit moet doen. Dit lyk vir my ons kan nie meer op Albert Pretorius reken nie. Dit lyk amper of ons hom nie meer kan vertrou nie. Luitenant Drew het my ook gewaarsku. Pretorius het Sarel in sy hande gehad, maar wou hom om die een of ander rede nie verraai nie. Die kêrel slaan my dronk."

„Hy het 'n Afrikanermeisie vir 'n nooi."

„O . . . Ek wonder waar hy bly? Hy moes 'n rapport van luitenant Drew vannag hierheen bring en hy daag nie op nie."

Sarel lê baie ongemaklik, maar voel nietemin opgewek. Hier is vanaand groot dinge gaande en hy het nie op soveel sukses gereken nie.

„Luister!" sê kaptein Little. „Hoor julle nie ook 'n perderuiter nie? Nee, dis nou weer stil . . . Wat maak jy, Boom?"

Hendrik gaan dadelik platlê met sy een oor op die grond. Ja, daar hoor hy die ritmiese gedoef van perdepote, maar kan nie uitmaak wat daardie ander geluid is nie. Daar is miskien twee perderuiters . . .

„Dis reg. Hier kom iemand aan, of miskien twee."

„Dis seker Albert. Boom, gaan jy uit die lig uit en onder daardie doringboom in. 'n Mens kan nooit weet nie. As dit 'n onbekende is, hou hom dan onder skoot. Ons sal hier wag."

Die drie daar by die vuurtjie, en seker Hendrik ook, kon die perderuiter nooit met meer spanning afgewag

het as wat Sarel dit nou doen nie. Maar waar die ander senuweeagtig rondstaan, bly Sarel doodkalm en wag. Sy verbeeldingskrag gaan hy nie nou skiet gee nie en hom allerhande dinge voorstel nie, want hy het elke sintuig nodig in hierdie spel van vernuf teen vernuf. Onwillekeurig dink hy aan die woorde van generaal Schalk Muller wat hom aanmaan om die Boere-kommando's met inligting te help. Wel, hier hoor hy vanaand dinge wat kommandant Verster sal verheug. Hy weet ook dat Hendrik Boom die een is wat die Engelse op hoogte van sake hou aangaande kommandant Verster se bewegings, voorrade en rapportryers.

Daar klink die werda van die Engelse vir 'n tweede maal vannag. Sarel herken Albert aan sy stem en die Engelse waarskynlik ook, aangesien hulle nou weer begin praat en kaptein Little roep selfs vir Hendrik. Sarel kry egter 'n skok wat hom doodsbleek daar agter die swart ysterklip laat lê. Vannag is dit klaar met hom. Hy voel seker dat hy sy kommando nie weer sal sien nie. Albert lei twee perde die ligkol binne, sy eie en Vonk.

„Ken jy hierdie perd, kaptein Little?" vra Albert.

Maar dis Hendrik wat antwoord gee. „Dis Vonk, Sarel Gereke se perd. Waar kry jy hom?"

„Net 'n entjie van julle af, aan 'n boom vasgemaak."

Kaptein Little los 'n groot woord en dadelik is daar 'n beroering onder hulle. Party wil dadelik uitspring en hom gaan soek, maar Hendrik roep hulle.

„Hy is maar hier naby rond. Dis klaar met Albert en my. As Sarel hier uitkom, is dit klaar met ons."

Hulle praat nou baie sagter en een of twee kyk onseker die donkerte in.

„Ons is vyf man sterk," sê kaptein Little gerusstellend. „Ek stel voor dat een van ons dadelik terugjaag na luitenant Drew op Stilhoek en hom sê om versterking

te stuur sodat ons sy terugtog kan afsny. En jy, Peter, ry dadelik aan na Kraankraal en sê hulle moet die berg aan daardie kant bewaak. Ek sal self oor Die Rug na Spuitfontein gaan en daardie kant van die berg deursnuffel. Julle twee bly hier en as julle hom nie kry nie, raai ek julle aan om na Spuitfontein te kom, want onder die Boere sal dit dan nie meer veilig vir julle wees nie."

Sarel kon nie alles hoor nie, maar darem genoeg om te verstaan dat ruiters in alle rigtinge uitgestuur word om hom hier in 'n hoek vas te keer. Sonder Vonk kan hy nie ver in die nag beweeg nie, en dis nie meer as 'n twee uur voor dagbreek nie. Kalmer kon selfs 'n ou ervare vegsman nie wees nie. In 'n oogknip het hy alles opgesom, en weet dat oomblikke nou gaan tel. Hier is geen ander uitweg vir hom as om die dood vannag te trotseer nie. Links van hom, aan die berg se kant, is 'n baie ruig begroeide lopie, maar dis 'n goeie vyftig tree daarnatoe. Hy wil egter die lopie nie alleen bereik nie, maar ook voor een van hulle by Die Rug wees, die enigste oorgang oor die berg na Soetwater. 'n Perderuiter kan nie vinnig teen die berg uit beweeg nie en dis sy enigste hoop. Hy maak nog op 'n derde ding staat. Die vyand hier voor hom verwag dat hy na sy kommando sal vlug, maar nie oos waar die Engelse laer nou is nie. Hierdie paar dinge moet hom vanaand red. Dit alles het hy egter in enkele sekondes uitgeredeneer. Die Engelse hier voor hom is half dronkgeslaan en beskou Vonk asof hulle dit nie kan glo nie.

Kil en fors hoor hulle 'n stem geen vyftien tree van hulle af nie.

„As een van julle vanaand roer, dan is hy dood. Hendrik, jy en Albert ken my en weet dat ek een vir een van julle daar in die lig kan raak skiet. Raai die ander aan om nie te roer nie . . ."

Verder kon hy nie praat nie. Die verwagte het gebeur. Hy het geweet dat hulle hom nie 'n kans gaan gee nie, want hy is alleen en sonder ryperd. Terwyl hy nog praat, skreeu Hendrik en wys na die klip. „Daar is hy, agter daardie klip!"

Albert skop die vuur juis op die oomblik dood om hul lewens te beveilig en weer is dit volgens Sarel se berekening. Hulle oë sal nou 'n geruime tydjie neem om gewoond te raak aan hierdie duisterheid, en in hierdie paar sekondes probeer hy om die veiligheid van die ruigte te haal. Die vuur spat soos die Lee-Metfords die lope leegspu in die rigting van die ysterklip en in die gedreun kan hulle hom nie hoor hardloop nie. Albert en een van die Engelse hardloop regs in die hoop om, in geval van aftog, hom voor te keer. Albert skreeu iets. Die skote bedaar. Hulle kom weer bymekaar om te beraadslaag. Miskien is Sarel geraak, heel moontlik al ontvlug, of miskien lê hy hulle daar en inwag.

Albert gee egter die beste raad aan die hand. Twee man moet hier bly, laag gehurk, sodat hulle iemand teen die uitlig kan sien beweeg en die ander moet die klip van agter nader en Sarel dwing om oor te gee.

Daar word nie verder tyd verspeel nie. Albert en een van die Engelse bly hier voor op wag en kaptein Little en die ander sirkel wydlangs om die klip.

Later eers toe hulle by die ysterklip kom, vind hulle uit dat Sarel ontvlug het.

„Ons kan nie meer tyd mors nie. Hy kan nie te ver vlug in 'n paar uur se tyd nie. Ons kan hom vang voor hy sy kommando haal. Boom, gaan jy maar wag hou duskant Verster se kommando, maar moenie dat sy verkenners jou vang nie. Ons moet nou dadelik ons koers gaan. Ons het al te veel tyd verloor. Jy, Peter,

moet maar dadelik na Kraankraal gaan, en jy, Albert, moet maar Stilhoek se koers vat en hou jou oë oop . . . Nee, wag, Boom, ek sal sy ryperd self hou—vir die een van my wat hy verlede maand doodgeskiet het."

Haastig swaai hy sy ryperd om, want kaptein Little wil nog voor dagbreek Die Rug bereik.

Dis ook Sarel se doel, hy wil ook graag voor dagbreek daar wees. Hy is nie van plan om te voet na sy kommando terug te gaan nie.

Hoofstuk XI

Vandat Sarel daardie vyftig tree tussen die ysterklip en die ruigte agter die rug het, het hy nie weer een oomblik stilgestaan of gerus nie. Dis nie meer by hom 'n begeerte om van die vyand en die verraaiers van sy eie nasie te ontkom nie, nee, daardie avontuurgees wat hy in so 'n rype mate besit, spoor hom aan om gevare te verag en met die dood self te speel. Sy avontuurlike gees wil nog meer gevare die hoof bied en dis of hy byna spyt is dat hulle hom nie gevang het nie. As hy die vooropgestelde plan, om een van hulle by Die Rug voor te lê nie gehad het nie, sou hy so sweerlik nou 'n skree gegee het, hulle uitgenooi het om hom te kom vang. Maar hy wil hulle by Die Rug voorlê en dan daarvandaan die ander weer agtervolg, veral Hendrik Boom en Albert Pretorius, want Albert sou hy baie graag wil sien om met hom 'n paar woorde te wissel. Ja, vanaand is hy die Ruiter in die Nag, daardie een wat menige rapportryer al benoude oomblikke in die nag besorg het.

Daar is by hom nie 'n gedagte aan rus nie. Deur

die water hardloop hy voort, struikel nou oor los klippe en gly dan oor gladde, mosbedekte rivierklippe. Daar voor hom teen die uitlig kan hy al Die Rug sien, so 'n uitham in die Swartfonteinberge en daarheen gaan dit al doller en doller. Sy broek is geskeur, die onderpante al sopnat soos hy plek-plek deur die water hardloop wanneer hy die loop nog 'n slag moet deurgaan. Maar sy Martini Henri het hy nog by hom en die patroonband om sy nek en skouer geslinger. Van een ding is hy bewus en dis dat niemand te perd hier gouer sal gaan as hy nou hier klim nie, sy lyf erg vooroor sodat sy hande byna die grond raak. Op, al hoër en hoër gaan dit en nog hoor hy geen ruiter wat hom agtervolg nie; of liewer daar is geen ruiter kort op sy hakke nie. Toe hy die lopie die laaste keer deurgaan, skep hy gulsig water met albei hande en slurp dit op.

Eindelik is hy bo en gooi hom uitgeput agter 'n rotswand, na aan die voetpaadjie neer. Voor hom skyn die môrester blink en helder. Dis so 'n môre van vrede dat hy haas nie kan besef dat dit oorlog en hy self 'n vlugteling is nie.

Wat is dit? Laer teen die berg af hoor hy 'n klip losrol teen die hang af. A, een van sy agtervolgers; moontlik die boodskapper na Spuitfontein, want in hul laaste gesprek kon hy duidelik dié naam hoor en het vermoed dat hulle iemand daarheen sal stuur. Die geluk is vannag met hom. Hy het bloot hierheen geworstel in die hoop dat hulle iemand na Spuitfontein sal stuur wat hy dan kan voorlê. Ja, daar is dit weer, en dié slag baie duidelik en nader. Hy moet hier na aan die voetpaadjie wegkruip anders mag hulle hom teen die gesigseinder sien, daar die dag in die ooste agter hom begin breek. Al nader en nader kom die ruiter. Sarel bring die Martini Henri aan sy regterskouer.

Vanmôre sal hy nie speletjies kan maak nie, want dit mag meer as een perderuiter wees.

Die ruiter hou amper op Die Rug stil. Duidelik kan Sarel hoor hoe die perd se asem jaag. Sou die ruiter agterdogtig wees, of laat hy maar net die dier rus? Nee, daar beweeg hulle weer.

Duidelik klink die bevel in die môrelug: „Bly net so op jou perd sit! Hou jou hande hoog, hoër. Nog hoër! A . . .”

Sarel sê die laaste woord as die Lee-Metford hard op die los klippe val. Met sy Martini Henri op die Engelsman gerig, kom hy nader en beveel hom om af te klim. Nou eers bemerk hy wie die ruiter is.

„A, dis kaptein Little. Jammer, Kaptein, dat ek die ander dag jou perd moes doodskiet, want dit was waarlik waar 'n edele dier. Maar dis oorlog, Kaptein. Nee, nee, ek sal nie jou perd vat nie. Ek het nou vir Vonk. Belowe my net dat jy nie sal roer nie, Kaptein, want my hande jeuk vanmôre.”

Vonk ken en verstaan sy baas baie goed. Sarel het kaptein Little se geweer ook by hom en toe hy in die saal sit, staan Vonk so twee, drie keer op sy agterpote. Sarel kon nooit droom dat hy vannag so gelukkig sou wees nie om die rapportryer nou juis voor te lê wat Vonk ook by hom het. Hy het gedag dat hy maar op 'n vreemde perd sou moes staat maak. Versigtig retireer hy op Vonk en hou intussen kaptein Little dop vir enige agterdogtige beweging. Dié staan nog langs sy perd. Op 'n goeie afstand swaai Sarel sy hoed en roep kaptein Little toe: „As jy nog van plan is om my te vang, Kaptein, moet jy jou nou roer.”

Kaptein Little is egter nie van plan om hom so maklik te laat fop nie en skiet haastig sy pistool af, te haastig om sekuur korrel te vat. Weer 'n skoot en nog een.

Sarel buk laag in sy saal en fluister iets in Vonk se ore wat hom astrant laat snuif en toe verdwyn ruiter en perd in die kloof af.

* * * * *

Sarel het die dag nie veel moeite gehad om Hendrik Boom, Albert en die ander te ontduik nie. Niemand kon raai dat hy weer op Vonk is nie, en toe die son opkom, al weer onder die vlakte naby die plaas Berghoek afsaal. In 'n ou kraal, op 'n verlate veepos, het hy die dag deurgebring met niks anders as die beskuitjies wat hy in sy saalsak het nie. Water was daar by die veepos volop, en so het hy die nag afgewag. Vonk het in die nabyheid op 'n kol boesmangras gewei, terwyl Sarel die omgewing fyn dophou om by die geringste onraad Vonk te vang en op te saal. Toe die skemer toesak, vang hy Vonk, saal hom op en sit 'n geruime tyd doodstil op hom, in gedagte verdiep. 'n Verlange het by hom posgevat om Geelslang en Willemien van Renen nog net weer een keer te sien, om haar net te bedank vir haar versorging en haar te sê dat hy weer gesond is. Daarna sal hy sake ernstiger aanpak.

Dis 'n rustige Februarie-aand. Met vlae sak die donkerte al meer en meer toe. Nou en dan rinkink die kenketting, die stang, of kraak die leer van die saalklappe soos Vonk rustig voortgalop. Die maan kom eers na nege-uur op en teen die tyd wil Sarel al op Geelslang wees. Die naaste pad, van waar hy is, na Geelslang is oor Draaikolk, hul eie plaas. Kort na skemerte kom hy in die geweste waar hy elke bos en klip ken. So heilig was die ou plaas vir hom nog nooit gewees nie. Rustig galop Vonk asof hier geen kwaad kan skuil nie en sy baas sit op hom in gedagtes verlore. Dan sak hy die hoogte af na hul werf, sien die tuinbome

hier neffens hom slegs as donker kolle. Daar brand die lig in sy ma se kamer. Tere gedagtes ontwaak in hom; hy dink aan die kommer en sorg wat hy sy moeder veroorsaak het. Ja, soos hy daar ry, kan hy duidelik die grys hare in sy verbeelding sien, die effens voor-oorgeboë figuur, wat stil haar pliggies verrig.

Daar blaf Wagter nou. Onstuimig spring hy al voor Vonk rond. Die gordyn by die venster word opsy geskuiwe en hy sien sy moeder soos sy probeer om in die nag in te kyk. Haastig verdwyn sy van die venster en voor Sarel nog by die voordeur kom, maak sy dit al oop.

„Sarel! Hoe bly is Ma nie om jou weer te sien nie. Leef jy regtig nog, Sarel? Ek het geweet dat dit jy is!"

„Ja, dit is ek, Ma."

„Nou moet my kind tog nie weer gou weggaan nie."

„Ek het net kom groet, Ma."

„Ek gaan eers vir jou 'n koppie warm koffie maak, Sareltjie."

„Waar is Pa, Ma?"

„Hy lê al. Gaan sit by hom in die kamer, Sarel."

Besorg het tant Hannie om hom gedraai, wou weet of hy nie honger ly nie en of hy tog snags warm slaap. Teer en sag is die lig in sy oë as hy met haar praat. Ja, as die vyand durf waag om tant Hannie en oom Gert uit hul huis te drywe, soos dit nou op baie plekke gaan, sal hulle van hom 'n rasende maak.

„Het hulle al ooit vir Ma-hulle hier op die plaas kom hinder?"

„Nee, kindjie. Hier is kort-kort spioene wat kom loer of jy nie hier is nie, maar hulle hinder ons darem nie . . ."

Na 'n tweede koppie warm koffie is Sarel weg. Toe hy hom op Vonk swaai en nog vir laas na die ouerlike

woning kyk, klem hy sy lippe nog stywer op mekaar en kyk daar vér voor hom. Wagter draf 'n hele ent saam, maar met die grootste gesukkel kry Sarel hom darem later weg van hom. Toe gaan dit op 'n stywe galop na Geelslang, wat nog vier myl verder lê.

Toe die maan kort na nege-uur opkom, bespied Sarel die werf aandagtig, besluit dan dat dit heeltemal veilig is om nader te ry.

Willemien maak die deur oop asof sy iemand verwag het. Sy skerm die lig met haar hand en vra wie dit is.

„Sarel, Willemien."

„Sarel! Kom haastig in, Sarel. Luitenant Drew en 'n paar manskappe was al twee keer vandag hier. Moenie in die lig staan nie. Kom binne."

„Maar jy het iemand verwag, Willemien!"

Sarel kon sien dat sy onrustig is. Wat sou die besoeke van Drew en sy manskappe beteken?

„Sarel, ek is bly dat jy hier is. Jy móet my help. Waarom was luitenant Drew twee keer vandag hier? Weet hulle iets van Albert af? Hy het gesê hy kom vanaand weer en hy het nog nie uitgekom nie. Ek is baie onrustig . . . En, Albert . . . daar is iets wat hom vreeslik hinder, maar ek kan nie uitvind wat dit is nie. Jy is tog by die kommando en kan hom miskien in die hande kry. Praat met hom . . . ek weet nie, ek weet nie . . . Ek het 'n nare voorgevoel amper asof 'n onheil gaan gebeur. Sarel, is Albert 'n Boereverkenner?"

Blitsvinnig kom die vraag, en baie onverwags. Wat moet hy antwoord? Sal hy haar sê dat Albert saam met luitenant Drew werk? Dan kyk hy in Willemien se oë en sien hoe haar hele bestaan van sy antwoord afhang, en toe kon hy nie meer aarsel nie. Hy moet maar voorgee dat Albert 'n Boereverkenner is.

„Ja, ek dink so, Willemien. Ek sien hom darem byna nooit nie."

„Jy dink maar so, Sarel? Jy is nie seker nie? Schalk Stofberg sê my dat hy hom al verskeie male by luitenant Drew gesien het. Wat kan dit beteken, Sarel?"

„Miskien moet hy so sy plig vervul. In tyd van oorlog kry 'n mens soms snaakse opdragte. Jy moet partykeer in die vyand se kamp gaan."

„Dit is wat Albert ook sê. O, Sarel, ek wil, ek moet hom vertrou, maar ek is so bekommerd. Is hy nie dalk . . . 'n verraaier nie? Sê my, Sarel?"

„Wat laat jou dit dink, Willemien?"

„Ek weet nie, Sarel. Iets hier binne sê my net dat alles nie pluis is nie."

„As Albert vannag kom, vra hom dan daarna. Alles sal regkom, Willemien, en moet jou nou nie meer bekommer nie . . ."

Maar Sarel voel ongemaklik en wil die gesprek liewers 'n ander wending gee. Hy kan nie verdra om Willemien bekommerd te sien nie.

„Ek moet nou gaan, Willemien. Ek het net gekom om jou baie te bedank vir jou verpleging. Ek is weer perdfris."

„Ek is bly, Sarel. Wees net versigtig, Sarel, as jy buite kom. 'n Mens kan nie weet of hier spioene rond is nie."

Lank nadat Sarel weg is, het sy nog vooroor langs die tafel gesit. Sy kan haar hart vanaand nie verstaan nie. Waarom is sy so besorg oor Sarel se veiligheid? Is dit net vandat Sarel gewond was?

Waarom is sy vanaand blyer oor sy besoekie as wat sy al ooit oor een van Albert s'n was? Kon dit maar wees . . . Haastig staan sy van die tafel op. Vir die eerste

keer dink sy aan die moontlikheid dat Sarel die Ruiter in die Nag mag wees . . .

En Sarel het sy planne ook reg. As Willemien nog vir Albert vanaand te wagte is, dan moet hy nog kom en hy gaan hom hier waar die dorpspad in Geelslang se pad kom, inwag. Hy wou eers anders met die verraaier gewerk het, maar kan Willemien se oë nie vergeet toe sy hom so smekend en bekommerd aangekyk het nie.

Sou Sarel 'n voorgevoel hê dat mense-oë juis op hierdie oomblik vir hom bespied? Sarel kyk oor sy skouer die nag in, maar sien niks agterdogtigs nie. Vir die laaste uur egter lê hier al iemand op die kol waaisand, reeds kort na Sarel hier kom wag hou het. Iets moes die geheimsinnige wagter groot tevredenheid gegee het, want hy vryf sy hande teen mekaar van stil genot toe hy uiteindelik seker is dat dit wel Sarel is wat hier op Vonk wag hou. Versigtig skuif hy eers op sy maag 'n hele entjie terug, gaan toe koes-koes tot by sy donkie, wat 'n hele ent verder vasgemaak staan, en gaan toe op 'n ja-galop die nag in.

Uiteindelik het hy sy beloning vir die nagte van wag hou, dink die geheimsinnige ruiter.

Albert het die nag egter nooit opgedaag nie en lank na middernag is Sarel weg in die rigting van Nouputs, Albert se pa se plaas. Hier ook is hy teleurgesteld geraak, want by die huis ry hy in twee wagte vas en kon net betyds van hulle wegja.

Hoofstuk XII

„Wel, Luitenant," sê kaptein Little van die verkennerskorps aan luitenant Drew die aand ná sy ontmoeting met Sarel, „dit lyk of die Ruiter in die Nag ons

nog 'n keer gefop het. Ons het elke duim grond tussen Die Rug en kommandant Verster se kommando deurgesnuffel en kon hom nie kry nie. Kommandant Verster se kommando het juis vandag verder suid teruggeval, want 'n afdeling van generaal Maurice se leër het dit vir hulle te warm gemaak. Met die skermutseling links van Waaihoek kan ons egter nie baie seker wees of Sarel Gereke nie langs Droërivier af gevlug het nie. Oor die berg is hy nie en ook nie terug na sy kommando nie. Die vent sal maak dat ek later my verkenningswerk net so sal los en net vir hom opspoor."

„So, dan het hy nie van my alleen 'n gek gemaak nie, Kaptein." Luitenant Drew probeer nog om oor sy eie flou grappie te lag. Hulle het kaptein Ricky van Stilhoek teruggeroep omdat hy te laks was, en vir hom, luitenant Drew, 'n kans gegee om die Ruiter tot verantwoording te bring, en tot dusver het hy nog niks uitgevoer nie.

„Waar bly Albert Pretorius dan?"

Luitenant Drew haal sy skouers op.

„Waarom sal ons gebruik maak van so 'n papbroek?"

„Hy sal wel later lastig word," meen kaptein Little.

„Juis, Luitenant, en daarom het ek 'n gawe plan. Raak van altwee ontslae. 'n Ongeluk op die aand van ons planne, 'n blote ongeluk. As ons hom nou aansien vir die Ruiter van die Nag of so iets . . ."

„Ja, maar ons wil tog die Ruiter vang; ons wil hom nie doodskiet nie."

„Presies. Maar Luitenant, ek sê mos dit sal 'n ongeluk wees. Wag, ek hoor iemand loop. Dis seker nou Pretorius. Laat al die planne en voorbereidings aan my oor . . . Naand, meneer Pretorius. Jy is laat vir jou afspraak . . ."

„Ek kon nie eerder kom nie. Wat wil julle van my hê?" Albert sê die laaste half-venynig, daar sy eie aandeel in hierdie sameswering hom al baie ure van kommer besorg het.

„Jy is nie in 'n alte goeie luim nie, meneer Pretorius."

„Dit het niks met die saak te doen nie. Ek dag julle het belowe om my voortaan in vrede te laat."

„A, maar ons voorwaarde was dat jy ons eers moet lei tot by die Ruiter in die Nag."

„Sover was julle nog te aan die slaap vir hom. Wat wil julle vanaand van my hê?"

„Luister," sê kaptein Little. „Ons sal hom dié keer vang. Daar sal nou nie weer 'n kinkel in ons berekenings kom nie. Promosie sal my en luitenant Drew nie sleg te pas kom nie en daarom gaan ons môrenag seker maak."

„Môrenag!"

„Is jy verbaas, Pretorius? Ek ken ook nou 'n bietjie van die geheimsinnige Ruiter, en hy het dié aand alles gehoor wat ons gesels het. So weet hy van die rapportryer wat elke nag om nege-uur oor Die Rug gaan en hy sal môrenag daar wees."

„Hy sal seker vannag al daar wees."

„Ek glo nie, maar om seker van ons saak te wees, het generaal Maurice bevel gegee dat geen rapportryer dit vannag oor die berg sal waag nie."

„En wat moet ek nou doen?"

„Jy moet verdwyn."

„Verdwyn!"

„Ja. Sê aan jou mense jy gaan vir 'n paar dae weg, en sorg dat jy wegkom uit die omgewing."

„Maar waarom dan?"

„Omdat ons weet dat die Ruiter op jou spoor is. So, jy skrik, nè? Wel, verlede nag om nege-uur was

daar iemand op die plaas Geelslang. Ons het 'n wag uitgesit en dié het hom gesien. Ons raai dis die Ruiter. Daarvandaan is hy weg, en het hy weer gaan wag net waar Geelslang se pad in Stilhoek se pad kom. Terloops, daar is iemand anders ook op die Ruiter se spoor, iemand op 'n donkie. Die wag het hom gesien. Kort voor dagbreek is hy toe na Nouputs, julle plaas, maar daar het die wag hom verskrik. Dis eintlik jammer, want ek sou graag wil weet wat die Ruiter van jou wil hê . . ."

„So, dan sit julle al wagte op ons plaas ook! Dink julle ek sal wegvlug?"

„Dis oorlog, meneer Pretorius."

„Luitenant, ek is nie so 'n behandeling gewoond nie."

„Dit is kaptein Little se bevele."

„En as ek nou nie wil verdwyn nie, Kaptein?"

Kaptein Little haal sy skouers op en maak 'n gebaar om Albert te laat verstaan dat hulle verwag dat hy sal maak soos hulle sê. „Ons sal jou dan maar moet ontvoer, want dit lyk of die Ruiter erg besorg is oor jou. As jy uit die pad is, sal hy daardie rapportryer gaan voorlê, daar is ek seker van. Wat gaan jy maak?"

„Hoe lank moet ek wegbly?"

„Net vir agt-en-veertig uur. Dis al."

„En julle sal my nie weer vra om iets te doen nie?"

„Nee, dan sal ons jou dienste nie meer kommandeer nie."

„Hoe meen julle om hom te vang?"

„Ek is jammer, meneer Pretorius, maar dit mag ek nie sê nie."

„Goed. Goeienag."

„Goeienag, meneer Pretorius."

Albert is skaars by die stoeptrappies af of kaptein Little roep een van sy manskappe.

„Volg Albert Pretorius, Alex. Voer jou bevele nou-keurig uit en sorg dat niks verkeerd gaan nie."

„Goed, Kaptein."

Toe hulle weer alleen is, draai luitenant Drew vinnig om na kaptein Little en vra verbaas: „Ek dag dan jy sê Albert Pretorius gaan ook in die slag bly, en nou stuur jy hom met opset uit die gevaar?"

„'n Mens kan uit die een gevaar in die ander gaan, Luitenant."

„Jy bedoel?"

„Alex sal daarvoor sorg. Môre sal hy by Albert aansluit, liewers teen môreaand en hom dan so lei dat hy in die hande van die Boere-patrollie land. Vir Alex sal hulle weer vrylaat, maar ek twyfel of hulle dit met Albert Pretorius sal doen. Het ek die ding nie haarfyn uitgewerk nie?"

Kaptein Little blaas die lig uit om saam met luitenant Drew na hulle kwartiere te gaan en juis op dié oomblik hoor hy duidelik die gekraak van voetstappe op die gruis, buitekant die gebou. Oombliklik vat sy hand na sy pistool en gryp hy met die ander hand luitenant Drew aan die arm.

„Sjt! Het jy ook voetstappe gehoor, Drew?"

„Dit was vir my of ek iets gehoor het."

Sag fluister kaptein Little: „Gaan na die venster en kyk of jy iemand gewaar. Ek sal by die deur uitspring."

Kaptein Little is haastig by die deur uit, agter die gebou om, 'n ent met die straat af, maar kan niemand gewaar nie. Stilhoek is doodstil, nêrens brand daar eers 'n liggie nie. Luitenant Drew het van sy pos af ook niks gewaar nie.

Eers toe hulle 'n tweede straat indraai, glip iemand haastig agter 'n ou vervalle bakoond uit, wat in die aangrensende erf is, sluip versigtig die dorp uit, mis net

die slaperige wagte en klim toe op sy donkie, Swael, en daar gaan dit op 'n houterige galop, in Droërivier se rigting.

Ja, dink die ruiter, hy het nou al min of meer al die bewyse wat nodig is vir die beloofde beloning. Jammer net dat hy nie kon hoor wat hulle gesels het nie . . .

Hoofstuk XIII

Albert is die aand daar weg van kaptein Little en luitenant Drew, en skaars kom hy buite in die vrye lug of hy besef hoe laag hy reeds geval het. Hier wil die twee hom gebruik sonder inagneming van sy eie gevoel. Dit is dan wat hulle van 'n verraaier dink . . . Hulle vertrou hom nie, en hoe kan hulle ook, dink hy vererg. Sou hy 'n Engelsman vertrou wat oorstap na die Boere-kommando's? Hulle gebruik hom net. Sedert sy laf-hartigheid daardie aand na die eerste skermutseling in hul buurt, het hy stadigaan laer en laer gedaal totdat hy hom nou al self verfoei. Albert Pretorius! Hoe sal die naam in later jare nie verag word nie. En hy dra self skuld daarvan.

Ingedagte ry hy aan na hul plaas, Nouputs. Naby Waaisand gewaar hy vir die eerste keer dat hy agtervolg word. Hy trek sy perd op 'n ja-galop en hou so aan vir die eerste twee myl en hou toe stil. Ja, sy agtervolger moes ook vinniger gery het want duidelik kon hy die galop van die ander perd hoor. Nou ja, dan sal hy maar vanaand nie na Willemien toe gaan nie, hy het in elk geval al besluit om nie op Geelslang aan te ry nie. As Willemien vanaand met haar onskuldige oë in syne kyk, sal hy sy geheim verraai. Maar hy gaan darem nie

toelaat dat sy agtervolger hom ongemak verskaf nie. Hulle mag dink dat hulle hom liggaam en siel besit, maar hy het ook tot 'n besluit gekom. Hulle dink hulle het Sarel, maar hy gaan hulle plan verongeluk. Vanaand sal hy maar teruggaan na hul plaas, daar uitrus, en as hy môre niemand raakloop wat 'n boodskap na kommandant Verster kan neem nie, sal hy Sarel self teen die aand se kant gaan waarsku. Hy moet net nie agterdog verwek deur sy bewegings nie. Dis nou 'n goeie ding dat hulle hom spioen, want langs die weg gaan hy ook eer uit sy onderneming kry. Môre sal hy hulle flous.

Ná sy besluit voel sy gemoed baie ligter. Die nag het hy ook nie weer so onrustig geslaap as voorheen nie.

Die voormiddag gaan sonder enige voorval verby. Hy weet dat as hy sy perd opsaal, sy agtervolger ook uit een of ander plek te voorskyn sal kom. Dit word egter laat en hy moet nou begin.

Trou, sy ryperd, word opgesaal. Aan sy huismense sê hy dat hy na Willemien toe gaan, en hy ry toe ook werklik in Geelslang se rigting. Alex Mann, wat kaptein Little aangestel het as Albert se oppasser, is taamlik gerus en ry op sy dooie gemak reg in die rigting van Geelslang. Toe hy ná 'n rukkie nog niks van Albert gewaar nie, word hy agterdogtig en ja weer terug. Omtrent 'n uur later, toe hy al weer wou omdraai, in die waan dat Albert seker maar na Geelslang is, gewaar hy Albert toe hy juis 'n twee myl voor hom oor 'n rantjie verdwyn. Alex Mann weet nou waarheen Albert hou en moor sy troue dier in 'n poging om Albert in te haal. Nie te ver of Albert gewaar dat hy weer agtervolg word en van nou af probeer nie een van hulle om hulle weg te steek nie, maar jaag maar een stryk deur so hard hulle kan.

Alex los sy eerste skoot, nog een en weer een. As Albert hom vanmiddag ontvlug, sal hy daarvan rekenskap moet gee aan kaptein Little. Maar die koeëls spat bont en Albert sou seker nooit die skoot gekry het as hy meer gelukkig gewees het nie. Skielik voel hy 'n brandpyn in sy linkerbeen en weet dat hy gewond is. Waar hy netnou nog opgewonde was, is hy nou meteens kalm en vasberade met net één doel voor oë, om nog hulp voor vanaand te kry. Hy weet nie presies waar Sarel se kommando is nie en neem 'n haastige besluit om Alex om die bos te lei en terug te ja na Geelslang. Oom Lodewyk sal wel 'n plan kan maak. Die been gaan hom hinder. Hy moet . . . Met 'n ompad ja hy deur Droërivier en vat die pad terug na Geelslang.

Dadelik is Alex gerus, want hy het Albert sien swik in die saal. As Albert nie 'n plaas haal nie, gee hy ook nie juis om nie. Kaptein Little het tog gesê as daar 'n ongeluk kan gebeur . . . Nou ja, daar het nou een gebeur. Hy sal maar net seker maak waarheen Albert gaan en dan sal hy sy rapport neem na Stilhoek . . .

* * * * *

Oom Lodewyk van Renen, van Geelslang, voel vanmiddag nie tevrede met die verloop van sake nie. Hy kan niks tasbaars teen Albert Pretorius, Willemien se verloofde, kry om haar te dwing om die verlowing te breek nie, en tog is hy daarvan oortuig dat alles nie pluis is nie. As hy net tien jaar jonger was, het hy Kolbooi self opgesaal, by die kommando gaan aansluit en sou hy binne tien dae presies geweet het wat daar in die weer is. Hy verwens vandag se jongkêrels. Sy eie seun Jan het hy gevra om sy ore tog daar by die kom-

mando oop te hou, maar het nog nie eens van hom gehoor nie. Jan, besluit oom Lodewyk, is ook maar 'n vrotsige jongkêrel en glad nie sy seun nie. Daar is ook iets verkeerd met Willemien se gemoed. Ure aaneen kan sy sit en dink, haar nie aan die huismense steur nie, en as 'n perd se poot klap, dan is sy by die deur. En Albert was nou vir twee ronde dae nie naby die plaas nie!

Dan beswaar die toestand van die Boerekommando's hom ook. In sy opregte eenvoud het oom Lodewyk gedink dit sal Boer se kind net ses maande neem om die Engelse uit die land te drywe. Nou verneem hy van groot nederlae wat die Boere ly. Van die Boere se beste veggeneraals, volgens sy mening, moes al terugval, en ander weer moes oorgee. Wat kan dan verkeerd wees? So ken hy mos nie die Boere nie. Wat hoor hy nou van verbrokkeling, van burgers wat die wapen moedeloos neersmyt en praat van huis toe gaan? Oom Lodewyk moet die vernedering van sy volk so stil sit en aanskou, vernedering nie van buite nie, maar aangebring van binne deur hul eie geledere. Nee, hier op sy ou dag wil hy graag die Engelsman sien wat vir hom sy roer sal laat neergooi.

Hy kan die taktiek van die Boere nie begryp nie. Wat sou hulle dink? Hier sit ou kommandant Verster langs die Swartfonteinberge en rig niks uit nie, behalwe op en af te beweeg tussen Stilhoek en Verkeerdevlei en miskien nou en dan 'n paar skote op kleiner afdelings van die vyand te los. Dink hy 'n mens kan so 'n oorlog wen? Waarom ry hy nie reg in generaal Maurice se mag, en skiet die vyand dat hulle uitmekaar waai soos lappe nie? As hy tog eendag van die groot base in die hande kry, soos generaal Schalk Muller daar in Griekwaland, sal hy hom vra wat die Boere dan makeer, en of

hulle al te bang geword het om te veg. Skiet die klomp die see in, dink oom Lodewyk in sy eenvoud.

Met 'n ruk kom hy regop in sy stoel en kyk na die suidekant. Daardie ruiter ja of die duiwel agter hom is. Dit moet darem 'n doring van 'n donkie wees wat so oor een boeg kan galop. Hy staan op en stap die ruiter tegemoet. Handig gly Pieter Ulrig van die donkie se rug. Swael, sy rydonkie, snuif en draf so 'n entjie weg.

„Naand, oom Lodewyk. Ek het die weddenskap gewen en kom vanaand net my ryperd en saal haal. Oom het mos gesê . . . "

„Wag, Pieter, jy is te uitasem om nou te praat. Kom rus eers hier in die koelte en vertel my dan van die begin af."

„Goed, Oom, maar ek is al uitgerus."

„Nou vertel dan maar."

„Oom onthou mos nog wat Oom vir ons 'n maand gelede daar in die tuin gesê het. Ek moet vir Oom die naam van die Ruiter in die Nag bring, dan kan ek vir my 'n ryperd uitsoek. Wel, ek weet nou wie hy is. En Oom het gesê as ons kan uitvind wie die Boer is wat inligting aan die Engelse verskaf . . . "

„Ja, praat man, praat! Wie is hy?" vra oom Lodewyk opgewonde. Nou kan hy nie meer 'n sekonde langer wag nie.

„Oom, ek het toe so gereken. Ek het net vir Swael, my rydonkie, en die kêrels spot my daaroor, dus sal ek maar probeer."

„Laat staan maar daardie deel, kêrel."

„Ek het toe nag vir nag wag gehou. Oom, dit was glad nie maklik nie, kan ek vir Oom sê. Eers was dit snags doodstil, en dis net Albert wat hiernatoe kom."

„Die naam, man, die naam van die Ruiter in die Nag? Is dit 'n Kolonialer?"

„Ek sal netnou sê, Oom. Toe het ek hom een nag van kommandant Verster se kommando sien kom. Sien Oom daardie koppie?"

„Ja! Ja!"

„Hulle vertel 'n mens kan hom elke nag bo-op daardie koppie sien, maar dit is nie so nie. Maar daardie nag het hy tot op die koppie gekom. Hy moes vreeslik stil gekom het, want toe ek weer sien, is hy daar. Ek het nie twintig tree van hom af agter 'n taaibos gelê nie."

„En wie is dit? Ken jy hom?"

„Oom, ek was 'n bietjie te ver en kon nie bra uitmaak of ek die man ken of nie. Eergisternag het ek hom weer gesien. Weer het hy op die koppie uitgery, lank na die huis se kant sit en kyk en toe hiernatoe gery. Willemien het die deur oopgemaak en hom laat inkom. Ek was nog nie seker nie, Oom, en het gewag en gewag."

Eers het Pieter Ulrig se manier van vertel oom Lodewyk gehinder. Nou is hy kalm. Hy weet wie die Ruiter in die Nag is, want Willemien het hom vanmôre gesê dat Sarel Gereke hier aan was. Pieter kan nou maar op sy eie manier vertel; hy sal hom nie hinder nie, hoewel hy net lus was om die vent aan sy keel te vat. Willemien moet hierheen kom. Sy moet ook sekerheid kry.

„Wag, Pieter, voor jy verder vertel, wil ek net vir Willemien roep. Willemien! Kom hier, my kind!"

„Naand, Willemien," sê Pieter en hy draai sy hoed in sy hand rond. Wat hy te vertel het, kan nie vir haar aangenaam wees nie.

„Willemien, Pieter Ulrig sê hy weet wie die Ruiter in die Nag is, en nog meer. Vertel nou maar, Pieter."

Die begeerte om sy eie draaie en swaaie aan die verhaal te sit, is nou skoon weg.

„Nee, Oom, ek is toe agter die Ruiter aan na hy hier gisteraand weg is. Net waar die pad in Stilhoek s'n draai, het hy stilgehou en vir iemand gewag. Ek kruip nader tot ek in die stukkie maan se lig kon agterkom wie dit is. Dit was Sarel Gereke wat daar gewag het en nou kan ek verstaan waarom hy gewond was."

„Willemien, Sarel Gereke is die Ruiter in die Nag."

„A!"

„Pieter, vertel ons verder."

„Oom, ek weet nie of ek verder wil vertel nie. 'n Mens kan nooit seker wees nie."

„Pieter praat, of ek vat vanaand 'n sambok en slaan jou soos jou pa jou nog nooit geslaan het nie."

Pieter gee 'n droë slukkie. Hy sal maar end-uit moet praat, want oom Lodewyk sal daar niks van maak om hom 'n loesing te gee nie.

„Oom, Albert Pretorius verskaf die inligting aan die Engelse."

„Pieter! Pappie, dit kan nie waar wees nie . . . Dan is Albert 'n verraaier? Ek was daarvoor bang . . ."

Nòg oom Lodewyk nòg Pieter durf 'n woord sê. Al wat Pieter kon doen, is om Willemien versteend aan te kyk. Effens waggel sy, onderwyl haar oë vlam in die late gloed van die aandson en vaster druk sy haar lippe saam asof sy bang is dat sy te veel sal praat.

„Hoe weet jy dit, Pieter?"

„Drie keer het ek hom al agtervolg na Stilhoek. Gisteraand was hy weer daar. Hy was seker 'n halfuur saam met kaptein Little en luitenant Drew, maar ek kon nie hoor wat hulle gesels nie."

„Kyk, Willemien," sê oom Lodewyk verbaas, „daar kom Albert nou net aangeja. Maar wat makeer hom? Die man kan beswaarlik in die saal bly. Help . . .

Pieter, hardloop gou die perd voor. Hy gaan reguit stal toe."

Die son sak net agter die rantjies weg toe die perdepote oor die werf dreun. Albert lê vooroor en hou krampagtig aan die maanhare vas. Toe Pieter die perd van die stal af weg keer en hy skielik swenk, val Albert met 'n dowwe geluid op die grond.

Willemien is die eerste by hom. Toe sy sy kop optel, maak hy sy oë swaar oop, glimlag flou en fluister die een woord: „Water."

Gulsig gryp hy na die beker wat hulle bring, en drink tot hulle dit voor sy mond moet wegneem.

„Albert, daar is iets wat jy wou kom sê het. Wat is dit?"

„Oom Lodewyk, hulle gaan vanaand vir Sarel in 'n hinderlaag lei . . . by Die Rug . . . nege-uur . . . "

„Gee hom nog 'n bietjie water, Pieter."

„Wie, Albert?"

„Kaptein Little . . . Sarel is die Ruiter in . . . die Nag, oom Lodewyk . . . "

„Pieter," sê oom Lodewyk haastig, „ons sal Albert versorg. Neem vir Kolbooi en ja vir al wat jy werd is na kommandant Verster. Waarsku Sarel om nie vanaand uit te gaan nie . . . "

„Nege-uur," fluister die gewonde weer flou.

„En dis al sononder. Jy sal dit nie maak nie, Pieter . . . "

„Ek het 'n plan, Pappie," val Willemien hom in die rede, „'n vrywillige kommando; Gert Celliers, Schalk Stofberg en die ander in die buurt sal ons help."

„Pieter, help ons gou met Albert en dan ja jy na Du Toitswerwe en sê vir Schalk om ons by Berghoek te ontmoet. Kom, seun!"

En op dieselfde oomblik was Sarel vir Vonk aan

opsaal om die rapportryer by Die Rug te gaan voorlê.

Van oom Lodewyk se planne sou egter ook niks kom nie, want skaars het hulle Albert in die huis of twee tommies kom op Geelslang aan om te sien dat niemand die plaas verlaat nie. Vanaand sal hulle op al die plase in die buurt twee wagte hê. Sarel mag nie gewaarsku word nie.

Hoofstuk XIV

Die skemer sak vinnig toe. 'n Doodse stilte heers daar vanaand op die Karoovelde. Die sterre flikker met 'n dowwer glans as ander aande, net asof daar 'n mistigheid in die lug is. Sarel het baie lof vanaand van kommandant Verster gekry en die belofte dat hy van volgende week af met sy korps meer noord kan trek om die Engelse afdelings in daardie dele lastig te val, en te kyk of hy nie hul verbinding met die hoofmagte kan afsny, konvooie afneem en so proviand aan die Boeremagte kan lewer nie. Hierdie soort werk is so reg na sy smaak, daar hy dan iets van die werklike gevegte sal sien en self ook slaags sal raak met die vyand.

'n Gevoel van onverklaarbare onrus het vanaand in hom kom posvat, en probeer soos hy wil, hy kan dit nou eenmaal nie van hom afskud nie. Dis 'n gevoel van naderende onheil nes of hier voor hom in die duisternis ongekende gevare skuil. Saggies praat hy met Vonk om tog sy eie stem te hoor in die hoop om so sy onrus weg te praat. Sou dit toeval wees, maar hy gewaar by Vonk daardie selfde onrustigheid. Telkens as 'n bossie kraak, of 'n uil voor hulle uit 'n bos opvlie,

spring Vonk opsy en Sarel moet dan sy bes doen om die dier te kalmeer.

'n Ent van die kommando gaan hy stilhou. Verster se kommando het in die afgelope week baie suidwaarts getrek sodat dit hom baie langer neem om Die Rug te bereik as die vorige keer. 'n Uur en 'n half harde ry sal hom eers by Die Rug bring, maar hy is nie van plan om die rapportryer juis daar voor te lê nie. Laat hy maar eers die berg afsak, die ruigte in, waar die klowe hom baie sal help as daar miskien onverwagte hulp vir die vyand mag opdaag.

Dis seker al nege-uur en nog talm Sarel. Hy klim van Vonk af, gaan plat op die grond lê en luister met sy oor op die harde gruiskol voor hom. Lank luister hy so, verbeel hom eers dat hy dof perdepote hoor klap, maar staan later teleurgesteld op. Dan met 'n verwensing spring hy op Vonk. Hy was nog nooit 'n lafaard en sal dit vanaand ook nie wees nie. Is hy dan bang omdat één ruiter netnou daar oor die berg gaan kom?

Onverskillig ry hy reg op kaptein Little, luitenant Drew en die ander af.

Vannag het hulle seker gemaak dat Sarel nie weer sal ontsnap nie. Links van die kloof, waarlangs Sarel moet kom om die enigste moontlike voetpaadjie na Die Rug te neem, lê kaptein Little en ses manskappe. Aan die ander kant is luitenant Drew en ses ander man in so 'n posisie dat hulle saam met Little se manskappe 'n tregter vorm, met Drew en Little op die voorpunt. Die afspraak is dat die ander Sarel ongehinderd sou laat deurkom, en dan sou hulle hom hier voor vang. As hy terugspring, sou die agterstes hom die aftog afsny.

„Hier kom hy nou," fluister kaptein Little. „Ons het nie verniet gekom nie."

Sou dit weer toeval wees, maar op dié oomblik hou Sarel Vonk in, luister aandagtig, maar hoor niks buitengewoons nie. As die Engelse hul perde by hulle gehad het, sou Sarel onraad gemerk het of liewer Vonk sou hom met 'n runnik gewaarsku het, maar hulle was selfs daarvoor bang en het 'n wag by die perde gelaat 'n halfmyl verder aan.

Vonk draai sy ore dan links, dan regs. Sarel leun vorentoe om iets in Vonk se oor te fluister, dan vat hy die voetpad al nader en nader na kaptein Little en Drew. Hy is op hulle . . . Vonk gee 'n waarskuwende snork en retireer op sy agterpote. Dis egter te laat.

„Steek jou hande op en hou hulle in die lug. Ons sal die keer nie weer 'n fout maak nie," sê kaptein Little.

Voordat Sarel nog reg weet wat gebeur, sien hy links, regs en agter hom soldate. Net 'n oomblik is dit of hy verbouereerd raak, maar dan sien hy die hopeloosheid daarvan in. Met sy hande in die lug bereken hy nog sy kanse om weg te vlug, maar besef darem dadelik dat dit onmoontlik sal wees aangesien hier minstens twaalf of vyftien man is.

„Klim af," beveel kaptein Little, „en net één verdagte beweging sal jou lewe kos, onthou dit."

„Dis vanaand jy wat die bevele gee, Kaptein."

„Ja, en jy sal nie weer 'n kans daarvoor kry nie."

„Mag ek weet waarheen julle my nou gaan neem, Kaptein?"

„Waar jou vriende jou nie weer sal kry nie. Maar jy hoef nie vir jou lewe te vrees nie. Jy is vir ons lewendig meer werd as dood, nè, Luitenant?"

En kaptein Little lag nou met 'n verligte gemoed. Vir hierdie knap stukkie werk van vannag gaan hy

promosie kry, dit is hom belowe. As hy die Ruiter nou maar net veilig oor die berg kan kry en eers by Spuitfontein het, sal hy geruster wees.

Die perde word gehaal, Sarel goed bewaak en toe begin die tog die berg oor, anderkant af en na Spuitfontein toe. Sarel besef dat daar nie vannag ontsnapkans sal wees nie. Kaptein Little beskou hom nie as 'n vyand nie, maar as iets meer waardevols. Baie voldaan met homself ry hy op die voorpunt. Aan die voet van die Swartfonteinberge, maar aan die anderkant, word afgesaal om die perde 'n halfuur te laat rus. Dan begin hulle hul laaste skof en kort voor dagbreek ry hulle die Engelse kamp by Spuitfontein binne, waar Sarel alleen in 'n tent bewaak word.

* * * * *

Willemien is nie van plan dat hulle haar hier op Geelslang gevange sal hou nie. Sy voel vanaand wonderlik gelukkig dat Sarel Gereke die Ruiter in die Nag is; dis vir haar of dit so hoort. Sarel was altyd stil en ingetoë van geaardheid, iets wat haar meer trek as al die lawaai en grootpraat. Maar sy voel baie jammer vir Albert en kan ook besef wat daar in sy gemoed moes omgaan. Gelukkig dat hy sy dwaasheid ingesien het, en wil vergoed vir wat hy verbrou het. Al waar sy egter nou aan kan dink, is dat Sarel in gevaar verkeer. Hy is nou seker al op pad na Die Rug. Stadig-aan begin 'n plan haar te binne skiet hoedat sy Sarel sal kan help. Hulle gaan haar hier nie hou nie, nie hierdie twee tommies nie.

Ou Booi, hul jong, is in die kombuis om sy aandete te kry. Tant Sarie en oom Lodewyk is by Albert in die kamer. Ja, nou is haar kans om haar planne agtermekaar te sit.

„Outa Booi, vanaand moet Outa my help."

„Ja, Kleinnooi. Wat is dit, Kleinnooi?"

„Outa, nes dit donker genoeg is, wil ek hê jy moet stal toe gaan en Kolbooi vir my gaan opsaal."

„My Kleinnooi, hulle sal my vang en, waar is ou Booi dan?"

„Outa Booi, jy is mos ook lief vir kleinbaas Sarel?"

„Ai, hoe kan my Kleinnooi dan nog vra!"

„Nou ja, hulle het hom gevang, Outa, en sal hom miskien nog doodskiet. Ons moet hom help."

„Wat kan ek doen, Kleinnooi?"

„Gaan saal net vir Kolbooi op, maar moenie dat hulle jou sien nie. Die saal is in die hoek op die krip. Laat Kolbooi dan net so in die stal bly."

„Hulle sal my Kleinnooi vang."

„Toe maar, Outa, hulle sal jou Kleinnooi nie vang nie. Gaan nou. Hier is jou kos. Wag jou kans goed af."

„Oubaas Lodewyk sal vir ou Booi doodmaak as hy dit uitvind."

„Toe maar, Outa, hy sal nie weet nie . . . "

Onder die aandete is Willemien besonder stil. Oom Lodewyk dink dis oor Albert en kan sy dogter nie verstaan nie. Albert is deels verantwoordelik vir die feit dat Sarel vanaand in die moeilikheid is, en hier sit sy en treur oor die niksnuts.

Dis elfuur. Die huis is doodstil. Nou en dan kraak daar 'n balk of rol sandjies saggies deur die plaveisel. Tot dusver het Willemien die tommies hier buite hoor gesels, maar nou is hulle òf na die buitegeboue om slaapplek te soek òf so nie is hulle voor die huis om. Saggies skuif sy haar raam op en luister weer. Buite klik die paddatjies onafgebroke en nou en dan laat 'n langasemvoël sy stem ook hoor. Verder hoor sy niks, gewaar ook nie die twee wagte nie. Versigtig en sonder

om 'n geluid te maak, klim sy deur die venster, praat met Wagter en sak stadig buitekant af. Toe staan sy stil en luister. Sou hulle haar miskien al gewaar het? Vas teen die agtermuur langs gaan sy tot by die kombuis en luister weer. Stil is dit, nes of die natuur ook slaap, en dit, saam met die gebeure van vanmiddag, maak Willemien huiwerig om die nag so alleen in te ry, net sy en Kolbooi. Maar hulle het Sarel nou al gevang, is haar gedagte. Sy durf nie aarsel nie. Vlug gaan sy oor die werf na die stal toe, en toe sy by die stalmuur kom, rus sy eers vas teen die muur, haar een hand op haar bors. Vinnig slaan haar hart en by tye dink sy dat sy seker maar droom. Eindelik is sy veilig in die stal. Kolbooi is soos 'n maat vir haar. Sy streel sy kop half ingedagte en half uit gewoonte. Vertroulik skuur hy met sy kop teen haar aan. Sy is dankbaar toe sy voel dat hy opgesaal is. Dan het outa Booi dit tog reggekry om ongemerk die stal in te gaan . . . Maar wat hoor sy nou hier buite in die kraal? Sy herken die stemme van die twee wagte, en 'n magtelose gevoel oormeester haar. Sal sy Kolbooi nie maar uitlei en tussen hulle deurja nie? Die stemme kom nader en nader. Hulle is al reg voor die stal. Suutjies buk sy onder Kolbooi se kop deur om hom tussen haar en die staldeur te kry. As hulle nou hier inkom, dan is haar saak verlore en sal sy nooit die tyding van Sarel se gevangeneming na kommandant Verster toe deurkry nie. Die twee draal nog voor die stal. Dis of Kolbooi weet wat gaande is, want hy bly net so roerloos staan soos Willemien.

„Ek sê jou, ons moet liewers in die pakkamer gaan slaap. Die stal sal te nat wees," sê een van hulle. „Kom ons gaan slaap."

„Een van ons sal moet wakker bly."

„Dan kan jy dit maar doen. Ek gaan nou slaap. Niemand sal vannag probeer wegkom nie."

„Ek is darem onrustig. Kom ons kyk net eers die stal ook deur . . ."

Nou maak Willemien haar klaar om ontdek te word. Hulle sal haar hier langs Kolbooi kry en seker terug neem huis toe en dan sal daar vannag nie weer kans wees om te ontsnap nie. Maar daar praat die ander een weer.

„Ek was vanaand vroeg al hier. Ek sê jou mos jy is verniet so onrustig. Dis alles jou verbeelding. Kom."

Sy hoor hulle wegstap. Die spanning is gebreek en nou eers word sy bewus hoe klam haar hande en voorkop van angs is. Sy trek die naglug diep in haar longe in, vee die sweet van haar voorkop af en besluit om nog 'n halfuur of so te vertoef. Die twee wagte is na die pakkamer en sy moet hulle eers 'n kans gee om aan slaap te raak. Dis seker al middernag. Sy wag maar, en wag nog. Dan lei sy Kolbooi uit die stal, oor die werf en by die leidam verby. Nou sal hulle haar nie meer hoor nie.

„Kolbooi, ou maat, vannag sal jy moet hardloop soos nog nooit te vore nie."

Kolbooi skud sy maanhare en kou die stang eintlik van ongeduld. Hy is self lus vir so 'n nagtelike rit.

Hoofstuk XV

Sarel skrik wakker, rek hom lui uit, lê 'n hele ruk bo teen die dak van die tent en vaskyk voordat hy eintlik besef waar hy is. Hy onthou nou die gebeure van gisteraand, dat hy gevang is en na Spuitfontein

gebring is. Wat sou hul plan verder met hom wees? Hy is 'n Kolonialer wat verkenningswerk doen, en is reeds bevorder tot kaptein. As offisier van die Boere kan hulle hom nie juis teregstel nie, maar wel omdat hy 'n Britse onderdaan is. Volgens die son-kol hier voor hom moet dit al haas middag wees. Dan het hy 'n goeie paar uur geslaap. So sal hy dan nog net die agtermiddag hê om planne te maak hoe om te ontsnap, want hy is nie van plan dat hulle hom tereg gaan stel nie.

Hy het dit aan sy eie onversigtigheid alleen te danke dat hy vandag hier sit en kan dus nie op sy korps steun, of verwag dat hulle hom moet help nie. Hulle sal maar ook eers 'n paar dae later agterkom dat hy gevang is, aangesien hulle weet dat hy op verkenningswerk uit is en seker nie dadelik onrustig sal word nie. Hier moet hy uit, al moet hy ook tussen 'n klomp tommies deur hardloop. Hy staan op, stap ongeërg in die tent rond en gewaar toe die twee wagte hier voor sy tent. Sal hy vannag kan wegkom sonder dat hulle twee die alarm gee? Seker onmoontlik. 'n Aanval maak dan? Nee, hy het geen wapen by hom nie en al sou hy dit ook gehad het, kon hy dit tog nie gebruik nie.

Die sweet tap hom af so warm is dit in die tent. Wag, hier hoor hy mos nou weer meer mense praat. So, dan ruil hulle net die wagte om. Hy moet weet hoe dikwels dit gedoen word. Dit sal onversigtig wees om 'n plan te maak en nie vooraf kennis te neem van die wagte, die ligging van sy tent en al die kamp-gebruike hier nie.

Sy middagete word ingebring en hy probeer 'n praatjie aanknoop met die tommie. 'n Norse antwoord is al wat hy kry. Nadat hy sy beesvlees en beskuit geëet het, gaan hy teen die tentpaal sit. Meteens staan hy op en stap heen en weer om sy senuwees tot bedaring te

bring. 'n Plan het hom te binne geskiet en so eenvoudig is dit, maar ook so gevaarlik, dat dit byna sy asem wegslaan. Onmoontlik! Hy kan nie daaraan dink nie. Maar hy ken darem elke duim grond in hierdie omtrek, en weet presies waar die tent staan, sodat as hy eenmaal buite die kamp is, hy sal wegkom sonder sy troue ou Vonk. Die Engelse kamp is hier amper in die middel van die dorpie, maar darem meer aan die westekant waar 'n groot blok onbeboude erwe lê. Noudat hy sy besluit geneem het, is hy ewe kalm. Laat die nag net eers kom en hulle kan kyk of hulle die Ruiter in die Nag gevange kan hou. En kaptein Little, die Engelse baasverkenner, wil hy flous. Later as hy eers weer sy vryheid het, sal hy hom probeer vang . . .

In die kamp self is daar 'n buitengewone drukte en opgewondenheid. Kolonel Lance gee vanaand 'n dansparty, en daar die offisiere al meer sulkes gehad het, weet hulle min of meer wat om van die aand te verwag. Die laaste konvooi het drank saamgebring, so lui die gerug, en die tommies sal ook hul deel daarvan kry. Elkeen hoop net dit sal nie sy lot wees om vanaand die tent te bewaak nie. Hier staan 'n klompie tommies druk en gesels juis toe kaptein Little so trots soos 'n kapokhaan daar verbystap. Hulle salueer. Netjies blink sy spore en elke knoop aan sy uniform blink.

„Kaptein!" roep een van die tommies. „Ekskuus tog, maar ons wil graag net iets vra."

„Ja?"

„Kan ons nie loot wie vanaand by die tent wag moet hou nie?"

Kaptein Little ruk hom nog 'n bietjie meer regop. Dis vir hom baie vleiend dat hulle juis vir hom vra, aangesien hier tog baie offisiere in die kamp is. Dit lyk ook vir hom of hulle meen dat hy eintlik die aanvoerder

hier behoort te wees. Maar die man hier voor hom vertolk sy houding verkeerd, en sê nou pieperig:

„Dis te sê, as Kaptein mag."

„As ek mag! Verbrands kêrel, wat bedoel jy? As ek mag! Ek gee julle nou al verlof."

Die tommies gooi hul pette in die lug en begin sing: „For he's a jolly good fellow." Kaptein Little besluit dat hy self verlof sal vra daarvoor by kolonel Lance, maar hulle hoef dit nie te weet nie, hulle moet dink dis 'n guns wat hy hulle toegestaan het. Hy maak hulle eers weer stil en sê dan: „Ek sal persoonlik daarna kyk dat julle vanaand iets te drinke kry, en die manne wat gisteraand saam met my was, nog 'n ekstra sopie."

Kolonel Lance is nie alleen toe hy daar kom nie. Daar het juis 'n rapportryer van generaal Maurice aangekom en die is nou by die Kolonel. Kaptein Little salueer.

„A, Kaptein, jy is net die man wat ek wou sien. Hierdie rapportryer kom van generaal Maurice af. Hy wil hê dat jy die gevangene môrevroeg onder 'n sterk wag na hom moet neem. Ek kan raai wat hy wil doen. As julle hierdie Boereverkenner kan oorhaal . . . wel, ons sal hom kan gebruik. Hy weet seker baie van die Boere af."

„Wie? Die Ruiter in die Nag! Dan ken generaal Maurice hom nog nie. Hy sal nie een van hul geheime verraai nie!"

„Dis nie vir ons om te besluit nie. Dis generaal Maurice se bevel, Kaptein. Jy moet môre teen dagbreek hier vertrek."

„Seker, Kolonel."

„Jy moet 'n sterk wag saam met jou neem. Ek wil nie die verantwoordelikheid dra as hy miskien ontsnap nie."

„Hy sal nie ontsnap nie, Kolonel," sê kaptein Little en salueer weer.

„Net 'n oomblikkie, Kaptein. Is jy seker daar is nie 'n kans dat hy vannag kan ontsnap nie?"

„Nee, Kolonel. Ek het persoonlik daarvoor gesorg. Hy is in my tent met twee wagte dag en nag voor die tent, behalwe nog die wagte van die kamp wat ons, soos u gesê het, verdubbel het. Nee, hy kan nie ontsnap nie, Kolonel."

„En sy perd, Kaptein? Jy weet dat jy natuurlik promosie gaan kry om die stukkie knap werk. Ek dink dis daaroor wat generaal Maurice jou so graag wil sien. Miskien neem hy jou nog op sy staf . . . Hierdie kans, Kaptein, moet jy nie weggooi nie. Hy mag nie ontsnap nie."

„Hy sal nie ontsnap nie, Kolonel."

„Jy ken natuurlik sy reputasie as verkenner en weet dat hy onverskrokke is."

„Kolonel, met u verlof: ek glo nie dat hy so onverskrokke is as wat hulle wil voorgee nie. Hy het nie eens probeer ontvlug toe ons hom omsingel het nie."

„'n Versigtige krygsman leef langer, Kaptein, maar is nie noodwendig 'n lafaard nie. Maar wat het julle met sy perd aangevang? Hulle sê my dis so 'n edele dier."

„Kolonel, hierdie verkenner het verlede maand my perd onder my doodgeskiet en ek reken syne behoort nou aan my. Dis natuurlik met u verlof."

„Seker, seker, Kaptein. Ek waarsku jou maar net in jou eie belang. As hy mag ontsnap, sou dit jammer wees, baie jammer, Kaptein. Nou, dan vertrek jy môre. Goed. Tot siens, Kaptein."

Buite die tent begin kaptein Little ook onrustig word.

Sê nou die verkenner, wat hy nou al maande lank probeer vang, ontsnap werklik? Bog! So kinderagtig kan hy darem nie redeneer nie. Hoe sal hy hier ontsnap uit hul kamp waar dit krioel van die vyand, 'n sterk wag by die tent, wagte in die dorp, by die ingang en uitgang van elke straat, behalwe nog die wagte om die kamp en buite die dorp! Dis darem onmoontlik! En dan het die Ruiter in die Nag ook nie eens sy perd nie. Nee, hy sal nie ontsnap nie. Maar hy, kaptein Little, sal darem self na alles kyk en vier wagte voor die tent sit in plaas van twee.

By die tent praat hy 'n rukkie met die wagte, maak hulle ook die belofte van 'n ekstra sopie elk en gaan dan binne.

„A, kaptein Gereke—ja, ek verneem jy is bevorder tot die rang van kaptein—ek is baie spyt dat ons so versigtig met jou moet werk, maar jy is baie werd vir my. Moenie probeer ontsnap nie, want ek wil jou graag môre lewendig by generaal Maurice aflewer. As jy probeer ontsnap, kan ek niks waarborg nie daar almal bevele ontvang het om te skiet sonder om te aarsel. Is alles darem gerieflik hier? Dis my eie tent, soos jy seker al gesien het. Ek is jammer ons kon jou nie die kolonel se tent gegee het nie, maar hy is nog al puntenerig. Ek is jammer dat ek jou nie vanaand ook met my geselskap kan opbeur nie, maar ek het so baie sosiale verpligtinge . . ."

„'n Dansparty, Kaptein?"

„Presies! Jy het 'n wonderlike waarnemingsvermoë, kaptein Gereke. Ek sal darem in die nabyheid wees in geval jy my nodig kry."

„En wat het van my perd geword, Kaptein?" vra Sarel baie ongeërg.

„Hy is by die offisiere se perde. O ja, jy weet seker

nog nie dat hy nou my perd is nie. Die Engelse baasverkenner moet 'n goeie ryperd hê."

„A," sê Sarel haastig. Weer verstaan kaptein Little hom verkeerd, menende dat dit 'n wanhoopsuitroep is, terwyl Sarel baie bly is oor die inligting wat hy nooit gedroom het om in die hande te kry nie.

„As jy miskien na die dansparty toe wil kom, Kaptein, dan staan dit jou vry. Tot siens, Kaptein."

Sarel is magteloos van woede toe kaptein Little wegstap, maar besef dadelik dat die vyand hom met 'n bepaalde doel probeer kwaad kry en juis daarom moet dit hulle nie geluk nie. Ja, dink Sarel, dit is kaptein Little se tent en 'n baie stewige een, maar as kaptein Little nou kon droom wat daar by Sarel omgaan . . . Nou weet hy ook wie die Engelse verkenner is wat hulle so lastig val.

Hy is bly dat hy in kaptein Little se tent is, want dit pas juis aan by sy plan. Lank kyk hy op één plek in die tent . . . Dis nou seker sesuur, en om agtuur word die wagte omgeruil, sodat tienuur, as die dansparty in volle gang is . . . Maar dan moet hy sy plan nou goed uitwerk.

* * * * *

Juis op hierdie oomblik is 'n korps onder Jan van Renen besig om hulle in gereedheid te bring om net soos die donkerte toeslaan na Spuitfontein te vertrek. Willemien het vanmôre voor dagbreek daar aangekom met die tyding dat Sarel seker in 'n hinderlaag gelok is. Kommandant Verster se raad aan haar was om die dag daar by die kommando te bly, aangesien luitenant Drew seker net die een nag wagte sou uitsit by al die plase om seker te maak dat hy Sarel sal vang. Hierin was hy reg, want die wagte het die volgende môre vroeg

vertrek na Stilhoek. Sarel het makliker in die hinderlaag ingestap as wat hulle ooit verwag het. Vannag sal sy weer na Geelslang vertrek met 'n klein patrollie Boere kort agter haar om seker te maak dat sy veilig tuis kom.

Skemerdonker vertrek Jan van Renen met Sarel se verkennerskorps. Hulle is twintig man sterk en nog nooit was daar twintig meer vasberade manne as hulle nie. Hulle gaan nie terugkom sonder Sarel nie, wat deur sy onverskrokkenheid reeds almal se harte gewen het. Hulle gaan Sarel terugbring al moet hulle al die Engelse uit Spuitfontein verdrywe of selfs generaal Maurice op Kraankraal gaan aanval. Jan van Renen twyfel nie aan hul sukses nie en wens net hy kon Sarel waarsku dat hulle aan kom is. Hulle is 'n sterk patrollie en ry dus vinnig sonder nog die moeite te doen om verkenners vooruit te stuur. Omstreeks halftien gaan hulle die berg oor by Die Rug. Anderkant onder die berg rus hulle eers, en hierna gee Jan sy planne te kenne. Hy en een van die manskappe sal aanry na Spuitfontein, iewers by die wagte verbykom, die Engelse kamp goed verken en dan sal hulle die ander weer twee myl duskant Spuitfontein ontmoet. Willem de Villiers sal as tweede luitenant met die agtien man hier eers 'n uur vertoef dan aanry sodat hulle mekaar omstreeks middernag twee myl buitekant Spuitfontein sal ontmoet.

So ry Jan en een van sy manskappe vooruit . . .

* * * * *

Sarel skat volgens die luidrugtigheid van die dansers dat dit ten minste al tienuur moet wees. Langer durf hy nie wag nie. Net stil, baie stil moet hy te werk gaan en hy sal hulle vanaand nog uitoorlê.

Die wagte is verdubbel. Hulle het geloot wie die

ongelukkige agt sal wees wat voornag wag moet staan en dus nie aan die feestelikhede sal kan deelneem nie. Dis vier mismoedige tommies wat die lang wag van agt- tot twaalfuur begin. Hul instruksies is baie eenvoudig. Twee moet gedurig voor die ingang van die tent wag hou, die ander twee moet met reëlmatige tussenposes om die tent stap om te sien of alles nog pluis is. Dit word nege-uur en halftien en nog het hulle hul beloofde tweede sopie nie gekry nie. Kaptein Little is anders nie een wat 'n arme drommel so maklik vergeet nie. Met 'n verwensing stap een van die wagte teen die ander vas en skel hom uit vir 'n lompe drommel. Dis ook so onhebbelik donker hier met die ligte daar in die verte. Hulle hoor Sarel hier binne-in die tent nou en dan omdraai in sy slaap. Die arme drommel sal hom ook wat verbeel dat hulle vier wagte moet uitsit. Slaap! dis al wat hy kan doen. Dit het hy nog die hele dag gedoen. Soe, dit gaan vier lang ure wees! As kaptein Little tog maar nie die sopie vergeet nie . . .

Jack Cull wou net weer 'n knoop gee met die vermoede dat dit sy maat is waar hy teen vasloop, toe hy sy hakke teen mekaar klap en salueer.

„Is die prisonier nog veilig, Jack?" vra kaptein Little en hy wys na die tent. „Ek is half onrustig en daarom kom ek weer kyk."

„O, hy slaap al van vroeg aand af, Kaptein."

„Nou ja, moenie verslap nie en laat niemand in die tent in nie."

„Goed, Kaptein."

„Goeienag, Jack."

„Nag, Kaptein," en toe kaptein Little wegstap sonder om 'n woord verder te sê, verlaat Jack Cull se geloof hom. „Kaptein . . . Kaptein het van 'n ekstra sopie gepraat . . ."

„Ek sal dit nou stuur, Jack," en kaptein Little lag binnensmonds wyl hy haastig die nag instap.

„Kaptein Little is anders as kolonel Lance en die ander," sê Jack aan sy maat toe hulle kaptein Little se voetstappe nie meer kon hoor nie. „Hy moes vreeslik stil hiernatoe gekom het."

„Dis verdeksels donker hier. Die maan kan nou gerus opkom. Ek hoop hy vergeet net nie ons sopie nie."

„Hoe lyk dit my jy is bang, Tom?"

„Weet jy wie is hier in die tent?"

„Een of ander Boer."

„Die Ruiter in die Nag."

„Ba! Dis maar net dieselfde."

Die ander twee wagte maak maar weer hul rondte om die tent, maar merk gaan onraad nie en kom luister dan weer na die twee se aanhoudende stryery.

Kaptein Little vind die aand baie genoeglik. Net jammer dat party van die meisies so onhandig dans. Weer dink hy vir die soveelste keer aan Sarel en wens werklik dat hy hom al aan generaal Maurice besorg het. Skielik word hy onrustig en kan sy aandag glad nie bepaal by wat sy dansmaat gesels nie. Verbrands! Net soos die musiek nou ophou, sal hy na die tent gaan en 'n end maak aan die onsekerheid.

Hy kry die twee wagte voor die tent aan argumenteer. Sodra hulle hom gewaar, staan hulle op aandag. Wat sou kaptein Little so gou weer hier kom maak? Of bring hy miskien self hul sopie?

„Jack, dis ten strengste verbode dat julle op wag gesels. Waar is die ander twee?"

„Hulle is net om die tent, Kaptein."

„En die prisonier?"

„Hy slaap nog maar soos netnou, Kaptein."

„Netnou?" vra kaptein Little verbaas.
„Ja, toe u laas hier was, Kaptein."
„Maar . . . ek was nooit hier nie, Jack!"
„Kaptein het dan nog met ons gesels!"
Nou weet Kaptein Little wat gebeur het, en waarom hy al heel aand so onrustig was. Sy uniform wat nog in die tent agtergebly het! Hy stamp die verbouereerde wagte uit sy pad en gaan die tent haastig binne. Ja, Sarel is skoonveld. Woedend spring hy na buite.
„Die Ruiter in die Nag het onder jul oë weggestap."
„Kaptein!" is al wat die verbaasde wagte kan sê.
„Wanneer het julle met hom gesels?"
„Omtrent 'n halfuur gelede, Kaptein."
„'n Halfuur? Dan kan ons hom nog vang. Sê aan niemand iets nie. Ek neem alles op my. Hy kan nooit by die wagte verbykom nie, hulle sal hom vang. Ek gaan self die wagte waarsku. Bly julle hier by die tent."
Kaptein Little hardloop na die kamp waar hul perde is. In 'n kits het hy Vonk opgesaal, maar toe hy deur die verlate strate ry, het hy 'n nare voorgevoel dat Sarel ontsnap het.

Hoofstuk XVI

Nadat Sarel van die wagte af weg is, in kaptein Little se uniform, het hy besef dat hy nou versigtig te werk moet gaan, aangesien iemand hom van naby mag sien en dan agterkom dat hy 'n vreemdeling is. Loop hy in een van die tommies vas, sou dié hom seker aansien vir een van hul offisiere. Nee, hy sal versigtig deur die kamp gaan en as hy eers deur die wagte is, sal Swartfonteinberge hom skuiling gee al was dit ook

vir dae lank, maar voor die tyd sal kommandant Verster al onraad gemerk het. Loop hy dan in 'n wag vas, sal hy hom òf oorrompel òf voordoen as 'n offisier, maar hy gaan nie moeilikheid soek nie. Sy eerste gedagte was aan Vonk, maar toe hy die posisie 'n bietjie verken het, vind hy uit dat daar drie wagte by 'n vuur is. Nee, dit kan hy nie waag nie. Hy is deur die kamp wat vry stil was, vas teen die tente langs en by kolonel Lance se tent het hy ongemerk agter 'n wag verbygeglip. Met 'n systraatjie is hy verder, by die agterplaas van die laaste huis in om van daar die posisie te verken. Hier voor hom merk hy die twee wagte. Van die hoeke van die straat loop hulle na mekaar, kruis in die middel en wag dan so vir 'n paar minute op die hoek. Hy besluit om deur die heining van die agterplaas te kruip net so gou as die twee wagte na mekaar stap en dan met 'n ompad deur die veld te hou na Swartfonteinberg se kant. Eindelik is hy veilig by die twee wagte deur. Nou is elke tree onveilig, want hy weet nie waar die buitewagte is nie en selfs hulle sal nie glo dat 'n Engelse offisier hierdie tyd van die nag so ver van die kamp af sal gaan nie. Nee, hulle mag hom nie vang nie.

Hy haal net mooi die doringbome aan die westekant van Spuitfontein toe die maan sy kop uitsteek en hy weet dat sy kanse van wegkom nou baie minder is . . .

* * * * *

Jan van Renen en sy maat, Gert Lötter, het kortpad deur die veld geneem en het 'n uur nadat hulle van die ander af weg is twee myl van Spuitfontein stilgehou. Jan besluit om Gert hier te laat en alleen verder te gaan. Kom hy nie weer terug nie, moes Gert die ander waarsku dat hy in die Engelse se hande geval het en dan moes hulle maar 'n aanval probeer. Stadig

ry hy nader. By die doringboomlaagte haak hy sy perd vas en verken die omtrek. Hy sien aan die bleekheid in die ooste dat die maan haas moet opkom. Hy sal maar nog 'n bietjie wag aangesien hy dan beter die ligging van die kamp kan agterkom. Daar sal wagte om die dorpie wees en in hulle wil hy nie vasloop nie. Plat op die grond lê hy toe die maan agter die rantjies uitklim. Die omgewing neem hy in 'n oomblik waar en hou toe sy asem in vir wat hy hier geen vyftig tree voor hom sien nie. Dis 'n goeie ding dat hy nie verder gery het nie anders het hy reg op hulle afgekom. Daar, 'n vyftig tree voor hom, staan twee tommies op wag en 'n twintig tree verder aan kom iemand behoedsaam nader en reg op die wagte af. Maar die derde een is ook 'n kakie, of sou hy hom misgis? Onwillekeurig uiter Jan die een woord „Sarel". Dit kon die houding van die naderende kakie wees wat hom eerste op die gedagte gebring het, maar nou weet hy dis Sarel, hoe onmoont. lik dit ook al lyk. Dadelik weet Jan dat hy hier weggesteek moet wag, daar Sarel nog 'n kans het om meeen of ander verskoning by die wagte verby te komt Hy hou sy asem op, want dit lyk of Sarel die twee nie sien nie; gedurig kyk hy terug na Spuitfontein.

Hier waar Jan lê, kan hy duidelik die één woord: „Halt!" hoor. Hy sien Sarel vassteek geen tien tree van die wagte af nie.

„Die Ruiter in die Nag en glad in kakieklere!" roep een van die wagte uit.

Dis nou Jan se kans. Soos blits spring hy op en hardloop so sag moontlik van boom tot boom nader. Die wagte is so besig om Sarel deur te voel vir moontlike wapens, dat hulle Jan nie hier agter hulle hoor nie Maar Sarel het hom gewaar, hoewel sy gesig nie die minste teken daarvan toon nie.

Agter 'n doringboom, met 'n ruigte om die stam, vat Jan pos en sê gebiedend: „Hensop! En hou jul hande in die lug." Toe die wagte hul gewere los, gryp Sarel altwee haastig en hardloop na Jan van Renen toe.

„Jan, ons moet die twee wagte saam met ons neem. Ons kan nie anders nie. Hulle sal die alarm later gee en dit mag nie gebeur nie. Ek kom vannag nog terug vir Vonk. Bring jy hulle asseblief. Is jy alleen, Jan?"

„Nee, Willem en die ander verkenners van jou korps sal netnou hier wees. Ons kan netnou gesels, ek wil die twee wagte eers aankeer."

Die twee wagte gee geen moeilikheid nie. Sou hulle miskien te versigtig wees vir Sarel wat hulle nou al ken as die Ruiter in die Nag? Die een wat die uitroep gemaak het, is dan ook een van die soldate wat verlede nag saam met luitenant Drew was. Dis vir hom net 'n raaisel hoe Sarel hier buitekant die kamp rondloop met kakieklere aan en boonop nogal 'n offisiersuniform.

Sarel en Jan is terug met die wagte tot by Gert Lötter, en na 'n kwartier te wag daag Willem en die ander op. Hulle is meer as verbaas om Sarel by Jan en Gert te sien, maar Sarel sê dat daar nou geen tyd vir verduideliking is nie, en dat hulle dadelik na die Engelse kamp moet gaan. Al is die hele afdeling nou agter hom aan, gaan Sarel terug om eers vir Vonk te haal.

„Maar ons kan dit nie waag nie, Sarel. Kommandant Verster het ons gesê om nie onnodig menselewens te waag nie. Ons moes jou terugbring en sou dit ook gedoen het al het dit ons wat gekos, maar nou is jy mos veilig. Die Engelse sal nie waag om uit hul kamp te gaan nie. Moenie jou lewe weer gaan waag nie, Sarel."

„Ek gaan weer terug na die kamp. Ek weet nou waar

hulle die perde hou. Gert, kan ek jou perd kry? Dankie."

Sonder meer te sê, stap Sarel na Gert Lötter se perd, klim op en ry terug na die kamp. Jan maak nou haastig planne.

„Willem, Sarel sal nooit sonder Vonk gaan nie. Gert, bly jy en Karel hier agter om die wagte op te pas totdat ons terugkom. Moet onder geen omstandighede terug waag na die Engelse kamp nie al bly ons ook hoe lank weg. Hou hierdie twee tommies. Miskien kan ons hulle as losprys gebruik as die Engelse Sarel nou weer vang. Burgers, ek weet nie wie almal dit wil waag om saam met my agter Sarel aan te gaan nie. Julle staan onder geen verpligting nie. Die wat wil, kom," en met die woorde spring Jan in die saal. Tot sy verbasing klim almal op hul perde behalwe Gert en Karel wat die wagte moet oppas.

„Ek is bly," is al wat Jan sê en toe ja hulle baie onverskillig reg op die Engelse kamp in Spuitfontein af.

Sarel hou stil in die lap doringbome waar die wagte hom gesien het om sy planne mooi waterpas te kry. Hy wou net ry toe hy die ander hoor kom. Dit ontroer hom baie daar hy weet sy manskappe is dapper, maar nooit het hy gedroom dat hulle ook so lojaal teenoor hom sou wees nie. Net 'n oomblik dink hy aan Willemien. Die ander hou nou hier langs hom stil en kyk ook in die rigting van die Engelse kamp, wat omtrent 'n myl en 'n half hier voor hulle lê.

„Julle het vannag nie nodig gehad om jul lewe roekeloos te waag nie. Ek sal dit nooit vergeet nie," meer kon Sarel op die oomblik nie uitkry nie. 'n Oomblik is hy stil en sê dan onverskillig: „Daar is vanaand 'n dans. Ek verwag dat dit nou sal opbreek. Miskien weet hulle nog nie dat die tent leeg is nie. Ons gaan

versigtig nader ry. As hulle ons bemerk, moet ons maar hard ja tot by die perdekamp. Ek sal Vonk gou kry. As een van julle hom eerste sien, sny dan sy riem los en ja uit. Ons moet net bymekaar hou, en niemand van julle mag van die ander afraak nie. Die eerste wagte wat ons sal kry, sal dié wees by die voorstraat . . ."

Soos Sarel nou daar voor sy burgers uitry, sou niemand ooit kon dink dat hulle 'n fout gemaak het om hom tot kaptein te bevorder nie. Almal het hy besiel met sy durf en onverskrokkenheid, terwyl hy nooit onmenslik met vriend of vyand sou kon handel nie. Elke burger het vanaand net één gedagte in sy kop en dit is om Sarel weer veilig buite die Engelse kamp te kry. Nie een sê 'n woord nie en nader, al nader, ry hulle na die dorpie wat hier voor hulle verskyn.

Hulle is verbaas dat daar geen wag by die voorstraat is nie. Kaptein Little het die hulp van al die wagte ingeroep om die buurte goed te deursnuffel, want te voet meen hy sal Sarel tog nie te ver kan kom nie.

Ongehinderd ry hulle aan na die perdekamp. Net tien burgers klim af en Willem de Villiers knip die draad van die kamp, daar hulle nie nog tyd het om die hek te soek nie. Hier wag weer 'n verrassing vir hulle. Daar is geen wagte by die perde meer nie, hoewel Sarel vroeër in die aand 'n hele paar hier gesien het. Kaptein Little sal bepaald vannag tot verantwoording geroep word, want selfs nou het hy nog niks aan kolonel Lance gesê nie. Dis seker al een-uur en die rumoer by die saal duur nog voort. Vir Sarel wag hier egter 'n teleurstelling. Vonk is nêrens te kry nie. Jan meen dat hy maar een van die beste perde vir hom moet uitsoek en daarmee tevrede wees. Toe begin die opgewondenheid by Sarel, daardie waaghalsigheid wat hom in oomblikke van gevaar voordoen. Nou is hy weer die vegsman wat kan

lag selfs onder doodsgevaar. „Kom!" skree hy sy burgers toe, spring op Gert se ryperd en jaag reg op die saal af. 'n Twintigtal tommies, wat terugkom kamp toe, van 'n ander deel van die dorp, spring haastig uit sy pad in die vermoede dat dit 'n rapportryer is op pad na generaal Maurice.

Willem de Villiers spring op sy perd: „Sarel is seker van sy kop af. Kyk waarheen gaan hy nou. Ons moet gou maak. Jaag hierdie tommies voor julle plat!" skreeu hy toe hy agternajaag.

Die tommies merk nou onraad, maar nie een het 'n geweer by hom nie. Toe die ander by Sarel kom, is hy al voor die saal, los 'n paar skote en daar trek hy weer. Kolonel Lance is een van die eerstes wat na buite kom en hy en 'n paar van sy offisiere skiet hul rewolwers af. Dis juis wat Sarel wou hê, want waar kaptein Little ook mag wees, die skote sal hom terugbring na die kamp. Sarel onthou dat hy vanmiddag gesê het Vonk is nou syne.

Daar heers groot verwarring in die kamp. Kolonel Lance en sy offisiere kan hul manskappe nie bymekaar kry nie; meeste van hulle het uit die saal in die naburige huise gevlug, terwyl baie van hulle nog in die saal is, menende dat dit 'n hele Boeremag is wat Spuitfontein ingetrek het.

Sarel het weer reg geprakseer. Met 'n systraat langs kom kaptein Little en 'n vyftiental wagte, wat hy oral bymekaar gemaak het, aangeja, skiet van véraf ook al op die Boere. Hy het Sarel onderskat maar geeneen van die Boere betwyfel sy moed nie. Vonk hardloop skoon onder die ander perde uit. Die klompie Boere-verkenners skiet nou en bereik hul doel, want meeste wagte vlug die huise in. Net 'n stuk of ses ry moedig agter kaptein Little aan en reg in die Boere in.

„Daar is Vonk!" is al wat Sarel bo die lawaai uitskree en hy jaag aan soos 'n besetene reg op kaptein Little af. Vriend en vyand is nou so deurmekaar dat daar van skiet nie sprake is nie. Maar Sarel is nie een wat iets waag as hy nie sy planne vooraf agtermekaar het nie. Hy wil Vonk eintlik hê, maar nou kom daar 'n ander gedagte by hom op. Hy onthou dat kommandant Verster aan hom eendag gesê het: „Sarel, vang daardie Engelse verkenner agter Swartfonteinberge en bring hom na my toe." Wel, hier het hy nou sy kans. Skaars is hy en die ander by kaptein Little of hy kry dit reg om in die verwarring die teuels af te sny, gee toe vir Vonk 'n hou oor die boud en skree: „Vonk!"

Vonk kies ook vir hom die bekendste pad en dit is na Swartfonteinberg se kant en agter hom dreun die hele korps aan. 'n Paar van die Engelse skiet nog skote agterna. Kaptein Little hou vir al wat hy werd is aan die saalboom vas. Op so 'n dolle vaart hou hulle aan totdat hulle by Gert Lötter-hulle kom. Van die brandpyn in sy bors sê Sarel niks nie. Hy wil net graag weet wat kommandant Verster gaan sê as hulle met kaptein Little daar aankom.

By Gert Lötter vang hulle Vonk terwyl Sarel aan kaptein Little sê: „A, kaptein Little, die Boertjie wen tog op die end. Ek is jammer dat ek vanaand jou uniform moes leen. Ek is jammer . . ."

Stadig gly Sarel vooroor uit die saal uit.

„Sarel! Help hom kêrels. Hy is gewond. Ek sal hom by my op die perd vat. Ons moet ry voor kol. Lance ons agtervolg. Ons kan nie wag nie. Kom," sê Jan van Renen terwyl hy Sarel op die perd help.

Hoofstuk XVII

Dis 'n maand later. In die maand het kaptein Sarel Gereke weer herstel van sy wond en sy verkenningskorps het onskatbare werk vir die Boere gedoen. Maar dis nie al nie. In hierdie maand het hy ook gehoor van Willemien se rit in die nag na die kommando om kommandant Verster aan te sê dat hy gevang is, en so het sy baie daarmee te doen dat hy uiteindelik uit die Engelse kamp kon ontvlug, want as Jan en die korps hom nie daardie nag gehelp het nie, sou hy uiteindelik weer gevang gewees het.

Ook het hy verneem van Albert se heldedaad, 'n heldedaad wat Sarel al sy vertroue in Albert weer teruggegee het. Daar op Geelslang het Willemien hom ook verpleeg soos sy Sarel vantevore verpleeg het. Die Engelse het Albert doodstil laat staan, want hulle het seker ook besef dat dit 'n verraderlike koeël was wat Albert so gewond het. Albert het Sarel ook eenmaal vertel hoe hy hom een nag wou waarsku toe hy die klip en die briefie in sy buitekamer ingegooi het. En Sarel het hom alles vergewe.

Kommandant Verster se kommando het in die maand se tyd baie meer suidwaarts getrek, sodat Sarel luitenant Drew nie weer te sien gekry het nie. Nou egter het die kommando weer noord getrek en kampeer vanaand teenaan die Droërivier en na aan Waaisand.

Kommandant Verster het Sarel laat roep juis toe hy met Albert Pretorius, wat nou ook al heeltemal gesond is, staan en gesels.

„Nou is jou kans, Albert. Ek wil hê jy moet saam met my na kommandant Verster gaan."

„Ek wonder, Sarel."

„Jy moet, Albert."

„Miskien het hy nog nie vergeet hoe gemeen ek was nie."

„Jy het alles uitgewis, Albert. Kom saam, man."

Hulle is weg na kommandant Verster, maar dis net Sarel wat ingaan.

„Naand, Kommandant."

„Naand, kaptein Gereke."

„Kommandant het my laat roep?"

„Ja, Sarel. Ek het opdrag gekry dat jy en jou korps onmiddellik na generaal Schalk Muller moet vertrek. Julle sal môre moet gaan."

„Na generaal Muller! Ek is bly, Kommandant. Ek het lekker hier saam met Kommandant gewerk, maar ek bedoel ek wou altyd graag weer vir generaal Muller sien."

„Nou ja, jy het nou jou wens. Ek weet nie wat tussen julle plaasgevind het nie, maar hy sê hy kan sonder jou nou op die oomblik nie klaarkom nie. Al wat ek sê, is dat hy nou 'n goeie verkenner van my afrokkel."

„En my korps, Kommandant?"

„Die moet ook saamgaan."

„Het Kommandant al iets gehoor van . . . Hendrik Boom?"

„Het ek jou nog nie gesê nie, Sarel? Hulle het hom vanmiddag op die pad na Stilhoek gevang."

„En nou, Kommandant?"

„Ek wil hê jy moet hom saamneem na generaal Muller. Dit sal seker die doodstraf beteken, maar ons kan ook nie anders maak nie."

„Gee hom nog 'n kans, Kommandant. Wie weet . . ."

„Generaal Muller sal hieroor moet besluit. Ek sal hom net al die besonderhede stuur."

„Met 'n versoek om genade, Kommandant?"

„As dit jou wens is, Sarel."

„Kommandant, en dan het ek nog 'n ander versoek. Hier is iemand wat by my korps wil aansluit. Wag, ek sal hom inroep, Kommandant."

Sarel gaan na buite en sê Albert om ook in te kom. Toe hy ook binne is, vat kommandant Verster sy hand en sê: „Albert, ou seun, ek is bly oor jou besluit. Ek ken jou pa goed en oom Klaas se hart is seker vanaand bly. Ek het gehoor hoe jy gewond geraak het en dis genoeg vir my. En jy wil by Sarel se korps aansluit?"

„Ja, Kommandant."

„Ek is bly. Onthou net die swaar wat jy deurgemaak het en dan sal jy nie weer verslap nie."

„Kommandant, Sarel se voorbeeld het weer 'n man van my gemaak. Ek is baie aan hom verskuldig."

„Nou ja," sê Kommandant Verster, „jy moet môre na my toe kom vir jou rapporte en dan kan jy dadelik vertrek. Julle moet nou maar gaan rus."

„Kommandant . . . ?"

„Ja, Sarel?"

„Geelslang is nie ver nie en dis nog vroeg . . . "

„Toe maar, Sarel. Vat net 'n paar man saam met jou, want generaal Muller sal seker nie wil hê dat jy nou in die Engelse se hande moet val nie."

„Goed, Kommandant."

Sarel, Jan van Renen en vier ander is toe dadelik weg, Geelslang toe. Albert wou liewers bly en Sarel kon verstaan dat hy Willemien nou nie eens wil sien nie, hoewel hulle nog net sulke vriende is soos vroeër. Op pad soheentoe dink Sarel hoe baie Albert verander het. Dis of daardie koeël al sy bangheid uit hom geneem het en nooit weer sal hy ontrou aan sy volk kan wees nie. Hy dink ook aan kaptein Little, wat begelei van 'n sterk wag na generaal Muller gestuur is . . .

Op Geelslang se werf sê Sarel aan die vier man om

buite vir hom en Jan te wag, aangesien hulle nie hier gevang mag word nie. Jan is toe na sy ouers in hulle slaapkamer terwyl Sarel vir Willemien in die voorkamer wag.

„Sarel!"

„Willemien! Ek het net vir 'n paar minute oorgekom. Jan is by oom Lodewyk in die kamer. Ons moet môre na die Vrystaatse grens vertrek. Na generaal Muller. 'n Mens weet nie wanneer jy weer mekaar sal sien nie."

„En Albert?"

„Hy gaan saam met ons."

„O, ek is so bly, Sarel! Ons weet seker nie wat hy deurgemaak het nie."

„Ek dink hy het jou nog lief, Willemien."

„Albert het baie verander, maar ek sal hom seker nie weer kan liefkry nie, Sarel. Daar het iets binne in my gebreek toe ek uitvind . . . "

„Ek verstaan, Willemien. Willemien . . . as die oorlog eendag verby is . . . ek bedoel sê nou maar . . . ek kom terug . . . dis te sê as ek nie al geskiet is nie. Jy verstaan mos, nè?"

„Sarel, waarom het jy die eerste dag daar in die tuin nie al uitgepraat nie?"

„Ek . . . ek weet nie, Willemien. Sou dit dan verskil gemaak het? Willemien, ek kan makliker veg as praat, maar ek het jou lief en as jy . . . "

„En ek het die Sarel lief wat ook die Ruiter in die Nag kan wees. Maar om Albert se ontwil sal ons eers wag . . . "

„As dit eendag vrede is . . . "

„Dan sal ek vir jou wag, Sarel. Daar is nog baie werk vir jou om te doen."

„Ek dink vanaand aan Albert, Willemien. Dis jou liefde wat hom verander het."

„Miskien moes dit dan so gekom het . . . Onthou jy nog hoe jy altyd my hare getrek het in ou meester Van Dam se skool?"

„Ek sal weer 'n kans kry, Willemien—ná die oorlog."

Sarel word nou haastig. Daar lê môre 'n lang skof vir hom voor. Hy roep die ander vier man en vir Jan, klim toe op Vonk, waai 'n groet vir laas vir Willemien en sê vir haar toe hy afbuk om haar hand te vat: „Ná die oorlog, Willemien." Toe vertrek hulle op 'n ja-galop en dis vir Willemien of die perdepote ook die woorde sê: ná die oorlog, ná die oorlog!

By die los koppie, onderkant Geelslang se woonhuis, swaai Sarel Vonk regs, ja teen die koppie uit en sit so roerloos vir 'n rukkie. 'n Verkenner van die Engelse is juis in die pad onderkant die koppie op weg na Stilhoek. Hy kap sy spore in sy perd se lyf, slaan woes linksom en regsom terwyl hy binnensmonds prewel: „Die Ruiter in die Nag!"

Gedruk deur Nasionale Handelsdrukkery, Beperk — Elsiesrivier
A—55